

JUNIOR- EN SENIOR PRIMÊRE DAMESONDERWYSSTUDENTE - 'n

VERGELYKENDE PSIGOMETRIESE ONDERSOEK

SANDRA SONÉT JOHANNA DE WET

Verhandeling goedgekeur ter nakoming van die vereistes vir die  
graad Magister Artium in Psigologie in die Fakulteit Lettere en  
Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike  
Hoër Onderwys.

Leier: Mev. E. van Rensburg

POTCHEFSTROOM

MEI 1989

DANKBETUIGINGS

\*\*\*\*\*

\* Alle eer aan Hom wat my in staat gestel het om hierdie studie aan te pak en te voltooi.

My opregte dank aan:

\* Mev. E. van Rensburg vir haar belangstelling, aanmoediging en bekwame leiding.

\* Mev. A. Neethling van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO vir die verwerking van die data.

\* Prof. H. Steyn van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO vir sy waardevolle hulp.

\* Die Onderwyskollege Potchefstroom vir die beskikbaarstelling van empiriese gegewens.

\* Mev. E.G. van der Merwe vir die taalkundige versorging.

\* My gesin, Willem, Jaco en Luan vir hul verdraagsaamheid, aanmoediging, begrip en geduld.

S.S.J. de Wet

1989

Opgedra aan Jaco en Luan

INHOUDSOPGAWE

~~~~~

HOOFSTUK 1

~~~~~

INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN HIPOTESE

~~~~~

|       |                          |   |
|-------|--------------------------|---|
| 1.1   | Inleiding                | 1 |
| 1.2   | Probleemstelling         | 2 |
| 1.3   | Doelstellings            | 6 |
| 1.3.1 | Algemene doelstellings   | 6 |
| 1.3.2 | Spesifieke doelstellings | 6 |
| 1.4   | Hipotese                 | 8 |

HOOFSTUK 2

~~~~~

SELEKSIE, KEURING EN OPLEIDING VAN ONDERWYSKANDIDATE VIR

~~~~~

PRIMÊRE ONDERWYS

~~~~~

2.1	Begripsomskrywing	9
2.1.1	Seleksie	9
2.1.2	Keuring	10
2.1.3	Primêre onderwys	10
2.2	Toelatingsvereistes vir primêre onderwysstuden-	
	dente	11
2.2.1	Akademiese vereistes	11
2.2.2	Psigologiese vereistes	12
2.2.3	Fisieke vereistes	15
2.2.4	Christelik-nasionale vereistes	16
2.3	Keuring van onderwyskandidate vir primêre on-	
	derwys	17

2.4	Seleksie van kandidate vir primêre onderwys ...	18
2.5	Opleiding vir primêre onderwys .....	24
2.6	Primêre onderwys .....	30
2.7	Samevatting .....	31

HOOFSTUK 3  
~ ~ ~ ~ ~

DIE ONDERWYSER  
~ ~ ~ ~ ~

3.1	Die rol van die onderwyser .....	33
3.2	Die suksesvolle onderwyser .....	36
3.3	Samevatting .....	42
3.4	Angstoestande by die onderwyser .....	44
3.5	Samevatting .....	51

HOOFSTUK 4  
~ ~ ~ ~ ~

DIE KIND IN DIE PRIMÊRE SKOOL  
~ ~ ~ ~ ~

4.1	Junior primêre fase .....	54
4.1.1	Die skoolbeginner .....	54
4.1.2	Die tweede skooljaar .....	59
4.1.3	Die derde skooljaar .....	60
4.2	Oorsig .....	62
4.3	Senior primêre fase .....	64
4.4	Oorsig .....	69

HOOFSTUK 5  
~ ~ ~ ~ ~

DOEL EN METODE VAN ONDERSOEK  
~ ~ ~ ~ ~

5.1	Doel .....	71
5.2	Metode van ondersoek .....	72
5.2.1	Inleiding .....	72
5.2.2	Die proefpersone .....	72
5.3	Die meetinstrumente .....	74
5.3.1	Die 19-veldbelangstellingsvraelys .....	74
5.3.1.1	Doel met die vraelys .....	74
5.3.1.2	Die belangstellingsvelde .....	74
5.3.1.3	Normskaal .....	78
5.3.1.4	Standaardisering .....	78
5.3.1.5	Betroubaarheid .....	78
5.3.1.6	Geldigheid .....	79
5.3.2	Die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudingsvraelys (PHSF) .....	79
5.3.2.1	Standaardisering .....	79
5.3.2.2	Doel met die vraelys .....	79
5.3.2.3	Beskrywing van komponente .....	79
5.3.2.4	Normskaal .....	82
5.3.2.5	Betroubaarheid .....	82
5.3.2.6	Geldigheid .....	82
5.3.3	Die opname van studiegewoontes en -houdings (OSGH) .....	83
5.3.3.1	Doel en rasionaal .....	83
5.3.3.2	Beskrywing van die OSGH-skale .....	83
5.3.3.3	Norme .....	84
5.3.3.4	Standaardisering .....	85

5.3.3.5	Betroubaarheid en geldigheid .....	85
5.3.4	Die 16-persoonlikheidsfaktorvraelys (16-PF) ..	86
5.3.4.1	Doel van die vraelys .....	86
5.3.4.2	Norme .....	86
5.3.4.3	Interpretasie van die norme .....	86
5.3.4.4	Betroubaarheid .....	90
5.3.4.5	Geldigheid .....	91
5.3.5	Die senior aanlegtoetse (SAT) .....	91
5.3.5.1	Doel en rasionaal .....	91
5.3.5.2	Toetse .....	91
5.3.5.3	Standaardisering en betroubaarheid .....	94
5.3.5.4	Norme .....	94
5.3.6	Biografiese vraelys en skolasiese prestasie	95
5.3.6.1	Samestelling .....	95
5.3.6.2	Doel van vraelys .....	95
5.4	Statistiese verwerking van resultate .....	96
5.4.1	Cohen se indeks vir effekgrootte: $d$ .....	97
5.4.2	Die effekwaardes .....	98
5.4.2.1	Klein effek .....	98
5.4.2.2	Medium effek .....	99
5.4.2.3	Groot effek .....	99
5.4.3	Chi-kwadraat .....	99

## HOOFSTUK 6

~~~~~

## RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

~~~~~

6.1.1	Resultate van die senior aanlegtoetse (SAT) ..	101
-------	--	-----

6.1.2	Resultate van die 16-persoonlikheidsfaktor- vraelys (16-PF) .....	104
6.1.3	Resultate van die persoonlike, huislike, sosia- le en formele verhoudingsvraelys (PHSF) .....	109
6.1.4	Resultate van die 19-veldbelangstellingsvrae- lyys (19-VBV) .....	112
6.1.5	Resultate van die opname van studiegewoontes en -houdings (OSGH) .....	117
6.2	Resultate van die biografiese vraelys .....	119

## HOOFSTUK 7

\*\*\*\*\*

## GEVOLGTREKKINGS

\*\*\*\*\*

7.1	Inleiding .....	143
7.2	Literatuuroorsig .....	143
7.3	Aanbevelings.....	150
7.4	Slotson .....	152
	BIBLIOGRAFIE .....	153
	BYLAE A .....	165
	BYLAE B .....	171
	SUMMARY .....	185

## HOOFSTUK 1

INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN HIPOTESE

1.1. INLEIDING

Die krag en sterkte van 'n volk is nie net geleë in sy getalle, rykdom of arsenaal nie, maar meer nog in die karakters en die gehalte van lewe van sy seuns en dogters (Kotzee 1969 : 3). Grobler (1980 : 1) beweer dat die toekoms van 'n bepaalde land of nasie in 'n sekere sin bepaal word deur die aard en strekking van sy onderwysersopleiding . Hoe dit ook al sy, alle blanke kinders tussen die ouderdomme van sewe en sestien jaar in Suid-Afrika, word verplig om skool te gaan, daarom word die gehalte van die onderwys noodwendig weerspieël in die opvoedingspeil van die kind. Van Aswegen (1971:1) dui op die noodsaaklikheid van 'n effektiewe en produktiewe onderwyser in elke klaskamer vir effektiewe onderwys. Hy wys ook daarop dat sekere onderwysers meer suksesvol is in die primêre skool as in die sekondêre skool en dat sommige dames toegesê word aan laer klasse, byvoorbeeld 'n junior primêre klas, terwyl hulle dalk meer suksesvol sou wees met hoër klasse (op. cit:38). Daar bestaan dus 'n behoefte om vas te stel of die psigologiese kwaliteite en vermoëns van die junior primêre damestudent verskil van dié van die senior primêre damestudent en in hoe 'n mate dit moontlik 'n invloed kan hê op haar beroepskeuse of -rigting.

Daar moet in ag geneem word dat hierdie slegs 'n verkenningstudie is wat beperk is tot die voor-professionele faktore rondom die onderwysstudent. Toetsing is gedoen voordat werklike opleiding 'n aanvang geneem het en voordat enige moontlike beroepsvorming kon plaasgevind.

Indien toetsing in die toekoms op die proefpersone gedoen kan word na hul professionele opleiding, sal die resultate moontlik psigologies meer betekenisvol wees. Hierdie stelling kan geregverdig word deur die feit dat vorming en groei dan reeds plaasgevind het tydens en na opleiding en diegene wat nie in die onderwys wou wees nie uitgeskakel is op die een of ander wyse, hetsy deur oor te skakel na 'n ander beroepsrigting of deur middel van kansellasië tydens opleiding. Ander faktore wat ook 'n rol kan speel in persoonlikheidsvorming is ondervinding, meer permanente omstandighede, verantwoordelikhede met betrekking tot leerlinge, ouers en die skool self. Ander kwaliteite wat noodsaaklik is vir die onderwysberoep ontwikkel in ooreenstemming met ondervinding, belangstelling en aanleg.

## 1.2. PROBLEEMSTELLING

Gedurende die afgelope tien jaar het die soeklig op die onderwystoestand in Suid-Afrika verskerp in dié sin dat dit nie net meer gaan oor "hoe" opleiding moet geskied nie, maar ook oor "wie" die geskikste is om die opleiding te ondergaan (Van der Merwe, 1979:4). Al hoe meer navorsing oor en verfyning van keuringsmodelle en seleksiekriteria word gedoen.

By alle tersiêre onderwysinrigtings in Suid-Afrika word gebruik gemaak van bepaalde seleksiekriteria vir die vooraf identifisering van onderwyskandidate. Sover vasgestel kon word, is die keuring aan alle onderwyskolleges nie-psigologies van aard. Studente-ondersteunings- en -voorligtingsdienste aan onderwyskolleges was tot onlangs toe nog beperk tot voorligting rakende vakke, studierigtings, ensovoorts. Daar skyn 'n leemte te wees in die sin dat daar nie voldoende psigologiese toetsing aan onderwyskolleges gedoen word nie.

Wanneer 'n student aansoek doen om as onderwyser opgelei te word, is sy redelik seker dat sy wel die beroep wil beoefen en dat sy oor die nodige kwaliteite beskik. Die vraag of sy wel oor die nodige eienskappe en vaardighede beskik, sal egter eers beantwoord word wanneer sy self in die praktyk staan en verskillende eise aan haar gestel word uit die aard van haar beroepsrigting.

Volgens die RGN-verslag van 1985 (Verslag W.S. 31 : 8) is die akademiese sukseskoers van die onderwyskolleges baie hoog.

In dié verband is Gouws (1961 : 38) van mening dat bevredigende prestasie op intellektuele gebied 'n "nodige" voorwaarde is, maar nie "voldoende" nie, vir die ander meer verwyderde doelstellings van die akademiese opvoedingsprogram.

Baie opvoedingstake word by die huis verwaarloos en word al hoe meer aan die onderwyser(es) opgedra. In dié verband wys Van der Merwe (1979 : 5) daarop dat die opvoedingstaak en opvoedingsverantwoordelikheid meer en meer deur die onderwyser oorneem word. Gevolglik wys hy op die noodsaaklikheid van 'n bekwame en produktiewe onderwyser in elke klaskamer.

Moolman (1981 : 87) beweer dat die toekomstige ontwikkeling van die gemeenskap grootliks deur die onderwys bepaal sal word. Onderwysers behoort dus in poste aangestel te word waar hulle hul beste kan lewer. Dit gebeur soms dat 'n persoon nie oor die aanleg beskik om aan bepaalde eise te voldoen om 'n pos doeltreffend te vul nie.

Van der Merwe (1976 : 56) beklemtoon die invloed wat die persoonlikheid van die onderwyser op die kind het. Reeds in 1931 het Cattell persoonlikheid bo-aan die lys van die vyf belangrikste wesenkenmerke vir onderwysdoeltreffendheid geplaas. Moolman (1981:161) wys daarop dat Nel se navorsing met behulp van vraelyste ook persoonlikheid en wil uitgewys het as die eerste van twintig wesenkenmerke van die onderwyser. Daar word ook beweer dat belangstelling deel is van 'n mens se persoonlikheid en dat dit ook een van die basiese vereistes is vir die beoefening van enige beroep (Van Aswegen, 1970 : 7). Dit is dus belangrik dat die belangstelling in 'n beroep soos die onderwys toepaslik en konstant moet wees om daarvan 'n sukses te maak. Konstante belangstelling en persoonlikheid kan, volgens Van Aswegen (1970 : 7), deels toegeskryf word aan die relatief konstante milieustimuli.

Die vraag ontstaan nou of junior en senior primêre damestudente oor bepaalde psigologiese kwaliteite en vermoëns moet beskik en hoedanig dié kwaliteite en vermoëns moet wees om suksesvol in hul onderskeie beroepsrigtings te wees. Die vraag is ook of daar negatiewe kwaliteite is wat hulle moontlik kan

diskwalifiseer as spesifiek junior primêre of senior primêre onderwyseresse.

Indien dit wetenskaplik bepaal kan word, kan dit meebring dat 'n fyner voorspeller vir onderwysdoeltreffendheid bepaal kan word en groter sekerheid bestaan oor kursuskeuse. Gevolglik sal mannekrag beter benut word, aangesien die onderwyseres nie onbepaald haar beroep sal beoefen voordat sy uitvind dat sy nie in staat is tot die aanpassing of om suksesvol aan die eise te voldoen nie. Onderwyseresse van 'n hoër gehalte sal gelewer kan word teen dieselfde kapitaaluitgawe wat weer ekonomiese voordele tot gevolg het.

Die vormende invloed van die onderwyser op die kind en die wisselwerking tussen onderwyser en kind bepaal in 'n groot mate die persoonlikheidsvorming van die kind. Die verkeerde invloed kan verreikende gevolge inhou vir die onvolwasse en ontvanklike persoonlikheid van die kind.

Uit die aard van die spesifieke eise wat aan die junior primêre onderwyseres gestel word, kan die vraag ontstaan of junior primêre onderwyseresse nie oor meer spesifieke eiesoortige vermoëns moet beskik vir hulle beroepsrigting as senior primêre onderwyseresse nie.

Die doel van hierdie ondersoek is dus om vas te stel of die psigologiese kwaliteite en vermoëns van die junior primêre damestudent verskil van dié van die senior primêre damestudent. Hieruit sal moontlik afleidings gemaak kan word in hoe 'n

mate dit moontlik 'n invloed kan hê op haar beroepskeuse of beroepsrigting.

### 1.3. DOELSTELLINGS

#### 1.3.1 ALGEMENE DOELSTELLING

Die algemene doelstelling vir hierdie ondersoek is die vergelyking van die junior primêre damesonderwysstudent met die senior primêre damesonderwysstudent met betrekking tot aanleg, belangstelling, persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge en persoonlikheid.

#### 1.3.2 SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Teen die agtergrond van bogenoemde doelstelling, kan verdere doelwitte soos volg uitgelig word :

1.3.2.1 Die vergelyking van die junior primêre damesonderwysstudent met die senior primêre damesonderwysstudent met betrekking tot aanleg, soos gemeet deur die senior aanlegtoetse (SAT).

1.3.2.2 Die vergelyking van die junior primêre damesonderwysstudent met die senior primêre damesonderwysstudent met betrekking tot belangstelling, soos gemeet deur die 19-veldbelangstellingsvraelys (19-VEV).

1.3.2.3 Die vergelyking van die junior primêre damesonderwysstudent met die senior primêre damesonderwysstudent met betrekking tot verhoudinge, soos gemeet deur die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudingsvraelys (PHSF).

- 1.3.2.4 Die vergelyking van die junior primêre damesonderwysstudent met die senior primêre damesonderwysstudent ten opsigte van studiegewoontes en -houdings, soos gemeet deur die opname van studiegewoontes en -houdings (OSGH).
- 1.3.2.5 Die vergelyking van die junior primêre damesonderwysstudent met die senior primêre damesonderwysstudent met betrekking tot persoonlikheid, soos gemeet deur die 16-persoonlikheidsfaktorvraelys (16PF).
- 1.3.2.6 Die vergelyking van die junior primêre damesonderwysstudent met die senior primêre damesonderwysstudent met betrekking tot aantal kinders in gesin, posisie in kinderry, onderwyspeil van die ouers, beroepsgroepe van ouers, houding ten opsigte van skoolgaan, leiersposisie beklee, studiegewoontes, tyd bestee aan sport en stokperdjies, persoonlikheidsprobleme asook die invloed daarvan op studies en die oplossing daarvan, beroepskeuse, houding ten opsigte van geleerdheid en rede vir keuse van beroep soos gemeet deur die biografiese vraelys.
- 1.3.2.7 Die vergelyking van persoonlikheidsprofiele vir onderskeidelik junior primêre en senior primêre damesonderwysstudente en die vergelyking daarvan met die persoonlikheidsprofiel van die laerskoolonderwyseres soos deur Cattell daargestel en

1.3.2.8 die vergelyking van die junior primêre en senior primêre damesonderwysstudente ten opsigte van 'n belangstellingsprofiel en die vergelyking daarvan met die 19-VBV-profiel soos deur handleiding daargestel.

1.4. HIPOTESE

Die hipotese word gestel dat die junior primêre damesonderwysstudente betekenisvol sal verskil van die senior primêre damesonderwysstudente met betrekking tot aanleg, belangstelling, verhoudinge, studiegewoontes en -houdings en persoonlikheid.

## HOOFSTUK 2

### SELEKSIE, KEURING EN OPLEIDING VAN ONDERWYSKANDIDATE VIR PRIMÊRE ONDERWYS

#### 2.1 BEGRIPSOMSKRYWING

Die seleksie van onderwyskandidate word in twee stadia afgehandel. Die eerste stadium word seleksie genoem en die finale stadium keuring.

##### 2.1.1 SELEKSIE

Die Latynse woord "selectio" is afgelei van die woord "legere" wat beteken "om te kies" (Terblanche en Odendaal, 1966:905). Dit dui dus op 'n gedagte van voorkeur. In onderwysverband beteken dit die beoordeling van studente om vas te stel of hulle in staat sal wees om te voldoen aan die eise van 'n bepaalde studierigting of kursus (Van Meerten, Daele en Schellekens, 1974:169). Dit impliseer dat hierdie kandidate hul kursus sal voltooi en dat hulle suksesvolle onderwysers behoort te wees.

Net 'n bepaalde kwota kandidate word toegelaat tot die onderwyskolleges in die geval van primêre onderwys. Seleksie van kandidate kan slegs plaasvind indien die aanbod die aanvraag van kandidate oorskry. Talle kandidate word jaarliks weggewys as gevolg van onsuksesvolle aansoeke en as gevolg van die vermindering van die kwota wat aan elke opleidingsinstansie toegesê word (RGN, 1981a:56 ; Roux, 1982:15).

Aansoeke word eers geselekteer en gereduseer tot 'n kleiner

hoeveelheid op grond van akademiese prestasie en professionele potensiaal volgens die gradering deur die keurkomitee op grond van aansoekvorm TOD 53(A) (Bylae A). Daarna vind die finale keuring plaas.

### 2.1.2 KEURING ~~~~~

Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booysen (1965:427) omskryf "keur" as "uitgesoekte" en as "keuse uit die beste."

Nadat seleksie plaasgevind het, vind keuring plaas om die kwota te vul, met ander woorde die "keuse uit die beste" vind plaas om die finale aantal kandidate te bepaal wat die kursus sal volg.

Volgens Van der Merwe (1979:203) is keuring hoofsaaklik die "evaluering van die ideale kenmerke wat die suksesvolle onderwyser in die praktyk benodig."

Prosedures by keuring word meer volledig in 2.3 bespreek.

### 2.1.3 PRIMÊRE ONDERWYS ~~~~~

Primêre onderwys word in twee skoolfasies ingedeel naamlik:

- a) Die junior primêre skoolfase (graad 1 tot standerd 1)
- b) Die senior primêre skoolfase (standerd 2 tot 4) (TOD, 1985:6).

Bondesio (1982:110) beskryf primêre onderwys as "basiese onderwys", met ander woorde die aanleer en bevestiging van basiese vaardighede. Die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek

na die Onderwys verwys ook na primêre onderwys as basiese onderwys en stel voor dat hierdie fase die basis vorm van "enige verdere onderwys en opleiding". Dit beteken dus "eerste onderwys" (RGN Hoofkomitee (1981), soos aangehaal deur Pienaar. 1985:12,13).

Verder word 'n primêre groep omskryf as 'n groep waarin daar baie en direkte kontak tussen die lede bestaan (Gouws, Louw, Meyer en Plug, 1979:239). Onderwys is dus 'n gerigte en doelbewuste aktiwiteit wat hoofsaaklik gerig is op verstandelike vorming. Dit is ook noodsaaklik om die mens se basiese behoeftes te identifiseer om sodoende die basiese onderwys in ooreenstemming te bring met die reeds geïdentifiseerde behoeftes (Pienaar, 1985:29).

Uit genoemde sienings kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat primêre onderwys die oorspronklike of basiese leer-gebeure omsluit en dat alle ander aspekte van leer daaruit voortvloei.

## 2.2 TOELATINGSVEREISTES VIR PRIMÊRE ONDERWYSSTUDENTE

Vervolgens sal daar 'n kritiese analise gedoen word van vorm TOD 53(A) waarvolgens keuring van kandidate vir opleiding as onderwysers geskied.

### 2.2.1 AKADEMIESE VEREISTES

Om in die Republiek van Suid-Afrika toelating te verkry tot

onderwyskolleges vir primêre onderwysopleiding, moet 'n student in besit wees van 'n Senior Sertifikaat wat uitgereik is deur een van die Onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika of deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad na voltooiing van 'n senior sekondêre skoolkursus of 'n gelykwaardige sertifikaat. Die kandidaat moet in albei amptelike tale slaag, waarvan die eerste taal op die hoër graad en die tweede taal op minstens die standaardgraad moet wees. Die kandidaat moet ook in een verdere vak, uitgesonderd die amptelike tale, in die hoër graad slaag. Na voltooiing van die onderwysopleidingskursus, is die student gereed om tot die beroep toe te tree (Kriteria vir evaluering van Suid-Afrikaanse kwalifikasies vir indiensneming in die onderwys, 1987:23 ; Grobler, 1981:12 ; Moolman, 1981:90 ; RGN-verslag, 1981a:57)

### 2.2.2 PSIGOLOGIESE VEREISTES

Wat toelatingsvereistes betref, word seleksie van kandidate van die aansoekvorms af gedoen. Hier word slegs na die faktore gekyk onder die opskrif 'Persoonsbeeld'. Faktore wat onder bogenoemde opskrif geëvalueer word, is soos volg:

- (a) Algemene voorkoms - aantreklikheid; netheid; aangenaamheid.
- (b) Geaardheid - indruk op ander; opgewektheid; vriendelikheid; hoflikheid; gemanierdheid; wakkerheid.
- (c) Gedrag - gedragsspeil; integriteit; verantwoordelikeheidsin;

- pligsbesef; samewerking; aanvaarding van gesag en tug.
- (d) Doelgerigtheid - ywer; pligsgetrouheid; geestelike energie; liggaamlike energie; volharding; gesindheid teenoor skoolwerk.
- (e) Uitdrukkingsvermoë (eerste taal) - taalbeheer. taalgebruik; vlotheid; uitspraak; stemgebruik; vermoë om gedagtes oor te dra.
- (f) Kennis en gebruik van tweede taal - buitengewoon goed; baie goed; goed; bevredigend; swak.
- (g) Bydrae tot die skoollewe - deelname aan skoolaktiwiteite en -verenigings: toneel, debat, musiek, sport en dies meer; leierskap.
- (h) Sosialisering en medemenslikheid - deelname aan sosiale bedrywighede; deelname aan klasbesprekings; gemaklike omgang met ander; vriendskapsbande met ander.
- (i) Godsdienssin en sedelike norme - sterk positief; positief; normaal; effens swak; negatief (Bylae A; TOD 53(A)).

In deel II van die aansoekvorm, wat deur die keurkomitee voltooi moet word, word onder die opskrif 'Persoonsbeeld' ook verskeie faktore genoem wat geëvalueer moet word tydens 'n onderhoud, naamlik

- (a) Algemene voorkoms - aantreklikheid; netheid; aangenaamheid.
- (b) Belangstellings - belesenheid; algemene kennis.
- (c) Oortuigdheid van beroepskeuse - idealisme; gesindheid teenoor die onderwys; roepingsin.

- (d) Uitdrukkingsvermoë (eerste taal) - taalbeheer; taalgebruik; vlotheid; uitspraak; artikulasie; stemgebruik; vermoë om gedagtes oor te dra.
  - (e) Bekwaamheid om tweede taal te praat.
  - (f) Volwassenheid - mate van volwassenheid bereik.
  - (g) Persoonlikheid - indruk op persone wat die onderhoud voer; selfvertroue; kommunikasievermoë.
- (Sien bylae A, TOD 53(A)).

Alhoewel verskeie studies al oor onderwyskeuring gedoen is asook oor aspekte rakende die persoonlikheid van die onderwyser, is daar maar min aandag gegee aan werklik wetenskaplike keuring. (Hierdie onderwerp word later meer breedvoerig bespreek).

Volgens Van der Merwe (1979:51 e.v.) kan verskeie tegnieke en metodes gebruik word om die moontlik suksesvolle onderwyser te identifiseer. Deur die gebruikmaking van objektiewe meetmiddels kan 'n betroubaarder beeld van die persoonlikheid, aanpassing, belangstelling, aanleg, ensovoorts van kandidate verkry word.

Persoonlikheidskenmerke van die onderwyser het tot dusver in navorsing die meeste aandag ontvang. Verskeie navorsers het onderskeidelik die volgende kenmerke geïdentifiseer:

Cook, Linden & McKay: leergierigheid, afhanklikheid, outoritiesme, onderwerping, introversie-ekstraversie en vermyding.

Myers (1973): algemene aanvaarding, leergereedheid, sosiale sensitiwiteit en impulskontrole.

Mitchell & Pierce-Jones: sosiale aanpassing, sosiale ewewigtheid, 'n sterk superego en onafhanklike denke en optrede.

Perry: intellektuele vermoëns, sosiale aanpassing, entoesiasme ten opsigte van die professie en praatvermoëns (Van der Merwe, 1978:51 e.v.).

Cattell (1970) het volgens Van der Merwe (1976:48) na vele vraelyste die tien belangrikste eienskappe van die onderwyser uitgesonder en in die volgende rangorde geplaas:

- (a) intelligensie en wilskrag,
- (b) simpatie en taktvolheid,
- (c) onbevooroordeeldheid,
- (d) goeie humorsin,
- (e) idealisme.

Ander eienskappe van die suksesvolle onderwyser word in Hoofstuk 3 meer breedvoerig bespreek.

### 2.2.3 FISIEKE VEREISTES ~~~~~

Die voornemende onderwyser moet in staat wees om aan al die vereistes te voldoen wat die onderwysberoep stel. Die onderwyser is dikwels vir die leerlinge die norm vir hul eie fisiese waardebeplating. Daar behoort nie net by keuring nie, maar ook tydens die opleiding van voornemende onderwysers meer

aandag geskenk te word aan kenmerke soos persoonlike versorging, gesondheid, 'n goeie houding, netheid, kleredrag, voorkoms, persoonlike maniere, vriendelikheid, hoflikheid en die korrekte stemgebruik.

Bogenoemde eienskappe is wel deurslaggewend tydens keuring, maar kry nie noodwendig tydens opleiding aandag nie. Die hoof kan op die aansoekvorm deelname, aanleg en prestasie op verskeie gebiede vermeld wat nie noodwendig manifesteer tydens opleiding nie.

Volgens die handleiding vir algemene skoolorganisasie (TOD, 1986:51,52) het die onderwyser sekere funksies en pligte waarvoor hy verantwoordelik gehou kan word. Wat buitemuurse aktiwiteite betref, is hy verantwoordelik vir die organisasie van buitemuurse aktiwiteite "soos opgedra aan hom" asook om leiding te gee aan leerlinge tydens opvoedingsgeleenthede en buitemuurse bedrywighede, kontrole oor fasiliteite en apparaat vir buitemuurse aktiwiteite en vervoerreëlings.

Dit is dus noodsaaklik dat die voornemende kandidaat bewus gemaak moet word van wat van hom verwag sal word na afloop van sy opleiding, sodat hy hom kan toespits op fisieke voorbereiding tydens sy opleiding.

#### 2.2.4 CHRISTELIK-NASIONALE VEREISTES

Dit is die verantwoordelikheid van die keurkomitee om toe

te sien dat slegs kandidate wat 'gemaklik sal inpas' by die Christelike en nasionale karakter van onderwysopleiding gekeur sal word (Roux, 1982:15).

Deur sy persoonlike voorbeeld moet hy die kind so kan beïnvloed dat hy ook volgens die Christelike normbeeld sal lewe (Van den Berg, 1973:190). Die student gaan in sy beroep as onderwyser deel hê aan die opvoeding van die kind, daarom sal hy ook 'n verantwoordelikheid teenoor God hê vir die kind (Janse van Rensburg, 1979:2). Hoe sal hy dan verantwoordelik voel vir die kind as hy nie geroepe voel deur God nie?

### 2.3 KEURING VAN ONDERWYSKANDIDATE VIR PRIMÊRE ONDERWYS

Vroeër jare was daar 'n tekort aan onderwysers, kandidate is gewerf en keuring het plaasgevind, maar nie werklik op die vlak wat dit vandag is nie. Vandag is daar weer 'n tekort aan onderwysers, veral mansonderwysers en onderwysers in sekere vakgebiede (RGN, 1981a:56).

Die keuringsprosedures van elke opleidingsinrigting maak voorsiening vir die identifisering van die belangrikste kenmerke wat vir hulle essensieel is. Daar word dus baie waarde geheg aan die maksimale inwinning van inligting oor voornemende kandidate.

Die Transvaalse Onderwysdepartement onderskei tussen 'keuring' en 'selektering' van kandidate. Elke skool se kandidate word by hulle eie skool gekeur deur 'n keurkomitee bestaande uit

die Superintendent van Onderwys, die hoof van die skool en die voorligtingonderwyser. Ander lede wat ook gevra kan word om teenwoordig te wees by die keuring is die adjunk-hoof, die departementshoof opvoedkundige leiding, die standerdvoog en die klasvoog (Transvaalse Onderwysdepartement, Oktober, 1979:8). Die evaluering van kandidate word op 'n sewepuntskaal op vorm T O D 53 (Bylae A) gedoen. Hierdie komitee sorg ook dat alle kandidate aan die minimum vereistes vir toelating tot die Onderwyskollege voldoen (Roux, 1982:14).

Nadat die keuring deur die skool afgehandel is, word al die nodige inligting, in geval van kandidate vir primêre onderwys, na die Onderwyskollege van die kandidaat se eerste keuse gestuur (T O D, 1979:8).

Inligtingstegnieke in dié verband sluit gewoonlik in 'n aansoekvorm, 'n vraelys insake persoonlike besonderhede of om belangrike aanvullende inligting te bekom, 'n mediese verslag, referente (getuigskrifte), en soms 'n onderhoud (Van der Merwe, 1979:56). Laasgenoemde tegniek word meer breedvoerig bespreek onder 2.4.

#### 2.4 SELEKSIE VAN KANDIDATE VIR PRIMÊRE ONDERWYS

Die laaste stap om toegelaat te word as kandidaat vir opleiding as onderwyser vind plaas by die onderwyskollege. Deur middel van selektiewe toelating van onderwyskandidate tot onderwysopleiding

probeer die Transvaalse Onderwysdepartement om potensieel ondoeltreffende onderwysers uit die onderwys te hou en die mees geskikte kandidate toe te laat. Die suksesvolle seleksie van onderwyskandidate hou dus altyd direk verband met die kriterium onderwysdoeltreffendheid (Moolman, 1981:10).

In die R G N - verslag (1981:9) oor werwing en opleiding van onderwysers word die aandag duidelik gevestig op die feit dat die werwing en keuring van onderwysstudente nie net 'n poging is om beskikbare poste in die onderwys te vul nie, maar om die mees geskikte potensieële onderwysers in die onderwys as loopbaan geïnteresseerd te kry.

Selektering vir primêre onderwys word deur 'n seleksie-komitee van die betrokke onderwyskollege gedoen. Hierdie komitee bestaan gewoonlik uit 'n vise-reektor, 'n departementshoof vir een van die vakke vir senior primêre onderwys, 'n departementshoof van junior primêre onderwys, 'n verteenwoordiger van die kollege se sportkantoor en 'n verteenwoordiger van die kollege se studentediensburo. Die samestelling van die komitee verskil van kollege tot kollege (T O D, Oktober 1979:8).

'n Kwota word jaarliks vir elke kursus aan elke onderwyskollege toegestaan deur die hoofkantoor van die Onderwysdepartement. In Transvaal moet seleksie volgens streng standarde geskied, omdat die aanbod gewoonlik die aanvraag oorskry. Seleksie word van die aansoekvorms af gedoen en elke aansoeker word beoordeel volgens bepaalde hoofpunte op 'n evaluasieskaal. Geen onderskeid

word gemaak tussen keuring vir die junior primêre of senior primêre kursusse afsonderlik nie, en die uiteindelike kursuskeuse berus ook by die student self. Na afloop van die finale keuring word die topkandidate onmiddellik in kennis gestel van die uitslag en gevra om te registreer. 'n Waglys van 10% van die nie-geselekteerdes word gehou indien daar om een of ander rede 'n opening mag ontstaan. Die res van die aansoekers word in kennis gestel dat hul aansoek nie geslaag het nie (T O D, Oktober 1979:9).

Volgens 'n verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement (Oktober 1979:9) oor onderwysersopleiding word kandidate nie opgeroep vir persoonlike onderhoude nie.

Volgens Roux (1982:18) word daar by die Onderwyskollege van Pretoria en elders onder andere tog van onderhouddata gebruik gemaak. Dit wil voorkom asof "die onderhoud as die effektiefste metode in onderwyserskeuring beskou word" vir die verkryging van inligting en evaluasie van gedrag. Van der Merwe (1979:56) is van mening dat beter keuring gedoen kan word indien die onderhoud in drie inligtingsvlakke afgebaken word, naamlik:

- (a) die verkryging van konkrete data van die applikant,
- (b) waarneming van reaksies en algemene gedrag tydens 'n onderhoud,
- (c) sensitiewe observasie om moontlike motiewe, vrese en houdings te identifiseer.

Die vraag is nou hoe objektief die beoordeling van die kandidaat is, hoe ervare die keurders, hoe deeglik<sup>die</sup> keuringsonder-

houde plaasvind en of die voorkoms en gedrag van die kandidaat 'n werklike beeld van homself is.

Moolman (1981:10) wys daarop dat daar ten spyte van keuring aan die een kant 'n ernstige tekort is aan onderwysers in bepaalde vakke en aan manlike onderwysers en andersyds is daar 'n ooraanbod van onderwyskandidate vir opleiding as onderwysers.

'n Ander knelpunt is die bedankings uit die onderwys wat al hoe groter afmetings aanneem. Grobler (1980:60) het reeds in 1980 "geen aanleg en belangstelling in die onderwys" as een van die belangrikste redes vir bedankings genoem. In aansluiting hierby vra Moolman (1981:10) die vraag of die bedankings nie miskien deels die gevolg kan wees van moontlike onwetenskaplike keuring nie. Vele ander moontlike redes vir bedankings word aangevoer, byvoorbeeld salarisse wat ongunstig vergelyk met soortgelyke beroepe, onbevredigende bevorderingsmoontlikhede, veel-eisende buitemuurse aktiwiteite en benadeling van gesinslewe (T O D, 1988:2). Hierby word egter volstaan, omdat hierdie onderwerp buite hierdie betrokke studieveld val.

Vroeë uitkenning van die bevoegde, bekwame en effektiewe onderwyser kan net tot voordeel van die onderwys wees en kan ook meebring dat die publiek groter vertroue in die onderwyserskorps sal hê (Van Aswegen, 1970:2 ; Henjum, 1969:143). Die onderwys in ons land word gekenmerk deur die aard en karaktertrekke wat dit openbaar, daarom kan ondoeltreffende en nie-produktiewe onderwysers nie toegelaat word om in die onderwys te bly nie. Van Aswegen (1970:2) is van mening dat hulle in die

eerste plek nooit eens tot die professie moes toegetree het nie.

Die vraag is nou of seleksie van doeltreffende en ondoeltreffende onderwyskandidate met behulp van die huidige seleksiekriteria wel geslaagd is (Moolman, 1981:4).

Spies (1965) (soos aangehaal deur De Witt, 1979:29) laat hom sterk hieroor uit en sê dat die keuring van voornemende onderwysstudente "uiters onsistematies en onwetenskaplik" geskied. Meer realistiese evaluasienorme is nodig vir die vasstelling van onderwyspotensiaal en die uitskakeling van onderwysers met emosionele probleme en ongewenste persoonlikheidseienskappe wat soveel skade in die skool en aan jong kinders kan veroorsaak (Van der Merwe, 1976:11).

".....there can be no denying the fact that the quality of one's teachers will more often than not be the most important determinant of the height and rate of rise which each generation attains" (Brubacher, soos aangehaal deur De Witt, 1979:31).

Van Loggerenberg (1981:19) wys daarop dat die hoër toelatingsvereistes en strengere keuringsprosedures tot gevolg het dat die onderwys as beroep meer en meer die voorreg word van persone wat oor bepaalde geesteskwaliteite, persoonlikheidseienskappe, karaktertrekke en akademiese moontlikhede beskik.

Die evaluasie van 'n student se geskiktheid en gereedheid vir die onderwys kan nie net deur middel van eksamens vas-

gestel word nie, maar daar behoort ook gekyk te word na sy vermoë, persoonlikheid en aanleg (Badenhorst, 1975:150).

Roux (1982:59) bevestig hierdie standpunt met resultate uit verskillende studies. Moolman (1981) het bevind dat daar geen beduidende verband is tussen die IK en werkprestasie van onderwysers en onderwyseresse in die primêre skool nie. Ook Lewis (1975) het in 'n opvolgstudie bevind dat aanleg (as voorspeller van akademiese prestasie) 'n beduidende verband getoon het met beroepsukses.

'n Moontlike oplossing is klaarblyklik die beskikbaarstelling van 'n meer wetenskaplike metode wat aanvullend by die huidige keuring van voornemende onderwysers gebruik kan word. Verdere ondersoek behoort ingestel te word na objektiewe meetmiddele, soos intelligensie-, belangstellings-, persoonlikheids- en aanlegtoetse (Van der Merwe, 1978:4).

Tydens Spies se navorsing oor keuring het hy verskeie instansies genader om inligting, wenke en voorstelle ter verbetering van keuringsprosedures. Verskeie instansies het aangedui dat daar 'n behoefte is aan 'n verpligte en eenvormige, wetenskaplike keuringskaal. Hulle het aanbeveel dat die hele keuringstelsel verander word, dat keuring nie eenmalig behoort te geskied nie, dat selektiewe keuring moet plaasvind, dat toelatingsvereistes verhoog moet word en dat keurders bereid moet wees om af te keur (soos aangehaal deur De Witt, 1979:30).

Sekere persoonlikheidskenmerke is in 'n mate verwant aan sekere

aspekte van onderwysbevoegdheid. Indien daar vasgestel kan word hoe groot die invloed van sulke kwaliteite op onderwysukses is, sal dit moontlik kan bydra tot meer effektiewe keuring en werwing van onderwysers (Van Aswegen, 1970:4). 'n Beroep wat té maklik toelating bied, sodat 'n groot persentasie van die beoefenaars van die beroep mettertyd in vele opsigte van 'n middelmatige kaliber is, sal nie veel aansien geniet nie (De Witt, 1979:31).

Popenoe (1980:375) stel die probleem as volg: "Some way must also be found to match the talents and abilities of people with the needs of the speciality, so that each job is filled by a person who can perform it successfully".

Van der Merwe (1967:16) het meer as twintig jaar gelede geskryf: "Ons wil eintlik vir die onderwys goeie, begaafde, intelligente, veelsydige, toegewyde, ambisieuse mense met verbeelding, humor en nog 'n paar ander eienskappe hê! Kan jy jou Suid-Afrika voorstel met 'n onderwyskorps wat in der waarheid 'n keurbende is?"

## 2.5 OPLEIDING VIR PRIMÊRE ONDERWYS

Onderwysersopleiding behels opleiding van voornemende onderwysers vir opvoedende onderwys in kleuter-, primêre en sekondêre skole (Van der Merwe, 1982:4).

Die minimum opleidingsduur van onderwysers vir die primêre skool is vier jaar vir alle kursusse. Die vierjarige kursus kan, na voltooiing van verdere tersiêre opleiding, lei tot 'n B-graad.

Die junior primêre kursus en senior primêre kursus word afsonderlik aangebied as gevolg van verskille in opleiding.

Die junior primêre kursus word aangebied vir mans en dames en duur vier jaar. Die vakke wat aangebied word is soos volg:

VERPLIGTE VAKKE

- A. Grondslae: Pedagogiek
- B. Afrikaans: eerstejaar-universiteitspeil
- C. Laerskoolvakke en vakdidaktiek daarvan:

- 1. Bybelonderrig
- 2. Engels
- 3. Afrikaans
- 4. Wiskunde
- 5. Gesondheidsopvoeding
- 6. Omgewingsleer

- D. Ander vakke:

- 1. Skrif en bordwerk
- 2. Inleiding tot skoolbiblioteekgebruik.

AKADEMIESE VAKKE

DRIE vakke op eerste- of tweedejaar-universiteitspeil

(EEN vak vir die eerste en tweede studiejaar en TWEE ander vir die derde en vierde studiejaar) gekies uit:

Afrikaans; Engels; Wiskunde; Biologie; Aardrykskunde; Geskiedenis; Bybelkunde; Afrikataal (Noord-Sotho of Zoeloe).

SPESIALISERINGSVAKKE

Kies VIER van die volgende vakke (TWEE vir twee jaar en TWEE vir één jaar elk):

Klasmusiek

Kunsopvoeding

Liggaamlike Opvoedkunde

Spraak en Drama

(Onderwyskollege Pretoria, 1988:54)

Die senior primêre kursus word aangebied vir mans en dames en duur vier jaar.

Die kursus word soos volg aangebied:

VERPLIGTE VAKKE  
~~~~~

- A. Grondslae: Pedagogiek
- B. Afrikaans: eerstejaar-universiteitspeil
- C. Laerskoolvakke en vakdidaktiek daarvan:

- 1. Bybelonderrig
- 2. Afrikaans
- 3. Engels
- 4. Aardrykskunde
- 5. Wiskunde
- 6. Geskiedenis
- 7. Natuurwetenskap
- 8. Gesondheidsopvoeding

D. Ander vakke:

- 1. Skrif en bordwerk
- 2. Inleiding tot Skoolbiblioteekgebruik.

AKADEMIESE VAKKE  
~~~~~

DRIE vakke op eerste- of tweedejaar-universiteitspeil

(EEN vak vir die eerste en tweede studiejaar en TWEE ander vir die derde en vierde studiejaar) gekies uit:

Afrikaans; Engels; Wiskunde; Biologie; Aardrykskunde; Geskiedenis; Bybelkunde; Afrikataal (Noord-Sotho of Zoeloe); Musiekteorie; Plant- en Dierkunde; Fisika en Chemie.

SPESIALISERINGSVAKKE  
~~~~~

Kies EEN vir vier jaar uit:

Kunsopvoeding  
Liggaamlike Opvoedkunde  
Klasmusiek  
Skoolbiblioteek- en Mediakunde  
Sprak en Drama  
Skoolvoorligting

Rekenaarstudie  
 Instrumentale Musiek  
 OF Akademiese vak  
 (Onderwyskollege Pretoria, 1988:54).

Die senior primêre onderwysstudent het dus drie vakke meer as die junior primêre onderwysstudent wat betref die 'verpligte' vakke by name Aardrykskunde, Geskiedenis en Natuurwetenskap. Die senior primêre student het 'n wyer keuse uit die groep 'akademiese' vakke, maar die hoeveelheid vakke is hier dieselfde. 'n Opvallende verskil kom voor by die keuse van 'spesialiseringsvakke'. Die junior primêre student het drie vakke meer in hierdie afdeling as die senior primêre student alhoewel al vier vakke oor 'n korter tydperk geneem word.

Provinsiale onderwyskolleges lei hoofsaaklik onderwysers op om in die provinsie se eie behoeftes aan onderwysers vir primêre en pre-primêre skole te voorsien (R G N, 1981a:61). Voornemende onderwysers kan redelik maklik studielenings en beurse vir studie verkry. Ooreenkomste word met studente aangegaan waarvolgens hulle lenings terugbetaal deur middel van dienslewering as onderwysers (R G N, 1981a:67).

Gedurende die afgelope paar jaar het die soeklig op die onderwystoestand in Suid-Afrika verskerp in die sin dat dit nie net meer gaan oor 'hoe' opleiding moet geskied nie, maar ook oor 'wie' die geskikste is om die opleiding te ondergaan. Al hoe meer navorsing oor en verfyning van keuringsmodelle en seleksiekriteria word gedoen.

By alle tersiêre onderwysinrigtings in Suid-Afrika word gebruik gemaak van bepaalde seleksiekriteria vir die vooraf identifisering van onderwyskandidate. Sover vasgestel kon word, is die keuring aan alle onderwyskolleges nie-psigologies van aard. Studente-ondersteunings- en voorligtingsdienste aan onderwyskolleges was tot onlangs toe nog beperk tot studievoorligting. Nog weinig psigologiese toetsing word gedoen.

Wanneer 'n student aansoek doen om as onderwyser opgelei te word, is hy redelik seker dat hy wel die beroep wil beoefen en dat hy oor die nodige kwaliteite beskik om 'n suksesvolle onderwyser te kan wees. Die vraag of hy wel oor die nodige eienskappe en vermoëns beskik, sal egter eers beantwoord word wanneer hy self in die praktyk staan en verskillende eise aan hom gestel word uit die aard van sy beroepsrigting. Dit kan egter meebring dat daar op daardie stadium alreeds skade berokken kan word, hetsy dit aan die kind of dan aan die onderwysberoep is. Die opvoedingstaak en opvoedingsverantwoordelikheid word meer en meer deur die onderwyser oorgeneem, daarom is dit noodsaaklik dat daar 'n bekwame en produktiewe onderwyser in elke klaskamer is (Van der Merwe, 1979:5).

Volgens die R G N-verslag van 1985 (Verslag W.S. 31:8) is die akademiese sukseskoers aan die onderwyskolleges baie hoog. In die verband is Gouws (1961:38) van mening dat bevredigende prestasie op intellektuele gebied 'n 'nodige' voorwaarde is, maar nie 'voldoende' nie, vir die ander meer verwyderde doelstellings van die akademiese opvoedingsprogram. Die vraag

is dus of seleksie en keuring voldoende is vir toelating tot so 'n grootse beroep.

Verskeie navorsers het verskeie eienskappe beklemtoon wat van belang is vir onderwysdoeltreffendheid. Cattell het byvoorbeeld al in 1931 persoonlikheid bo-aan sy lys van vyf wesenskenmerke vir doeltreffende onderwys geplaas (Van der Merwe, 1976:56). Met behulp van vraelyste het Nel (soos aangehaal deur Moolman, 1981:161) ook persoonlikheid en wil uitgewys as die eerste van twintig wesenskenmerke van die onderwyser.

As deel van die persoonlikheid is dit ook noodsaaklik dat 'n persoon belangstelling moet toon in sy beroep, want dit is een van die basiese vereistes vir die suksesvolle beoefening van enige beroep. Dit is dus belangrik dat die belangstelling in 'n beroep soos die onderwys, toepaslik en konstant moet wees om daarvan 'n sukses te maak (Van Aswegen, 1979:7).

Bogenoemde kwaliteite word nie voor of tydens opleiding vasgestel nie. Wat hierdie studie betref, ontstaan die vraag nou of junior en senior primêre onderwyseresse bepaalde psigologiese kwaliteite en vermoëns moet besit en hoedanig die kwaliteite en vermoëns moet wees om suksesvol in hul onderskeie beroepsrigtings te wees. Verder behoort ook vasgestel te word of daar enige negatiewe kwaliteite is wat hulle moontlik kan diskwalifiseer as spesifiek junior primêre of senior primêre onderwyseres. Indien dit moontlik is om dit, verkieslik voor opleiding, te kan bepaal, kan dit meebring dat 'n fyner voorspelling van onderwys-

doeltreffendheid gemaak kan word en groter sekerheid bestaan oor kursuskeuse. Ander voordele verbonde daaraan is beter mannekragbenutting, aangesien 'n persoon nie 'n tyd lank haar beroep sal beoefen voordat sy uitvind dat sy nie in staat is tot die aanpassing of om suksesvol aan al die eise voldoen nie. Onderwyseresse van 'n hoër gehalte sal gewer kan word teen dieselfde kapitaaluitgawe wat gevolglik ook ekonomiese voordele inhou.

## 2.6 PRIMÊRE ONDERWYS

Bondesio (1982:109) verdeel onderwys in drie fases, naamlik basiese, voor basiese en na-basiese onderwys.

Basiese onderwys word omskryf as die minimum onderwys wat verskaf moet word, met ander woorde basiese geletterdheid word verwerf en bevestig. Die leerder moet hierna vatbaar wees vir verdere onderwys en/of beroepsopleiding.

Die doel met voor-basiese onderwys is skoolgereedmaking, en na-basiese onderwys word gekenmerk deur 'n hoë mate van strukturele differensiasie. Hier is dus sprake van 'n hoë graad van verandering.

Onderwys kan ook omskryf word as werkwoord om onderrig te gee of 'te leer'. Dit impliseer die onderrig van kennis en die ontwikkeling van die intellek (Kritzinger, soos aangehaal deur Van der Merwe, 1976:15). In dié verband meen Theron (1982:168) dat onderwys lank reeds nie meer net "die onderrig en bybring van parate feitekennis" is nie. Onderwys is ook 'n onontbeerlike opvoedingsmiddel. Dit gaan ook basies om die

oordrag van kultuur van 'n bepaalde volk binne 'n bepaalde gemeenskap. Volgens De Vries (1982:131) behoort onderwys nooit iets anders te wees as opvoedende onderwys nie. Die aard en inhoud van die onderwys moet sodanig wees dat die Afrikaner-identiteit behoue moet bly, daarom geskied onderrig in die moedertaal en binne 'n bepaalde werklikheid.

Een van die primêre doelstellings van opvoeding was nog altyd om die kind te lei tot volle ontwikkeling, om hom te leer om sosiaal aanvaarbaar op te tree, om 'n mate van kritiese denke te ontwikkel en om in elke situasie goeie, weldeurdagte besluite te neem. Die kind behoort ook geleer te word om aan te pas in die samelewing, deel te neem aan gemeenskapsaktiwiteite en mee lewing buite die gesin (Gimeno en Ibanez, 1981:27).

Van Loggerenberg (1981:3) stel dit dat die leerling baie meer van sy onderwyser vra as net brood. Om aan al die genoemde vereistes te voldoen, het die leerlinge onderwysers nodig met visie en ondernemingsgees, "manne en vroue wat die verantwoordelikheid beseef en die genot van die uitdaging ervaar van wat dit beteken om onderwyser/es te wees."

## 2.7 SAMEVATTING:

Keuring vir voornemende onderwyskandidate word reeds op skoolvlak volgens 'n vasgestelde prosedure gedoen waarna die aansoek dan na die onderwyskollege van die kandidaat se keuse gestuur word. Hier vind seleksie plaas van die aansoekvorm af. Daarna vind die finale keuring plaas om die toegewysde kwota te vul. Geen onderskeid in keuringsvereistes en -prosedures

word gemaak tussen die junior primêre kursus en die senior primêre kursus nie, alhoewel die kursusse nie saam aangebied word nie uit die aard van opleiding wat verskil. Daar is ook geen uitsluitlike voorvereistes om enige van die twee kursusse te volg nie. Psigometriese toetsing vind op beperkte skaal plaas en 'n keuringsmodel is nog nie ontwikkel nie.

Onwetenskaplike seleksie, te min belangstelling en geen aanleg is maar 'n paar redes wat genoem word as redes vir bedankings uit die onderwys. Om die geldigheid daarvan te bepaal, sal daar eers meer navorsing gedoen moet word oor objektiewe meetmiddels vir keuring en 'n eenvormige wetenskaplike keuringsmodel sal saamgestel moet word. Ook navorsing oor die invloed van persoonlikheidskenmerke en aspekte van onderwysbevoegdheid sal baie bydra tot meer effektiewe keuring.

Die klem val in Suid-Afrika al hoe meer op "wie" opgelei word, maar as die keuring nie-psigologies van aard is, kan nie met oortuiging gesê word dat die student met die nodige kwaliteite vir spesifiek die junior primêre - of senior primêre kursus gekeur is nie. Van belang hier is veral bepaalde psigologiese kwaliteite en vermoëns. 'n Fyner voorspelling moet dus gemaak word van onderwysdoeltreffendheid.

Primêre onderwys handel oor die oordrag van basiese kennis, vaardighede en die oordrag van kultuur, maar ook oor die aanpassing en meeleving van die kind buite die gesin. Dit is dus belangrik dat daar in elke klaskamer 'n bevoegde en toegewyde onderwyser moet wees.

## HOOFSTUK 3

DIE ONDERWYSER3.1 DIE ROL VAN DIE ONDERWYSER

Sonnekus (1975:1) omskryf die lessituasie en die skool as 'n didakties-pedagogiese situasie, met ander woorde onderrig vind plaas deur 'n volwassene aan 'n nie-volwassene. Onderrig en opvoeding kan nie geskei word nie, want daar vind ook daadwerklike opvoeding plaas.

Venter (1981:25) beweer dat die onderwyser as opvoeder ongetwyfeld die belangrikste hulpmiddel is vir die spil waarom die onderwys op alle vlakke draai. Bevoegde en toegewyde opvoeders, word beweer, is van die waardevolste hulpbronne waaroor 'n staat kan beskik. Artikel 9 van die Christelike-nasionale Onderwysbeleid omskryf die belang van die onderwyser verder. Van die onderwyser word vereis om 'n "persoonlikheid" te wees "wat in alles ons op skool kan vervang en wat in alles ons kinders tot goeie voorbeeld kan dien" (Smit, 1981:14; Van der Walt, 1982:42). Die beïnvloeding van die onderwyser strek oor 'n baie wye gebied en dit geld vir die hele skooldag. Hierdie beïnvloeding omvat belangstellings, houdings, gesindhede, waardebeskouings, volgorde van belangrikheid op verskeie gebiede asook 'n invloed op onmiddellike doelstellings en doelstellings van toekomstige aard (Van Aswegen, 1970:30).

Ginott (soos aangehaal deur Kash & Borich, 1978:35) het tot die skokkende besef gekom dat hy as onderwyser die leerlinge se hele

lewe beheer deur sy optrede en persoonlikheid. "I have come to a frightening conclusion I am the decisive element in the classroom. It is my personal approach that creates the climate. It is my daily mood that makes the weather. As a teacher I possess tremendous power to make a child's life miserable or joyous. I can be a tool of torture or an instrument of inspiration. I can humiliate or humor, hurt or heal. In all situations it is my response that decides whether a crisis will be escalated or de-escalated, a child humanized or de-humanized"

Die onderwyser oefen dus 'n kragtige dag-tot-daginvloed uit op die leerlinge in sy klaskamer, want die kind bring 'n groot deel van sy lewe in die skool deur waar die meeste van sy sosialisering plaasvind. "The most familiar function of education is socialization,....by helping people choose and learn social roles." (Popenoe, 1980:398) Die onderwyser is vir die kind die eerste sigbare voorbeeld van 'n persoon in 'n organisatoriese rol. Die onderwyser se rol eindig nie in die klas nie, maar brei uit na buitemuurse aktiwiteite asook na rolle wat hy vervul in die gemeenskap (Emler, Ohana, & Moscovici, 1987:27; Miller, 1977:122).

In dié verband meen Gimeno en Ibanez (1980:247) dat dit net goeie gevolge kan inhou indien die onderwyser se rol nie net beperk is tot die skool nie; hulle beveel aan dat hy meer kontak moet hê met die ander strukture van die gemeenskap, byvoorbeeld die ouergemeenskap, opvoedkundige instellings en

buiteskoolse aktiwiteite. Die onderwyser moet ook bewus wees van die rol wat hy in die gemeenskap kan vervul as professionele persoon wat as leier of inwoner van die omgewing seggen- skap kan hê in die ontwikkeling en verandering wat die gemeen- skap verlang. Aan die anderkant moet die onderwyser ook die ge- leentheid gebied word om die rol ten volle te vul. Dit kan lei tot beter samewerking op verskeie gebiede, nie net tussen onderwyser en leerlinge of kollegas nie, maar ook tussen ouers en ander persone in die gemeenskap. Kontak met die ouer ver- gemaklik ook die taak van die onderwyser as opvoeder. Onderwys is lank reeds nie meer "net die onderrig en bybring van para- te feitekennis" nie. Die onderwyser speel 'n enorme rol in die aard en karakter van die onderwys, hy is die middelpunt van klassikale onderrig "vanwaar die gees van die skool uit- eindelijk uitgaan en helaas die karakter van die burgers van môre gestalte kry", aldus Theron (1982:168).

Ottoway (soos aangehaal deur Van den Berg, 1973:219) som die vyf hoofrolle van die onderwyser as volg op:

- 1) As akademiese spesialis is hy 'n kenner en meester van sy vak.
- 2) As metodoloog dra hy sy kennis oor op 'n geordende en doel- gerigte wyse.
- 3) Hy dra kennis van en het insig in die persoonlikheidsont- wikkeling en -vorming van die kind en is bewus van die gees- telike behoeftes van die kind, daarom het hy ook 'n aandeel in die karaktervorming van die kind.
- 4) Hy is nie net lid van die personeel nie, maar ook lid van

die hele onderwysstelsel wat weer ander rolverwagtings van hom verg.

- 5) As lid van die gemeenskap beklee hy 'n sosiale posisie. Daar word van hom verwag om 'n bepaalde standaard te handhaaf asook 'n bepaalde lewenswandel te volg.

Vervolgens sal gekyk word na die doeltreffende of suksesvolle persoon in die onderwysberoep.

### 3.2 DIE SUKSESVOLLE ONDERWYSER

Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1985:762) omskryf 'onderwyser' as 'n persoon wat "na afgelegde eksamen bevoeg verklaar is om les te gee".

Heelwat navorsing is al gedoen om 'n antwoord te kry op die vraag: Wat maak 'n goeie of suksesvolle onderwyser suksesvol? Daar kon nog nooit 'n objektiewe, betroubare metode gevind word om dit vas te stel nie. Daar word ook baie gespekuleer oor die rol van die onderwyser in die samelewing en in die lewe van die kind.

Cattell, Eber & Tatsuoka (1970:182, e.v.) het in hul navorsing oor die primêre skool onderwyseres 'n profiel saamgestel uit resultate wat verkry is van toetsing met die 16-persoonlikheidsfaktorvraelys. Die resultate het aangedui dat die gemiddelde primêre skool onderwyseres intelligent is, emosioneel gevoelig is, gevoelens toon van geborgenheid en oor 'n sterk selfsentiment beskik. Al die tellings op die profiel wissel vanaf 5,0 (emosionele stabiliteit) tot 6,0 (selfbeheersing), behalwe B

(intelligensie) wat 'n telling van 6,5 het. Geen onderskeid word verder getref tussen junior primêre en senior primêre onderwyseresse nie.

Tydens navorsing oor suksesvolle onderwys in die primêre skool, het Galton en Simon (1980:187) bevind dat die mees suksesvolle onderwysers diegene is wat byna 90% van die skooldag met die kinders in hul klas kommunikeer. Daar is dus nie baie tyd vir gedagtes wat kan dwaal of ander aktiwiteite wat nie deel is van die les nie. Die onderwyser kan dit slegs doen deur goeie beplanning en organisasie vooraf. Om goeie resultate te behaal, is die wyse waarop die onderwyser met die leerlinge kommunikeer, met ander woorde sy persoonlike styl, van groot belang, want dit gaan 'n invloed hê op die terugvoer van die leerlinge of en gevolglik op die resultate.

(Burns, 1987:151).

Voordat suksesvolle kommunikasie kan plaasvind, moet die onderwyser van sy kant af eers probeer om die leerlinge te verstaan. Om hulle te verstaan, is dit noodsaaklik om deeglik in te gaan op elke kind se gesinsagtergrond en so-doende meer uit te vind oor hul gesinsverhoudings, gesinsgrootte, die atmosfeer waarin elke kind opgroei, hoe opvoeding by die huis geskied en, baie belangrik, die portuurgroep waarin elke leerling beweeg (Saunderson, 1980:51; Emler et al, 1987:26). Die onderwyser moet dus gedurig besig wees om waar te neem waar hy ook al met die leerlinge of hul ouers te doen kry.

Om nader kontak met die leerling te maak en sy vertrouwe te

wen, is die onderwyser se optrede in die klas seker dié belangrikste komponent in die verbetering van kommunikasie. 'Optrede' omsluit weer 'n wye reeks komponente en is 'n begrip waaroor verskeie navorsers al gespekuleer het. Vir die doel van hierdie studie, word slegs na 'n paar navorsers se sienings gekyk, aangesien dit nie die hoofdoel van die studie is om oor hierdie onderwerp uit te brei nie.

Dit is belangrik om gedurende elke les oogkontak met al die leerlinge te hê, om by informele lesse op dieselfde vlak as die leerlinge te sit, om elke leerling belangrik te laat voel en om fisiese kontak met die leerlinge te hê. Dit is veral tydens die klasgesprek dat die onderwyser goeie resultate kan behaal deur die korrekte optrede. Die leerling moet die kans gegun word om 'n vraag te beantwoord en sy antwoord of idee moet aanvaar word, al hou dit nie heeltemal verband met die onderwerp nie. Dit is belangrik dat die onderwyser in staat moet wees om probleme te identifiseer, die korrekte antwoord te beklemtoon, maar die verkeerde antwoord op 'n positiewe manier reg te stel. Die leerlinge moet die geleentheid gegee word om hul eie idees te gee, voorstelle te maak en soms dinge op hul eie te doen. Die onderwyser kan die vertroue van die leerlinge wen deur saam met die hulle deel te neem aan klasaktiwiteite en nie altyd sy eie idees te gebruik of altyd die voortou te neem nie. Hy moet ook self sy foute erken en dit probeer regstel en nie kwaad word as hy daarop gewys word nie. Verder moet die leerlinge geleer word om te redeneer, tot 'n gevolgtrekking

te kom, selfwerkzaam te wees, verantwoordelikhede te aanvaar en leierskapsrolle te vervul (Henney & Mortenson, 1973:313, e.v.).

Miller (1970:120) sluit aan by die vorige skrywers en sy uitgangspunt is: "You must help a child to feel before you can help him to learn, and the most important feeling is self-love". Die doel moet dus wees om elke kind sy eie waarde te laat besef

Verskeie navorsers het bevind dat warm interpersoonlike kontak en omgewing korreleer met leerlingoptrede en leerlingprestasie (Burns, 1987:151; Heitzmann & Starpoli, 1975:298).

Miller en ander skrywers is van mening dat superonderwysers diegene is wat die leerling leer om met selfvertroue te kan sê: "Ek kan". Dit is diegene wat nie ongedane huiswerk sommer laat verbygaan nie, maar tog buigsaamheid toon in hul optrede en elke dag hul eie les evalueer (1977:120; Boydell, 1978:10; Henney & Mortenson, 1973:313; Bassey, 1978:89; Geddes, 1973:13; Shipman, 1983:83).

Miller (1977:122) stel dit so: "Today's Superteachers: They are men and women with faith to believe, spark to create, energy to endure, honesty to love, laughter to keep perspective, courage to stand against the crowd. When children use them as role models and assimilate these qualities, the miracle of learning happens; life's values are discovered.

Plowden (soos aangehaal deur Boydell, 1978:9-10) meen dat 'n onderwyser eers deur drie stadia moet gaan voordat hy homself kan beoordeel as suksesvol of onsuksesvol.

Hierdie stadia is elke dag van toepassing. Eerstens moet elke onderwyser die leerstof aanvaar en bemeester. Tweedens moet hy 'n realistiese interpretasie, aanbieding en aanpassing van die leerstof hê by die betrokke skoolsituasie en derdens is dit belangrik dat hy van dag tot dag evalueer wat die leerlinge die dag gedoen het en watter invloed dit op die leerlinge gehad het. Die derde stadium is baie belangrik, aangesien dit die onderwyser leer om persoonlike swakhede, stagnasie en onnodige, nuttelose leerstof uit te skakel, standaarde te verhoog en voort te gaan om 'n beter metode aan te wend. "Hoe" en "wat" aan die begin geleer word, is nie so belangrik as hoe dit aangebied word en "hoekom" dit gedoen word nie.

In aansluiting hierby is dit belangrik om te noem dat sukses nie net gemeet kan word aan die hoeveelheid sertifikate en onderskeidings wat 'n onderwyser met sy leerlinge behaal het nie. Die hoofdoel moet vorming wees. Stone (1988:18) druk dit sterk uit as hy sê: " 'n Skool is nie 'n sertifikaat- en simbolefabriek nie." Onderwyssukses gemeet aan leerlingprestasie is nie genoeg nie. Dit vereis ook onderwysers wat bevredigende menseverhoudings kan aanknoop, 'n goeie, ondersteunende rol kan vertolk en 'n warm, ontvanklike atmosfeer in die klas-kamer kan skep (Burns, 1986:151). Daar moet ook genoeg geleentheid wees vir sosiale en emosionele ontwikkeling, maar belangriker nog, daar moet tyd wees vir geestelike groei. " 'n Mens wat kleurloos teenoor godsdiens staan, soos geopenbaar in die uitlewing van die groot Christelike beginsels, ... beroof leerlinge van die hoeksteen van ware karaktervorming. Hy kan

leerlinge hoogstens 'n bietjie vakkennis bybring - om van hulle geleerde heidene te help maak, maar tot opvoeding, ware opvoeding vir tyd en ewigheid, is hy nie in staat nie."

(Van der Merwe, soos aangehaal deur De Witt, 1979:46)

Die onderwyser kan egter nie sy godsdienssiening of 'n bepaalde godsdiensrigting tydens Bybelonderrig of enige ander periode aan die leerlinge voorhou of op hulle afdwing nie.

Slegs voorgeskrewe "materiaal wat amptelik deur die Departement uitgereik of goedgekeur is, word vir Bybelonderrig aangewend". Volgens Artikel 53(3) van die Onderwysordonnansie, moet ouers skriftelik aansoek doen dat 'n leerling vrygestel word van Bybelonderrig en onthef word van alles wat die onderrig in die betrokke periode mag behels (T O D, 1986:86).

In 'n studie oor die goeie primêre skool onderwyser, is verskeie ooreenkomste verkry met ander soortgelyke studies. Henny en Mortenson (1973:313) vat die opvallendste ooreenkomste soos volg saam:

- 1) Op 'n vraelys het leerlinge aangedui dat hulle onderwysers vooraf moet weet wat die inhoud van die les is en waaroor dit gaan, dus moet die onderwyser voorbereid klas toe kom.
- 2) Die metode van aanbieding is van kardinale belang indien die onderwyser verseker wil wees van die leerlinge se volgehoue aandag. Volgens Burns (1987:151) het die suksesvolle onderwyser 'n meer gemaklike, informele, warm en gesellige manier van oordrag van kennis.
- 3) Die aktiwiteite wat plaasvind tydens die aanbieding om dit

meer interessant te maak,

- 4) die atmosfeer waarin die aanbieding geskied en
- 5) die verhouding met die leerlinge bepaal in 'n groot mate die sukses van die les. Die onderwyser wat die vermoë het om meer persoonlik met die leerlinge te wees in die aanbieding van sy les, behoort meer suksesvol te wees.
- 6) Die onderwyser moet bewus wees en voorsiening maak vir individuele verskille en volgens Burns (1987:151) moet hy meer empatie toon, meer sensitief wees vir die behoeftes van die leerlinge en meer buigsaam in sy optrede.
- 7) Voorsiening moet ook gemaak word vir stimulerende denke.
- 8) Baie belangrik vir die ontwikkeling van die leerling is om hom te leer om al hoe meer onafhanklik en selfstandig te werk te gaan.

### 3.3 SAMEVATTING

De Witt (1979:103-104) het 'n omvattende lys saamgestel van nege uiteenlopende hoedanighede van die onderwyser wat beskou kan word as belangrike eienskappe vir die doeltreffende of suksesvolle persoon in die onderwysberoep.

- 1) Die onderwyser moet 'n Christen wees, want die ideale onderwyser sien homself in diens van die Meester. (In dié verband word die bewering in Artikel 9 van die Christelik-nasionale onderwysbeleid (soos aangehaal deur Smit, 1981:14) gemaak dat 'n onderwyser sonder 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing "vir ons niks minder as die dodelikste gevaar is nie".) Uit die aard

van sy beroep, het die onderwyser daagliks die geleentheid om sy Christenskap uit te leef.

2) Die onderwyser behoort idealisties te wees en altyd uit te reik na hoër hoogtes sodat sy opvoedende potensiaal nie afneem ten koste van die kind nie.

3) Nuwe idees behoort beproef te word, nuwe kennis ingewin te word en vernuwing moet stelselmatig plaasvind, sodat gewaak kan word teen stereotipering en afstomping. Net 'n ontvanklike oop gemoed is vatbaar vir nuwe insigte.

4) 'n Onderwyser behoort meester van sy vak en wydbelese te wees, sodat die inhoud van die les lewend aangebied kan word.

5) Om net die leerling in die klas se naam te ken, is nie genoeg nie. Om sukses te kan behaal, is dit 'n voorvereiste om ook elke leerling as individu te ken.

6) Dit is belangrik om lojaal te wees teenoor die hoof, die skool en kollegas, want dit is noodsaaklik vir gesonde verhoudinge en bevorder goeie werk.

7) Die onderwyser moet liefde hê vir elke leerling in die klas, nie net dié wat goed saamwerk nie, maar ook dié wat moeilik of minder begaafd is.

8) Konsekwentheid, billikheid en opregtheid met al die leerlinge in die klas is noodsaaklik. Die vertroue in die onderwyser word ook versterk deur positiwiteit en geloofwaardigheid.

9) Die onderwyser dien voortdurend as identifikasiefiguur vir leerlinge, daarom is dit te alle tye en oral noodsaaklik dat hy 'n goeie voorbeeld sal wees, omdat dit een van die doeltreffendste en blywendste "leermiddels" is in die hand van die onderwyser.

Uit voorafgaande studie blyk dit dat die onderwyser 'n enorme taak en onbeperkte verantwoordelikheid op sy skouers het om die kind te lei tot volwassenheid. Al hoe meer druk word geplaas op die onderwyser, daarom sal daar vervolgens gekyk word na spanning en angs by die onderwyser.

#### 3.4 ANGSTOESTANDE BY DIE ONDERWYSER

Verskeie publikasies het die afgelope twintig jaar verskyn oor druk, die oorsake en gevolge daarvan en vele onderwerpe wat handel oor spanning en angs en daar is nog steeds 'n toename in die verskyning van publikasies oor druk.

Adams (1980:9) beskou stres as die liggaam se fisiese, geestelike en chemiese reaksie op verbrokkeling of verwarring. Hierdie stres berei die mens voor om die onbekende of angswekkende te kan hanteer. Dit is dus die mate waartoe die mens 'n gegewe krag of invloed wat op hom inwerk, kan verduur en verwerk (Humprey, 1985:4)

In teenstelling met Adams (1980:9) wat stres definieer as 'n psigologiese reaksie op verbrokkeling, is Bummel en Rader (1987: 305) van mening dat stres nie net 'n geestelike toestand is nie,

maar dat dit die mens in totaliteit aantast: verstandelik, emosioneel, geestelik en sosiaal. Stres ontstaan dus wanneer daar 'n versteuring in 'n persoon se psigologiese en/of biologiese ewewig plaasvind.

Dirken (1967:16) huldig byna dieselfde siening as die vorige skrywers en beskryf die proses as volg: "die organisme word as 'n sisteem wat uit dele bestaan, gesien. Elke deel van die sisteem word deur die gedrag van die ander dele beïnvloed". Versteuring wat dus by een deel voorkom, versteur die ewewig van die hele sisteem. Onewewig in 'n sisteem bring spanning mee.

Druk word normaalweg gesien in terme van buitengewone en kritieke situasies, maar dit kan ook in die alledaagse lewe voorkom. Dit is dus nie alleenlik die gevolg van abnormale en buitengewone toestande nie. Die individuele fisiese en psigiese behoeftes, die omgewing en kultuur waarin hy lewe, kan hom daagliks aan druk blootstel (Roos, 1970:2). Sommige individue word min en ander weer meer ernstig deur alledaagse druk beïnvloed. Ons is oral vervleg in 'n netwerk van vriendskappe en verpligtinge wat alles oorsake is van druk en spanning. Ons lewe elke dag en moontlik vir die res van ons lewe met faktore wat stres veroorsaak, daarom is dit noodsaaklik dat ons leer om dit te verdra en daarmee saam te leef (Fogarty, 1975:31). Dit is ook noodsaaklik om vas te stel wat die oorsake van jou probleme is om dit te probeer oplos of te verminder en daarvoor is indringende selfkennis, volgens

Rivlin (soos aangehaal deur De Witt, 1979:52), noodsaaklik.

Maslow en Mittelman (soos aangehaal deur Roos, 1970:2) deel alledaagse druk in drie kategorieë in, naamlik druk veroorsaak deur:

1. die fisiese en biologiese behoeftes van die mens (uiterlike),
2. die kultuur waarin jy lewe, nl. die eise, beperkings, gewoontes, teenstrydighede en konflik,
3. innerlike psigologiese behoeftes, nl.
  - 3.1 aanmoediging, bevrediging, vermyding van pyn en fisiese ongemak,
  - 3.2 die behoefte aan selfrespek, onafhanklikheid, prestasie, voldoendheid,
  - 3.3 die behoefte aan veiligheid, liefde en agting van jou medemens.

Stres is multidimensioneel en behoort gesien te word ooreenkomstig die situasies wat dit veroorsaak. Dit is die siening van Endler en O'Sada (soos aangehaal deur Phillips, 1978:30) wat die oorsake van stres in die volgende vier algemene situasies indeel:

1. interpersoonlik: interaksie met ander mense,
2. fisiese gevaar: wanneer 'n persoon moontlike fisiese gevaar in die gesig staar,
3. onbekende: vreemde of ongewone situasies,
4. algemeen en daaglik: alledaagse roetine van dag tot dag.

Phillips (1978:30) voeg by dat persoonlikheidsfaktore ook hier 'n rol gaan speel in die angsreaksie. 'n Persoon se affektiewe reaksie op stres kan 'n addisionele bron van stres word.

Emosionele druk het verskillende uitwerkings op mense afhangende van hoe sterk die druk is, wie die persoon is, hoe hy voel en waar hy hom bevind wanneer hy emosionele druk ervaar (McLean, 1974:9). Angs en depressie is maar twee van die vorme van spanning wat mense beleef (Fogarty, 1975:5). Ons moderne samelewing is die oorsaak van nuwe vorme van angs en ernstige geestessiektes is aan die toeneem. Druk is nie altyd skadelik nie - alleenlik intense en langdurige druk. Ons kan nie angs uit ons lewens weer nie en dit is ook nie gewens om angs heeltemal uit ons lewens te laat verdwyn nie, omdat dit ons kan aanspoor tot aksie en ons kan motiveer tot hoër hoogtes. Dit is een van die opvoedingstake in ons lewe om te leer leef met angs en om dit te kan verwerk (Kurzweil, 1968:197 ; McLean, 1974:7).

Baie word deesdae geskryf oor die ontevredenheid van mense met hulle werk. Volgens navorsing is die oorsaak die roetine wat gevolg word, beperkte moontlikhede vir kreatiwiteit en dat daar nie geleentheid is om uitdrukking te gee aan jou gevoel deur middel van jou werk in die hedendaagse geïndustrialiseerde opset nie (Kurzweil, 1968:127).

Rivlin (soos aangehaal deur De Witt, 1979:52) rangskik die oorsake van persoonlikheidsprobleme onder drie hoofde, nl.

1. probleme wat voortspruit uit die persoonlike lewe van die persoon (in hierdie geval die onderwyser),

2. probleme wat voortspruit uit sy verhouding tot die gemeenskap en
3. probleme wat geaktiveer word deur probleme in sy professionele lewe.

Calabrese (1987:66) onderskei tussen positiewe en negatiewe stres. Stres het nie noodwendig net negatiewe gevolge nie. 'n Beperkte hoeveelheid stres kan die mens positief laat optree en selfs motiveer. Stres kan byvoorbeeld in 'n positiewe sin vir die onderwyser as bron van motivering dien om goed te beplan vir elke les. Calabrese (1987:67) beskryf sulke onderwysers as diegene met 'n gewoonlik goeie selfbeeld en selfdissipline wat hulle in staat stel om spanningsvolle situasies goed te kan hanteer.

"Negatiewe" stres word veroorsaak deur byvoorbeeld swak klas-kamerbestuur. Gewoonlik is die onderwyser geneig om klein probleempies te vergroot. Die resultaat daarvan is dan swak voorbereide lesse, lae verwagting van leerlingprestasie en gedrag en onvoldoende ondersteuning aan leerlinge asook doelstelings.

Bronne van stres vir die onderwyser kan in drie kategorieë verdeel word, naamlik:

1. Die verhouding tussen die onderwyser en administrasie.
2. Die verhouding tussen die onderwyser en die skoolorganisasie as 'n burokrasie.
3. Die verhouding tussen die onderwyser en die klaskamer

(Calabrese, 1987:67-68).

Volgens Sorenson (soos aangehaal deur De Witt, 1979:50) is daar 'n onrusbarende hoë persentasie onderwysers met persoonlikheidsprobleme wat stremming in hul beroep veroorsaak.

Al hoe hoër eise word aan onderwysers en leerlinge gestel wat die druk en spanning verhoog. 'n Toenemende getal studente en onderwysers knak onder die druk van al hoe groter wordende akademiese vereistes wat aan hulle gestel word (Kurzweil, 1968:158). Van der Berg (soos aangehaal deur Van der Merwe, 1976:57) beklemtoon dat die onderwyser 'n "meerledige taak" het. Hy is nie net onderwyser nie, maar moet ook as opvoeder en leier in die gemeenskap sy taak met sukses kan volvoer. Die druk word verder verhoog deurdat die onderwyser nie net oor vakkennis moet beskik nie, maar hy moet ook 'n vormende invloed op die kinders hê, 'n studie maak van die kind en steeds student bly om nog meer te leer.

Eise wat aan die onderwyser gestel word neem toe deurdat die skool al hoe meer van die opvoedingsverantwoordelikheid van die ouer oorneem. Verantwoordelikhede teenoor kinders wat vroeër deel was van die taak van die huis, word nou ook na die skool geskuif. Die skool word ook verantwoordelik gehou vir die kulturele vorming van die kind, leesgewoontes, spraak, aanleer van kommunikasie en vele ander dinge (Nel, 1981:65 e.v.).

Kurzweil (1968:186) vra die vraag: "How are teachers to cope with all these demands without raising new anxieties in themselves as well as in their charges?" Bogenoemde skrywer is ook van mening dat dissiplinêre probleme soms

traumatiese gevolge kan hê vir die onderwyser. Dit gebeur soms as gevolg van die feit dat die nuwe onderwyser te doen kry met groot en ongedissiplineerde klasse wat aggressie tot gevolg het. By die jong onderwyser is die gevoel meer 'n soort van kompensasie vir die belewing van die afbreking van sy gesag.

De Witt (1979:53-57) meen dat sommige onderwysers in baie opsigte onbevoeg in hul werk is en dat hulle oorgevoelig is vir kritiek van buite. Hierdie oorreaksie veroorsaak dat dinamiese spanning ontstaan. Ook die hiërargie van persone aan wie rekenskap verskuldig is, verhoog die spanning. Té ambisieuse en onrealistiese doelwitte is ook ideale faktore vir die ontstaan van chroniese spanning. 'n Chroniese spanningstoestand kan ook ontstaan wanneer daar 'n radikale verskil bestaan tussen wat 'n persoon werklik is en wat hy voorgee om te wees.

'n Onderwyser wat sy opvoedingswerk in die regte lig sien, het dus geen maklike taak nie (De Witt, 1979:4). Die samelewing se verwagtinge van die skool het al hoe meer omvangryk en uitdagend geword, met die gevolg dat puik onderwys geestelik en liggaamlik uitputtend is.

Verminderde klem, maar nie verwydering daarvan nie, op kompetisie by skole kan ook 'n afname in angs tot gevolg hê. Tog kan kompetisie baie positief in die skool aangewend word om leerdoelwitte te bereik (Kurzweil, 1968:190).

De Witt (1979:50) toon aan dat verskeie ondersoeke alreeds die noodsaaklikheid van keuring van "gebalanseerde, welaangepaste persoonlikhede vir die onderwysberoep" beklemtoon, maar dat baie

navorsing nog gedoen behoort te word oor die onderwyser en spanning. Aan die anderkant behoort steurende invloede wat inwerk op die gesonde persoonlikheidsontwikkeling van die diensdoende onderwyser verminder of heeltemal uitgeskakel te word in belang van medekollegas en veral die leerlinge in sy klas.

Indien vasgestel kan word watter eienskappe kenmerkend is van persone met 'n lae weerstand teen druk, kan sulke persone, sover dit prakties moontlik is, uitgesluit kan word uit betrekkinge en situasies waar druk té hoë eise aan hul vermoëns sal stel. Dit kan nie net tot voordeel van die individu wees nie, maar ook van die gemeenskap (Roos, 1970:3).

### 3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is eerstens gekyk na die rol van die onderwyser, nie alleen in die skool nie, maar ook in die samelewing.

Die onderwyser is die belangrikste hulpmiddel vir die spil waarom die onderwys draai en vervang ook die ouer tot 'n groot mate. Hy dien ook as identifikasiefiguur binne en buite die skool en moet daarom 'n goeie lewenswandel en bepaalde standarde handhaaf. Die onderwyser oefen 'n kragtige invloed op die kind uit en het te doen met die totale vorming van die leerling.

As lid van die gemeenskap het hy 'n sosiale rol en tree soms op as leiersfiguur waar hy ookal benodig word. Die onderwyser moet besef dat hy ook 'n rol in die gemeenskap het om te vervul.

Dit het beter verhoudinge tot gevolg tussen ouer en onderwyser asook 'n beter gesindheid teenoor die skool as sodanig.

Daar is ook kortliks gekyk na die doeltreffende of suksesvolle persoon in die onderwysberoep. Burns(1987:151) het tereg gesê dat effektiwiteit in die onderwys 'n relatiewe begrip is tot die klas, skool en sosiale omgewing waar dit plaasvind. Tog is daar deur middel van navorsing algemene kenmerke en opvallende ooreenkomste by suksesvolle onderwysers gevind.

Die meeste navorsers het bevind dat die kind vooropgestel moet word om sukses te kan behaal, want dit is tog waaroor die onderwys gaan. Van die belangrikste ooreenkomste wat genoem is, is 'n aangename omgewing en klasatmosfeer, goeie beplanning vooraf, goeie klasorganisasie, 'n sensitiewe en buigsame persoonlikheid, objektiwiteit, aanvaarding en 'n onberispelike en Christelike lewenswandel sodat hy deur sy voorbeeld die kind kan oproep tot meeewing met God.

As gevolg van die enorme taak en verantwoordelikhede van die onderwyser, was dit nodig om kortliks te gaan kyk na spanning en angs wat die onderwyser beleef in sy beroep.

Druk kom nie net voor in abnormale en buitengewone toestande nie, maar ook met die uitvoer van ons daaglikse verpligtinge. Gevolglik moet elke mens leer om dit te verdra en daarmee saam te leef. Druk ontstaan veral as gevolg van interpersoonlike verhoudinge met ander, fisiese gevaar, daaglikse roetine en

onbekende of ongewone situasies. Daar is bevind dat druk verskillende uitwerkings op verskillende persone het. Ons kan nie druk uit ons lewe weer nie, daarom moet dit aangewend word om te dien as motivering om ons aan te spoor tot hoër hoogtes.

Druk het baie negatiewe gevolge en is aan die toeneem as gevolg van beperkte geleentheid om daaraan uiting te gee. "Negatiewe" druk veroorsaak swak werk, resultate, gedrag en sodoende swak verhoudinge en ondersteuning.

Eise aan die onderwyser is aan die toeneem, veral akademiese eise. Al hoe meer onderwysers knak onder die toenemende druk. Ander faktore wat hul spanning verhoog, is té ambisieuse en onrealistiese doelwitte, die hiërargie van persone aan wie rekenskap gegee moet word, kompetisie op akademiese en sportgebied en die té lae weerstand teen druk by sommige mense.

Nog baie navorsing moet oor spanning en angs in die onderwys en by die onderwyser gedoen word om werklik tot die besef te kom tot watter mate hoë eise en druk die gesonde persoonlikheid van die onderwyser benadeel.

## HOOFSTUK 4

DIE KIND IN DIE PRIMÊRE SKOOL

In primêre onderwys word daar voorsiening gemaak vir twee skoolfases van drie jaar elk, naamlik:

- a) die junior primêre fase (graad 1 tot standerd 1)
- b) die senior primêre fase (standerd 2 - 4).

4.1 JUNIOR PRIMÊRE FASE (graad 1 tot standerd 1)4.1.1 DIE SKOOLBEGINNER

Volgens die onderwysordonnansie is 'n kind skoolpligtig vanaf die begin van die jaar waarin hy sewe jaar oud word, tensy anders bepaal deur die skoolraad en/of die Direkteur van Onderwys (TOD, 1985:1).

Bondesio (1982:110) omskryf hierdie fase as "basiese onderwys" met toetredê op ses- of sewejarige ouderdom. Dit volg op die voor-basiese fase van skoolgereedmaking. Basiese onderwys word verder omskryf as "die minimum onderwys wat verskaf moet word ten einde redelike sorg te dra dat die leerder kan baat vind by die opvolgende fase van onderwys of dit in die formele onderwys of dan in die nie-formele onderwys is". Basiese geletterdheid word vasgelê sodat die leerling daarna vatbaar kan wees vir verdere onderwys of beroepsopleiding.

In al die klasse van hierdie fase word hoofsaaklik klasonderwys gegee. As gevolg van die uiteenlopendheid van die leer-

behoefte van individuele leerlinge en spesifieke groepe leerlinge, word die voorgeskrewe leerstof gedifferensieerd aangebied. Die onderrig deur die onderwyseres behoort te lei tot die optimale ontplooiing van elke leerling ooreenkomstig sy vermoëns en moontlikhede (TOD, 1985:6).

Die kind wat die junior primêre fase betree, maak vir die eerste keer kennis met 'n formele skoolsituasie. Die eerste skooljaar is 'n baie groot gebeurtenis in die lewe van die kind sowel as die ouer. Die kind se eerste skoolklassie word deur 'n vrou gelei. Indien die kind nie in 'n kleuterskool was nie, het hy hoofsaaklik nog net te doen gehad met sy moeder, daarom is hy van mening dat die onderwyseres net soos sy moeder moet wees. Mettertyd leer hy om haar meer objektief te beskou en dit het tot gevolg dat hy meer selfvertroue begin kry wanneer hy daarin slaag om haar ware geaardheid op te som. 'n Swak verhouding met die moeder kan dit vir die kind baie moeilik maak om die geaardheid van die onderwyseres te bepaal. Indien die onderwyseres baie in gemeen het met die ouers, pas die kind maklik aan en word hy 'n gretige leerling (Van Elfen, 1973:162, e.v.). Die oorbeskermd kind belewe gewoonlik die meeste angs en pas die stadigste aan. Ook die kind wat uit 'n onseker en onbeskermd huis kom, gaan moeilik aanpas (Clarke-Stewart & Koch, 1983:357; Duminy, 1980:3).

Afgesien van die aanpassing by die nuwe omstandighede, is

daar ook verskeie ander "struikelblokke" wat oorkom moet word. Baie skoolbeginners kom lomp en liggaamlik onbeholpe voor. As hulle swak beheer het oor groot liggaamspiere veroorsaak dit swak koördinasie van ledemate, met die gevolg dat die fyn spierkoördinasie ook swak sal wees. As gevolg van swak fisies-motoriese vaardighede gebeur dit dikwels dat die kind 'n vreeshouding ontwikkel wat oorgaan in gebrekkige selfvertroue en baie min waagmoed (Turner & Helms, 1987:189). Deur gebruik te maak van 'n bepaalde skoolgereedheidsprogram, word fisies-motoriese bewegings, taalaktivering en taalverryking verbeter, perseptuele vaardighede en persoonlikheid word ontwikkel en dan kan dit opgevolg word met 'n inburgeringsprogram (Greyling & Joubert, s.j.:5-8).

Indien leer- en ander probleme vroegtydig ontdek word, kan baie gedoen word om die leerling te help om weer by die ander kinders in sy klas aan te pas. Indien die onderwyseres nie kan help nie, is daar opgeleide personeel of 'n kinderleidingkliniek waar dieperliggende probleme noukeurig ondersoek en aan aandag gegee kan word.

Die perseptuele ontwikkelingsprogram is 'n skoolgereedheidsprogram of voorbereidingsprogram wat in alle graadeenklasse geïmplimenteer behoort te word gedurende die eerste paar weke van die skooljaar. Die perseptuele program duur gewoonlik ses weke. In hierdie tydperk behoort daar voldoende aandag gewy te

word aan die voorsiening van die nodige ervaring en belewenisse voordat daar met die formele onderrig begin word. Hierdie program help ook tot 'n mate met verskille in die graad van skoolgereedheid wat daar by toetrede tot die skool by die kinders voorkom. Die onderwyseres het dus nie net bloot 'n beginnersklas om te onderrig nie, maar individue. Hierdie voorbereidingsprogram moet op die vlak van die kind begin om sodoende gapings in sy kennis en algemene ontwikkeling te voorkom of te oorbrug (Grové & Hauptfleisch, 1975:13-15). Die meeste leerlinge is dalk fisies en emosioneel gereed om opdragte uit te voer, maar individueel is daar baie verskille tussen hulle en dit sou dus onprakties wees om dadelik te begin met formele onderrig. Elke leerling moet eers tot skoolgereedheid gebring word (Greyling, s.j.:6). In dié verband is Van der Merwe en Johnston (1970:1) van mening dat 'n té lang perseptuele ontwikkelingsprogram tot nadeel van 'n deel van die klas sal wees. Voorsiening moet hier gemaak word vir beide groepe leerlinge in die klas. Dit is hier waar dit die taak van die onderwyseres is om 'n veilige ruimte en rustige atmosfeer van saamspeel en saamleer te skep. Hoewel daar interaksie is tussen die leerlinge, is dit die onderwyseres wat die leiding moet gee, die verloop van sake moet beheer en dit in 'n bepaalde rigting moet stuur. Die onderwyseres se beïnvloeding geld dus vir die hele skooldag (Van Aswegen, 1970:30).

Die meeste skoolbeginners vind dit moeilik om in die klaska-

mers toereikend te luister, omdat hulle nie gewoond is om na groepsopdragte of -versoeke te luister nie. Hulle is ook nie seker wat om van die "nuwe" wêreld te verwag nie. Hulle moet dus eers leer om selektief te luister (Duminy, 1980:3).

Die skoolbeginner se aandagspan is kort, daarom moet die onderwyseres waak teen té lang volgehoue aandag, want dit veroorsaak spanning en vermoeienis. Sy aandag word ook maklik afgetrek deur opvallende stimuli, geluide buite die klas, bewegings van maats of voorwerpe, maar ook deur die houding en manier van lesaanbieding van die onderwyseres. Veral in die gradeklasse is dit noodsaaklik vir die onderwyseres om baie aandag aan die leerlinge te gee om hul aandag by hul werk te hou. Om aan die leerlinge tydens 'n les te sê om aan bepaalde sake of stimuli aandag te gee, verseker nog nie dat hulle wel die opdrag sal uitvoer nie. Die leerlinge vind die oorskakeling van "luister na stories" na "luister na opdragte" moeilik, daarom moet opdragte simpatek, maar kort en duidelik oorgedra word. Slordige en onduidelike spraak deur die onderwyseres veroorsaak dat die kind soms nie verstaan of nie kan hoor wat gesê word nie (De Wet & Monteith, s.j.:5 ; Lancaster, 1980:24).

Die onderwyseres moet ook bedag wees op die fisiese toestand van die leerling, byvoorbeeld as hy siek, moeg of honger is, sal hy nie kan volhard met sy werk of aandag gee nie. Swak gesondheid beperk sy ervaringsveld en verminder nuuskierig-

heid. Die leerling verwag dat die onderwyser sy wêreld sal verstaan en vir hom 'n veilige ruimte by die skool sal skep.

Affektiewe kontak in die klas is noodsaaklik om die kind se geborgenheidsgevoel te versterk. Sonder simpatieke leiding sal dit vir die kind moeilik wees om die gebondenheid en inperking te aanvaar. Die onderwyseres en die kind se ouers is sy belangrikste steunpilare. As een van hulle kwaad, afgetrokke of belangeloos is, het hy niemand om te vertrou nie. Dit veroorsaak gevoelens van onveiligheid en ongeborgenheid. Liefde is die hoeksteen van geborgenheid en veiligheidsbeleving en as geheel dus ook 'n belangrike hoeksteen van opvoeding (Lancaster, 1980:24; Papalia & Olds, 1978:215).

#### 4.1.2 DIE TWEEDE SKOOLJAAR (sewe- tot agtjariges)

In die kind se tweede skooljaar kan hy al langer konsentreer as vroeër en hy kan langer met ander kinders saamwerk (Fitch, 1985:228; Liebert, Wicks-Nelson & Kail, 1986:211; Santrock & Yussen, 1987:206). Hy bly egter afhanklik van en geheg aan sy onderwyseres. Hy het baie goedkeuring en aanmoediging nodig van haar en sy moet eindelose geduld aan die dag lê om sy vrae te beantwoord en demonstrasies te lewer. Die onderwyseres is in hierdie stadium die kritiese faktor by die aanleer van tegnieke. Veral by die aanleer van lees is dit sy wat die klimaat skep, motiveer, geborgenheid bring, die metodes vertolk, die tegniek verfyn en deur haar persoonlikheid en metode met die leerinhoud tot die kind spreek. Aan die begin

van elke jaar is die verhouding wat die onderwyseres met die kind opbou baie belangrik (Fong & Resnick, 1986:336-337; Santrock & Bartlett, 1986:368).

Op hierdie ouderdom is goedkeuring en simpatieke optrede meer doeltreffend as liggaamstraf. Die leerling vrees lyfstraf en assosieer 'n pak slae met mislukking en verwerping. Lyfstraf moet dus as laaste uitweg gebruik word (Avenant, 1980:31). Die leerling is op hierdie ouderdom ook baie gevoelig vir kritiek en is nog nie ryp vir baie wedywering nie. Leerprobleme ontstaan dikwels, omdat 'n leerling nie sy onderwyseres aanvaar nie (Van Elfen, 1973:167-168). Die beginsel van 'n suksesvolle onderrigprogram is dat dit in onderrig, steeds moet gaan om die kind, daarom moet elke leerling in elke klas die beste geleentheid kry om sy potensiaal na die beste van sy vermoë te ontwikkel. Elke onderwyser moet dus gereed en voorbereid wees om te help waar hy kan (Greyling, s.j.: 22; Van der Merwe & Johnston, 1977:47).

#### 4.1.3 DIE DERDE SKOOLJAAR (agt- tot negejariges)

Die leerling se derde skooljaar is die laaste jaar in die junior primêre fase. Op hierdie ouderdom wil hulle graag saam met ander kinders speel, hou al by elementêre reëls van 'n spel, raak nie so gou verveeld nie en die spel kan al 'n tyd voortgaan. Die agtjariges is meestal aangename leerlinge om in 'n klas te hê, want hulle geniet dit om skool te gaan. Hulle is nuuskierig, lief vir maats, hou van vertellings van

ou beskawings, reisverhale en Aardrykskunde (Barnard, 1975:276; Van Elfen, 1973:198-199).

Spel is soms vir die agtjarige 'n uitbeelding van die werklikheid. Deur middel van spel het hy die geleentheid om vrye teuels te gee aan sy verbeelding (Van Elfen, 1973:198).

Die kind het geen behoefte aan toeskouers nie, omdat hy vir homself presteer. Sy beloning is die belewenis van die rol wat hy in die spel vertolk het. Dramatiese spel dien ook as uitlaatklep vir aggressiewe gevoelens en emosies, help om onderlinge verhoudinge te verbeter en om 'n gesonde emosionele balans te handhaaf. Dit bevorder ook affektiewe en kognitiewe leer (Lancaster, 1980:43).

Die agtjarige leerling is nie meer so ingetoë en sensitief soos voorheen nie, pak daaglikse situasies met meer lus aan en beskik oor oordadige lewenskrag. Dit is makliker om met hom oor die weg te kom, want hy wil graag goed doen en goed wees. Hy begin beseef dat hy rekenskap moet gee van sy doen en late en begin hom met sy klasmaats vergelyk om te kyk wie is die slimste, vinnigste en sterkste. Sy onderwyseres word toenemend die belangrikste persoon in sy lewe (naas sy ouers). Die onderwyseres dra haar eie lewensbeskouing in hierdie stadium baie maklik oor na die leerlinge, want vir hulle is haar woord wet (Van Elfen, 1973:175, e.v.).

Deur middel van 'n beloningstelsel kan hulle sterk gemotiveer word om hulle werk goed te doen. Die kwaliteit sowel as die

kwantiteit van versterking en terugvoer aan die kind is belangrik, want dit bepaal die kwaliteit van die leergebeure (Fong & Resnick, 1986:337). Interessante vroeë veroorsaak dat goeie samewerking verkry word en gereelde afwisseling van vakke kan vermoeidheid uitskakel of verminder. Hulle leer ook maklik deur die foute van ander, wil graag korrek en netjies in hul boeke werk en geniet dit om op die skryfbord te skryf terwyl die ander leerlinge toekyk (Barnard, 1975:276).

#### 4.2 OORSIG ~~~~~

Die onderwyseres het 'n groot aandeel in die gevoelsmatige of emosionele ontwikkeling van die kind. Gesonde emosionele ontwikkeling is noodsaaklik vanaf die eerste skooljaar. Grové en Hauptfleisch (1975:14) beveel aan dat die onderwyseres veral aandag moet gee aan die volgende punte van belang:

- 1) Om die vertrouensverhouding van die kind te versterk, moet daar 'n atmosfeer van rustigheid, bestendigheid en vriendelikheid in die klas heers, sodat die leerling die vrymoedigheid het om met sy probleme na die onderwyseres te gaan.
- 2) Die kind se selfvertroue en selfrespek moet versterk word en hy moet voel dat hy aanvaar word. Onmoontlike eise moet vermy word.
- 3) Elke leerling moet persoonlike aandag kry.

- 4) Dit is noodsaaklik dat die optrede van die onderwyseres regverdig en konsekwent moet wees. Die leerling moet presies weet wat hy mag of nie mag doen nie en verstaan waarom bepaalde optrede nie toegelaat word nie.
- 5) Die kind identifiseer hom graag met 'n navolgenswaardige volwassene. Netheid en orde in die klas weerspieël die persoonlikheid van die onderwyseres.
- 6) By die kind se eerste aankoms moet hy vriendelik ontvang word en 'n paar woordjies met hom gepraat word, sodat hy gou tuis kan voel.

Die onderwyseres in die junior primêre fase word beskryf as "die nokpaal in die tent van onderwyshulp na volwassewording, waarin ons die jong kind wil beskut en omvou" (Pretorius, 1980:28). Die junior primêre fase word beskou as die fondament van die kind se opvoedingstruktuur. Van der Merwe (1977:47) beklemtoon die belangrikheid van die opvoedingshandelinge in hierdie fase as volg: "Lay them soundly, and the teachers of the higher phases can build well without fear of collapse."

Daar kan veel meer omtrent die kind in die junior primêre fase gesê word, maar vir die doel van hierdie studie kan met die gegewe volstaan word.

Vervolgens sal daar aandag gegee word aan die kind in die senior primêre fase.

#### 4.3 SENIOR PRIMÊRE FASE (standerd 2-4)

Lane en Beauchamp (1980:44) deel hierdie fase en die sekondêre fase soos volg in:

|                  |                    |                   |
|------------------|--------------------|-------------------|
| Middelkinderjare | Vroeë adolessensie | Laat adolessensie |
| 9 - 11 jaar      | 12 - 14 jaar       | 15 - 18 jaar      |

Die ontwikkeling van die kind tussen ses en twaalf jaar is onderhewig aan invloede en gebeure by die skool, omdat hy 'n groot deel van die dag by die skool deurbring. Die nege- tot tienjarige leerling is nou in 'n oorgangsfase van die junior primêre fase na die senior primêre fase. In standerd 2 word meestal nog van 'n stelsel van klasonderwys gebruik gemaak wat die onderwyser in staat stel om die leerling goed dop te hou om individuele veranderinge raak te sien. Volgens Pretorius, Frey en Rosenblatt (s. j.:165) wil dit voorkom asof die oorskakeling van die junior na die senior primêre fase sonder ernstige probleme plaasvind as gevolg van geleidelike aanpassing. Van Elfen (1973:175) beweer egter dat die skoolwerk meer veeleisend word in standerd 2, aangesien hoër standaarde aan die kind gestel word en vakke moeiliker word. Die nege- tot tienjariges word egter beskou as leergierige leerlinge wat graag hul wêreldbeeld wil uitbrei. Hulle waardeer sterk leiding van die onderwyser in 'n demokratiese en gemaklike klassituasie. Prestasiebewustheid en beloning speel 'n belangrike rol in hul motivering (Saunderson, 1980:43). Hulle is baie ontvanklik vir suggesties van ouers en onderwysers en hou ook van hul

geselskap. Hulle is wakker van gees en aanvaar ander soos hulle is met vriendelikheid en lojaliteit. Die leerlinge kan nou al hul eie mening vorm van wat 'n goeie mens is. Solank reg en geregtigheid geskied, is hulle tevrede, doen graag hul plig, betoon die nodige respek teenoor diegene bo hulle en is bewus van sosiale orde. Die leerlinge op hierdie vlak hou ook daarvan om te doen wat ander wil hê hulle moet doen en dat hul gedrag goedgekeur word deur persone wat vir hulle belangrik is (Barnard, 1975:277; Kohlberg soos aangehaal deur Clarke-Stewart & Koch, 1983:322; Papalia en Olds, 1978:203; Santrock & Yussen, 1987:522-523).

Die nege- en tienjarige leerlinge lewe baie na aan mekaar, omdat hulle nou in 'n bepaalde fase van ontwikkeling is. Hulle is nou beter aangepas, minder afhanklik van volwassenes en wil vir almal van hulp wees. Hulle is dus in die heel aangenaamste fase van kindwees (Barnard, 1975:276). Tydens hierdie fase begin groepsvorming wat een van die belangrikste kenmerke van hierdie fase is. Hulle bou 'n groepsgees met behulp van gedragsreëls, kodes en geheime skrif. In 'n sekere sin is dit vir die kind 'n maatstaf vir die ontwikkeling van sy vermoëns, waardes en houdings. Dit verskaf ook 'n samehorigheidsgevoel en sy karaktertrekke kom hierin sterk na vore (Clarke-Stewart & Koch, 1983:347; Fitch, 1985:240; Papalia & Olds, 1978:232; Turner & Helms, 1987:249).

'n Ander belangrik kenmerk van hierdie fase is dat die kind

die vermoë ontwikkel om begrippe soos klassifikasie, reekse en verhoudings tussen getalle te begryp. Piaget klassifiseer hierdie fase as 'n stadium van realiteit, want die leerling begin nou besef dat objekte voorwerpe is wat hul van mense kry en dat drome nie werklik iewers afspeel nie, maar die produk is van denke wat in jou verstand plaasvind. Die meeste leerlinge kan nou al onderskei tussen konkrete dinge en hul fantasieë. Hulle het dus nou te realisties geword om nog aan onwerklikhede soos feetjies te glo. Ook avontuur-, oorlog- en diereverhale interesseer hulle baie (Clarke-Stewart & Koch, 1983:295 & 310; Papalia & Olds, 1978:197; Van Elfen, 1973:200).

In teenstelling met die aangename en lewenslustige nege- tot tienjarige leerling in die middelkinderjare, is die elf- tot veertienjarige, in die stadium van vroeë adolessensie, in 'n "negatiewe fase" waarin hy hom, veral aan die begin van hierdie fase, dikwels skuldig maak aan negatiewe gedragsuitinge (Bühler, soos aangehaal in Saunderson, 1980:46; Fong & Resnick, 1986:481-482). Hy begin opstandig word, word aangedryf deur 'n geldingsdrang, wil 'n rede hê vir optrede, wil sy mening lug en wil vertrou word. Tog kan hy nie sonder leiding en beheer oor die weg kom nie (Van Elfen, 1973:72).

Dit is nie net die fisiese nie, maar ook die hele persoonlikheid van die kind tydens hierdie fase wat verander. Leerlinge in die klas verskil met betrekking tot liggaamlike ontwikkeling

en dit het persoonlike en tussen-persoonlike probleme tot gevolg. Verskille wat in dieselfde klas voorkom wat rypheid betref, vererger die problematiese aard van hierdie stadium (Saunderson, 1980:46).

Die leerling het 'n kritiese benadering teenoor ander, homself en teenoor gebeurtenisse. Soms is dit sy ouers en die onderwysers wat moet deurloop onder sy kritiek. Sonnekus (soos aangehaal deur Saunderson, 1980:68) beweer dat die leerlinge en die onderwyser in die senior primêre fase 'n heeltemal ander tipe verhouding het as in die junior primêre fase. Dit is meer gedistansieerd, formeel en saaklik. Die les, leergesprek en alle ander komponente is nou gerig op die realiteit. Die leerling stel hoër eise aan die onderwyser en sal hom selfs uitspreek oor die bekwaamheid van die onderwyser. Van die grootste belang is hier, uit 'n didaktiese oogpunt gesien, 'n "goeie" onderwyser(es). Vir suksesvolle leer is dit noodsaaklik dat die leerlinge se emosies ook beheer word.

Saunderson (1980:52) beskou 'n gesonde klimaat in die klaskamer en doeltreffende tweerigtinggesprek tussen die onderwyser en leerlinge as noodsaaklik vir goeie onderrig en die opbou van goeie betrekkinge tussen die leerlinge onderling. Die onderwyser moet bereid wees om te luister na probleme en struikelblokke van sy leerlinge. Dit is belangrik dat die leerling in hierdie stadium tuis en op skool veilig en beskerm moet voel en hy moet weet dat daar iemand is wat

aan hom persoonlike aandag en beskerming sal gee indien dit nodig mag wees. Van Zyl (soos aangehaal deur Saunderson, 1980:51) wys daarop dat die leerling daagliks in dialoog is met sy onderwyser en dat daar nie 'n ander volwassene, buiten sy ouers, is wat 'n groter invloed op sy selfwording uitoefen nie (Fong & Resnick, 1986:546).

Elke onderwyser koester bepaalde verwagtings van sy leerlinge betreffende leervermoë en dit kan 'n baie duidelike invloed hê op die prestasievermoë van die leerlinge (Fong & Resnick, 1986:554). In die senior primêre fase speel memorisering van basiese feitekennis en inoefening van bepaalde vaardighede 'n belangrike rol met die oog op toetse en eksamens. Die primêreskoolkind het die vermoë om geheuewerk maklik baas te raak en geniet meestal memoriseringsopdragte. Met gesonde stimulering en aanmoediging leer die kind om sy eie potensiaal te ontdek en hy moet genoegsame geleentheid gebied word om deur middel van prikkelende en uiteenlopende omstandighede sy moontlikhede te ontwikkel (Barnard, 1975:281 ; Pretorius, et al, s.j. : 223).

Dit is opvallend dat daar in resente literatuur baie min oor die senior primêre groep in die primêre skool geskryf is. Nel (soos aangehaal deur Saunderson, 1980:72) het bevind dat die rede moontlik kan wees omdat kinders tussen agt en twaalf jaar die minste moeilikheid opgelewer het in 'n opname van al die gevalle van kinders wat na kinderleidingsklinieke gebring is.

Dit beteken dat hulle die minste onderhewig was aan konflikte en gedragsmoeilikhede. "Die saaklike, realistiese ingesteldheid" van die leerlinge word beskou as bydraende faktore tot die positiewe voorkoms van probleme (Coetzee, 1980:73).

Daar sal vervolgens gekyk word na die doel en metode van die ondersoek wat in hierdie studie ter sprake is.

#### 4.4 OORSIG

Alhoewel die nege- en tienjariges by die skool in 'n moeilike oorgangsfase is wat die skoolwerk betref, is hulle nou minder afhanklik van volwassenes en beter aangepas. Hierdie leerlinge is aangenaam en lewenslustig en hou van sterk leiding en goedkeuring van gedrag.

In teenstelling met die aangename en lewenslustige nege- tot tienjarige leerling in die middelkinderjare, is die elf- tot veertienjarige in 'n fase waarin hy hom dikwels skuldig maak aan negatiewe gedragssuitinge. Tog verwelkom hy sterk leiding en beheer.

Onderrig geskied meer formeel en saaklik en leergebeure is gerig op die werklikheid. In die senior primêre fase speel memorisering van feitekennis en inoefening van vaardighede 'n belangrike rol met die oog op toetse en eksamens.

Die onderwyser is daagliks in dialoog met hierdie leerlinge en het 'n groot invloed op hulle selfwording, daarom is dit belangrik dat die onderwyser 'n gesonde klimaat in die klas-

kamer en geleentheid vir tweegesprek sal skeep. Dit is noodsaaklik dat die leerling wat in hierdie stadium soveel veranderinge beleef, weet dat daar iemand is wat persoonlike aandag en beskerming aan hom sal gee indien dit nodig mag wees.

## HOOFSTUK 5

DOEL EN METODE VAN ONDERSOEK  
~~~~~5.1. DOEL  
~~~~~

Aangesien dit uit die literatuurstudie blyk dat daar nog nie 'n vasgestelde empiries-geëvalueerde seleksiemiddel bestaan vir die wetenskaplike seleksie van onderwyskandidate, en dan spesifiek vir junior primêre en senior primêre damesonderwysstudente onderskeidelik nie, word dit as 'n leemte beskou op grond van uiteindelijke doeltreffendheid wanneer hul in die beroep sal staan. Die doel van hierdie ondersoek is dus om die resultate van psigometriese toetse en 'n biografiese vraelys van junior primêre damesonderwysstudente te vergelyk met die senior primêre damesonderwysstudente om sodoende vas te stel of spesifieke psigologiese kwaliteite en vermoëns nodig is vir 'n bepaalde studierigting.

Weer eens word die effektiewe opleiding van onderwysers beklemtoon, sodat die belangrike en verantwoordelike taak van opvoeding en alles wat daarmee gepaard gaan die hoofklem kan kry en nie net uitsluitlik die oordrag van kennis nie. Onderwys is ook 'n opvoedingsmiddel, 'n middel vir die oordrag van kultuur, die bewaring van 'n eie identiteit en om die kind te lei tot volle ontwikkeling, aanpassing en meeleving.

## 5.2. METODE VAN ONDERSOEK:

### 5.2.1 INLEIDING

Die beplanning van 'n navorsingsprojek hang altyd af van die aard van die ondersoek en die metode van ondersoek. In die algemeen kan die volgende stappe onderskei word:

- I) Eerstens moet al die doelstellings van die ondersoek vasgestel word.
- II) Tweedens word 'n voorlopige opname gemaak van inligting wat op die vraagstuk betrekking het en 'n literatuuroorsig word gegee.
- III) Derdens word die doel en metode van ondersoek uitgestip.
- IV) Vierdens word die resultate van die ondersoek na die twee groepe studente wat verskeie aspekte aanbetref aangetoon en
- V) vyfdens vind die bepaling van ooreenkomste en verskille plaas wat die navorser in staat sal stel om tot bepaalde gevolgtrekkings te kom met die oog op aanbevelings vir toekomstige keuring van elke studiegroep onderskeidelik.

### 5.2.2 DIE PROEFPERSONE

Om vas te stel of spesifieke psigologiese kwaliteite en vermoëns nodig is vir hierdie bepaalde studierigtings, word van twee groepe proefpersone se gegewens gebruik gemaak

naamlik senior en junior primêre damesonderwysstudente.

Toetsgegevens van die 1986, 1987 en 1988 eerstejaars-groepe aan die Potchefstroomse Onderwyskollege is gebruik. Slegs damestudente is gebruik, aangesien slegs dames die junior primêre kursus volg.

Gegewens van studente wat hul kursus verander of gekanselleer het, is nie bygevoeg nie en daarom behoort die vergelykings meer betroubaar te wees.

Die proefpersone bestaan dus uit die totale aantal junior en senior primêre damesonderwysstudente aan die Potchefstroomse Onderwyskollege in 1986, 1987 en 1988.

Daar word slegs van die Potchefstroomse Onderwyskollege se studente gebruik gemaak in hierdie ondersoek, aangesien dit die enigste primêre onderwysinrigting is waar psigometriese toetsing op eerstejaarstudente gedoen word.

'n Probleem by die meeste ondersoeke na die onderwyser veral by die primêre skool onderwyser(es), is die beperktheid van die grootte en omvang van die groepe. As gevolg van fisiese en finansiële omstandighede asook die tydsfaktor is dit vir die individuele navorser onmoontlik om die ondersoek op 'n breër basis aan te pak.

Die onverwerkte gegewens wat oor drie jaar deur die Potchef-

stroomse Onderwyskollege versamel is oor drie verskillende jaargroepe studente, dien as basis vir hierdie studie en behoort voldoende te wees vir geldige en betroubare gevolgtrekkings.

Die toetsing word vanaf 1986 jaarliks met alle eerstejaarstudente aan die Onderwyskollege Potchefstroom gedoen deur 'n opgeleide toetsafnemer wat ook as sielkundige geregistreer is. Elke toets is volgens voorskrif afgeneem. Die proefpersone het tydens die toepassing van die meetinstrumente goeie samewerking gegee.

### 5.3. DIE MEETINSTRUMENTE

Ten einde 'n vergelykende psigologiese ondersoek te doen tussen die twee groepe damesonderwysstudente, is daar gebruik gemaak van die volgende meetinstrumente.

#### 5.3.1 DIE 19-VELDBELANGSTELLINGSVRAELYS (19-VBV)

##### 5.3.1.1 DOEL MET DIE VRAELYS

Die 19-veldbelangstellingsvraelys is opgestel vir die meting van beroepsbelangstelling van hoërskoolleerlinge in standerds 8 tot 10, studente en volwassenes in negentien breë belangstellingsvelde en gee ook 'n aanduiding van die mate waarin 'n persoon aktief/passief in die negentien velde belangstel, sowel as die mate waarin die toetsling se belangstelling werk- of stokperdjiegerig is.

##### 5.3.1.2 DIE BELANGSTELLINGSVELDE

## 5.3.1.2.1 Beeldende kunste

Beeldende kunste omsluit belangstelling in aktiwiteite wat op skilder-, beeldhou- en sketswerk en ook op die ontwerp van advertensies en uithangborde (handelskuns) betrekking het.

## 5.3.1.2.2 Uitvoerende kunste

Uitvoerende kunste het betrekking op belangstelling in musiek, sang, ballet, opera en operette.

## 5.3.1.2.3 Taal

Taal sluit belangstelling in die waardering van letterkunde en die praktiese aanwending en ontleding van taal in.

## 5.3.1.2.4 Histories

Histories gee 'n aanduiding van die persoon se belangstelling in die antieke en in gebeure wat in die verlede plaasgevind het.

## 5.3.1.2.5 Diens

Diens het betrekking op die lewering van diens aan nie-hulpbehoewendes in die samelewing soos byvoorbeeld deur kelners, winkelassistente en haarkappers.

## 5.3.1.2.6 Welsynwerk

Belangstelling in die lewering van diens aan hulpbe-

hoewendes in die samelewing word deur die veld welsyn-  
werk gedek.

#### 5.3.1.2.7 Geselligheid

Geselligheid is gerig op belangstelling in gesellige  
verkeer. Dit sluit die reëling van asook deelname aan  
gesellighede in.

#### 5.3.1.2.8 Openbare optrede

Openbare optrede het hoofsaaklik betrekking op die lewering  
van toesprake en optrede in die openbaar.

#### 5.3.1.2.9 Regte

Regte het betrekking op die bestudering sowel as toepassing  
van wette en regsbeginsels.

#### 5.3.1.2.10 Kreatiewe denke

Kreatiewe denke gee 'n aanduiding van die persoon se  
belangstelling in die gebruik van logiese denke vir  
die oplossing van vraagstukke en in die uitvoering  
van skeppende werk.

#### 5.3.1.2.11 Wetenskap

Wetenskap dek belangstelling in die fisiese en biologiese  
wetenskappe.

#### 5.3.1.2.12 Prakties - manlik

Prakties - manlik dek die meganiese en tegniese veld in die hantering van gereedskap vir die praktiese uitvoering van 'n taak.

#### 5.3.1.2.13 Prakties - vroulik

Prakties - vroulik het betrekking op belangstelling in huishouding, maak van klere en ander huishoudelike aktiwiteite wat veral deur vroue tuis verrig word.

#### 5.3.1.2.14 Numeries

Numeries meet die persoon se belangstelling in die gebruik van getalle en ander wiskundige sisteme vir die uitvoering van berekeninge.

#### 5.3.1.2.15 Besigheid

Besigheid sluit belangstelling in alle vorme van handeldryf met die oog op winsbejag in.

#### 5.3.1.2.16 Klerklik

Klerklik sluit in belangstelling in die roetinewerk wat normaalweg deur klerke verrig word.

#### 5.3.1.2.17 Rondreis

Rondreis is gerig op die meting van die mate waarin die persoon daarvan hou om dikwels te reis.

#### 5.3.1.2.18 Natuur

Natuur het hoofsaaklik betrekking op belangstelling in aktiwiteite wat buitenshuis verrig word en dek veeboerdery, verbouing van gewasse en bosbou.

#### 5.3.1.3 NORMSKAAL

Die norms vir elke belangstellingsveld word in terme van 'n stanegeskaal aangegee. Dit verskaf standaardpunte van 1 tot 9 met 'n gemiddelde van 5 en 'n standaardafwyking van 1,96 (Smit, 1979:310).

#### 5.3.1.4 STANDAARDISERING

Die 19-VBV is onderskeidelik in 1969 en 1971 op verteenwoordigende steekproewe van standerd 8, 9 en 10 toegepas om die huidige norms te bepaal. Dié vraelys is gemik op die meting beroepsbelangstelling van hoërskoolleerlinge in standerds 8, 9 en 10, studente en volwassenes. Dit is deur die RGN(1970) saamgestel en gestandaardiseer (Oosthuizen, 1983:58 ; Smit, 1979:300).

#### 5.3.1.5 BETROUBAARHEID

Die betroubaarheid van die 19-VBV is bereken deur middel van die halfverdelingsmetode en die indeks strek van 0,90 tot 0,98 wat baie goed is (Oosthuizen (1983:57)).

Die verskillende aspekte van belangstelling toon betroubaarheidskoeffisiënte wat wissel van 0,68 tot 0,81. Volgens Alberts (soos aangehaal deur Smit, 1979:310) is hierdie syfers bevredigend.

### 5.3.1.6 GELDIGHEID

In die proses van ontwikkeling van die 19-VBV is die Kuder-belangstellingsvraelys saam met die 20-VBV (daar was aanvanklik 20 velde) toegepas en faktorontleding uitgevoer. Uit die interkorrelasies het geblyk dat die 20-VBV, op een uitsondering na, al die velde van die Kuder dek. Twee van die 20-VBV se velde, naamlik Kreatiwiteit (Kr) en Dinkwerk (Dw), is uiteindelik saamgevoeg om die veld Kreatiewe denke (KD) van die 19-VBV te vorm (R G N, 1980:22 ; Alberts, 1969:119).

### 5.3.2 DIE PHSF-VERHOUDINGSVRAELYS (PHSF)

#### 5.3.2.1 STANDAARDISERING

Hierdie toets is deur die RGN (1970) saamgestel en gestandaardiseer (Smit, 1979:272).

#### 5.3.2.2 DOEL MET DIE VRAELYS

Die doel met die PHSF-verhoudingsvraelys is om deur middel van elf komponente die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge van hoërskoolleerlinge, studente en volwassenes te meet ten einde die mate van aanpassing te bepaal. Die PHSF is gerig op die dinamiese aspekte van die persoonlikheid. Die toets gee dus insig in die interaksie tussen die persoon en ander persone in sy omgewing (Van der Westhuizen, 1979:134).

#### 5.3.2.3 BESKRYWING VAN KOMPONENTE

Die PHSF meet elf komponente van aanpassing, wat in vier primêre aanpassingsgebiede verdeel word. 'n Gewensdheidskaal word ook ingesluit.

#### 5.3.2.3.1 Persoonlike verhoudinge

Dit is daardie intra-persoonlike verhoudinge wat van primêre belang in aanpassing is, naamlik :

##### 1) Selfvertroue

Die mate waarin die persoon vertroue het in sy werklike of vermeende vermoë om suksesvol te wees.

##### 2) Eiewaarde

Die innerlike waardeskatting wat berus op evaluasie en aanvaarding van werklike of vermeende persoonlikheidseienskappe, vermoëns en gebreke.

##### 3) Selfbeheer

Die mate waarin 'n persoon daarin slaag om sy emosies en drange volgens sy beginsels en oordeel te beheer of te kanaliseer.

##### 4) Senuweeagtigheid

'n Hoë telling in hierdie komponent dui op afwesigheid van simptome van senuweeagtigheid soos geopenbaar deur angstige, doellose, herhalende gedrag.

##### 5) Gesondheid

'n Hoë telling in hierdie komponent dui op 'n afwesigheid van behepthed met die fisiese toestand.

#### 5.3.2.3.2 Huislike verhoudinge

Dit is daardie verhoudinge binne die huisgesin wat deur 'n persoon as afhanklike ervaar word, naamlik :

6) Gesinsinvloede

Die mate waarin die persoon as afhanklike in 'n gesin beïnvloed word deur faktore soos sy posisie in die gesin, gesinsamehorigheid, verhouding tussen die ouers en sosio-ekonomiese toestande.

7) Persoonlike vryheid

Die mate waarin die persoon voel dat hy nie deur sy ouers ingeperk is nie.

5.3.2.3.3 Sosiale verhoudinge

Dit is daardie verhoudinge waardeur 'n persoon op harmonieuse en informele wyse by die sosiale omgewing inskakel, naamlik :

8) Sosialiteit

Die mate waarin 'n persoon 'n behoefte het en spontaan deelneem aan sosiale groepsverkeer (ekstrovert), teenoor die mate waarin die persoon afkerig is van sosiale groepsverkeer (introvert).

9) Sosialiteit

Die mate waarin die persoon 'n behoefte het om met 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag sosiaal te verkeer.

10) Morele inslag

Die mate waarin die persoon voel dat sy gedrag ooreenstem met die aanvaarde norme van die samelewing.

5.3.2.3.4 Formele verhoudinge

Dit is daardie verhoudinge wat in formele situasies in die skool, op kollege of universiteit of by beroepe voorkom, naamlik:

#### 11) Formele verhoudinge

Die mate waarin 'n persoon op skool, kollege of universiteit of in die beroep suksesvol is in sy formele verhoudinge tot medeleerlinge/medestudente/kollegas, asook gesagsfigure en meerderes binne die leersituasie/werksverband.

#### 5.3.2.3.5 Gewensheidskaal

12) Dit is 'n geldigheidskaal wat 'n aanduiding gee van die eerlikheid waarmee die persoon die vraelys beantwoord het. Die vrae is van so 'n aard dat slegs uitsonderlike persone met reg gunstige antwoorde daarop kan verskaf. Die laaste komponent is dus net 'n kontrolekomponent.

#### 5.3.2.4 NORMSKAAL

Norms (staneges) is vir mans en dames afsonderlik bereken. Dit verskaf standaardpunte van 1 tot 9 met 'n gemiddelde van 5 en 'n standaardafwyking van 1,96 (Smit, 1979:274).

#### 5.3.2.5 BETROUBAARHEID

Die betroubaarheid van die PHSF is bereken deur middel van die halfverdelingsmetode en die indeks strek van 0,71 tot 0,91 wat volgens Smit (1979:274) bevredigend is.

#### 5.3.2.6 GELDIGHEID

Van Vuuren (1973) (soos aangehaal deur Smit, 1979:274)

het bevind dat leerlinge wat onseker was oor hul beroepskeuse, beduidend in 'n ongunstige rigting verskil het van die leerlinge wat seker was van hul beroepskeuse .

### 5.3.3 DIE OPNAME VAN STUDIEGEWOONTES EN -HOUDINGS (OSGH)

#### 5.3.3.1 DOEL EN RASIONAAL

Die feit dat sommige studente met klaarblyklik hoë akademiese vermoë in akademiese werk onderpresteer, terwyl ander studente met slegs middelmatige vermoë relatief goed presteer, bied voortdurend 'n uitdaging aan opvoeders. Die OSGH is ontwikkel ten einde te help om hierdie uitdaging die hoof te bied.

Die oogmerke met die OSGH is:

- a) die uitkenning van studente met studiegewoontes en -houdings wat verskil van die van studente wat hoë punte behaal;
- b) om dosente en andere te help om studente met akademiese probleme te verstaan, en
- c) om 'n basis daar te stel om hierdie studente te help om hulle studiehoudings en -gewoontes te verbeter en gevolglik hulle moontlikhede beter te benut.

#### 5.3.3.2 BESKRYWING VAN DIE OSGH-SKALE

- 5.3.3.2.1 Vermyding van uitstel (VU) dui aan in watter mate die student geneig is om take stiptelik te voltooi en uitstel of onnodige tydverspilling te vermy.

- 5.3.3.2.2 Werkmetodes (WM) gee 'n aanduiding van die student se gebruik van doeltreffende studiemetodes, die doeltreffendheid waarmee hy opdragte hanteer en die mate waarin hy sy studies op die doeltreffendste manier aanpak.
- 5.3.3.2.3 Studiegewoontes (SG) gee 'n gekombineerde telling vir die VU- en WM-skale om 'n meting van die akademiese gedrag te verskaf.
- 5.3.3.2.4 Dosentgoedkeuring (DG) verskaf meting van die student se houding teenoor die dosent se lesingsaalgedrag en -metodes.
- 5.3.3.2.5 Aanvaarding van onderwys (AO) bepaal die mate waarin die student onderwysideale, -doelstellings, -praktyke en -behoefte ervaar.
- 5.3.3.2.6 Studiehoudings (SH) kombineer die telling van DG en AO om 'n meting van die student se houding ten opsigte van en vertrouwe in akademiese doelstellings en ideale te verskaf.
- 5.3.3.2.7 Studie-oriëntasie (SO) is 'n kombinasie van al die aspekte van gewoontes en houdings betreffende studie wat deur die onderskeie skale gemeet word en verskaf 'n algemene meting van die student se oriëntasie ten opsigte van akademiese studie.

5.3.3.3. NORMS

Norms vir die OSGH is in staneges bepaal. Die stanegeskaal is 'n genormaliseerde negepuntstandaardskaal.

Dit gee standaardtellings van 1 tot 9 met 'n gemiddelde van 5 en 'n standaardafwyking van 1,96 (R G N, 1986:8).

#### 5.3.3.4 STANDAARDISERING

Die vraelys Survey of Study Habits and Attitudes is in die V.S.A. ontwikkel vir hoërskoolleerlinge (Vorm H) en studente (Vorm C). Vorm H is in die R.S.A. vertaal, aangepas en gestandaardiseer deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (R G N, 1986:8).

#### 5.3.3.5 BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID

Die vraelys is aangepas en gestandaardiseer vir gebruik in Suid-Afrikaanse skole. Dit is in 1968 op 2790 leerlinge toegepas met die oog op normberekening. Die betroubaarheid is bereken deur middel van die halfverdelingsmetode.

Uit resultate wat verkry is, blyk dit dat :

- 1) die OSGH 'n baie betroubare instrument is,
- 2) die eienskappe wat deur die OSGH gemeet word, betreklik onafhanklik is van intelligensie,
- 3) dat daar 'n betreklik hoë, statisties betekenisvolle verband is tussen studiegewoontes en -houdings en skoolprestasie (R G N, 1986:10).

#### 5.3.4 DIE 16-PERSOONLIKHEIDSFAKTORVRAELYS (16-PF)

##### 5.3.4.1 DOEL VAN DIE VRAELYS

Die 16-PF is ontwerp om 'n suiwer faktoriale toets te wees waar elke skaal 'n basiese aspek van die persoonlikheidsstruktuur reflekteer. Die belangrikste persoonlikheidsfaktore word op so 'n manier getoets dat dit die sielkundige in staat stel om 'n beeld te vorm van die breër aspekte van die individu se persoonlikheidsfunksionering.

##### 5.3.4.2 NORMS

Die norms word in die vorm van stiene verstrekk. Stiene is eenhede van 'n standaardpuntskaal met 'n gemiddelde van 5,5 stiene (Cattell, Eber & Tatsuoko, 1970:64).

##### 5.3.4.3 INTERPRETASIE VAN DIE NORMS

#### LAE TELLINGS

#### HOË TELLINGS

#### Faktor A : Sosialiteit

-A, Sisotimie-0

+A, Affektotimie

Terughoudend  
Afsydig; Koel  
Dwarstrekkerig  
Verhard; Presies  
suspisiesus; Jaloers  
Onbuigsaam  
Koud  
Nukkerig

Goedgeaard; Sorgeloos  
Beleefd en goedhartig  
Bereid om saam te werk  
Saggeaard; Ongeërg  
Vertroud  
Aanpasbaar; Nalstig  
Warmhartig  
Lag geredelik

Faktor B : Intelligensie  
 ~~~~~

|                          |                          |
|--------------------------|--------------------------|
| -B, Onintelligent        | +B, Intelligensie        |
| Onintelligent            | Intelligent              |
| Onnadenkend; Onbeskof    | Bedagsaam; Beskaafd      |
| Geneig om tou op te gooi | Volhardend; Pligsgetrou  |
| Gewetenloos              | Skerpsinnig; Selfgeldend |

Faktor C : Emosionele stabiliteit of Egosterkte  
 ~~~~~

-C, Gebrekkige egosterkte	+C, Egosterkte
Emosioneel onstabiel; Onvolwasse	Emosioneel stabiel; Volwasse
Veranderlik ten opsigte van houdings en belangstellings	Stabiele belangstellings
Opgewonde; Ooraktief Ontduik verantwoordelikheid	Realisties; Sien die werklikheid soos dit is
Vol kwellings	Rustig; Bedaard
Raak betrokke in argumente en ongelukke	Raak nie betrokke in moeilikheid nie.

Faktor E : Dominansie  
 ~~~~~

|                          |                            |
|--------------------------|----------------------------|
| -E, Onderdanigheid       | +E, Dominansie             |
| Onderdanig               | Aanmatigend; Selfversekerd |
| Afhanklik                | Selfstandig                |
| Goedig; Saggeaard        | Hardvogtig; Vyandiggesind  |
| Ekspressief              | Stroef                     |
| Konvensioneel; Inskiklik | Onkonvensioneel; Opstandig |
| Raak moeilik ontstel     | Ontoegieflik               |
| Selfgenoegsaam           | Aandagtrekkerig            |

Faktor F : Sorgvryheid  
 ~~~~~

-G, Minder superego- sterkte	+G, Meer superego- sterkte
Ongeërg; Wispelturig	Pligsgetrou; Volhardend
Opportunisties; Bestendig	Vasberade

Veeleisend; Ongeduldig	Emosioneel volwasse
Ontspanne; Traag	Konsekwent; Ordelik
Onbetroubaar; Misdadig	Konsensieus
Verontagsaam verpligtinge teenoor mense	Gee aandag aan mense, reëls en regulasies

Faktor H : Sosiale avontuurlustigheid  
 ~~~~~

|  |  |
|--|--|
| -H, Skugterheid  | +H, Sosiale avontuurlustigheid                                     |
| Skaam; Teruggetrokke                                       | Waaghalsig; Hou daarvan om mense te ontmoet                        |
| Ingetoë in die aanwesigheid van die teenoorgestelde geslag | Aktief; Toon openlike belangstelling in die teenoorgestelde geslag |
| Afsydig; Kil; Ongesellig                                   | Simpatiek; Joviaal   |
| Geneig om verbitterd te wees                               | Vriendelik   |
| Beheersd; Konsensieus                                      | Impulsief en ligsinnig   |
| Beperkte belangstelling                                    | Sorgvry; Sien nie die gevaartekens nie                             |
| Sorgsaam; Hoflik; Sien gou gevare                          |  |

Faktor I : Emosionele gevoeligheid  
 ~~~~~

-I, Gehardheid	+I, Emosionele gevoeligheid
Realisties, Verwag min	Veeleisend; Ongeduldig; Verwag aandag
Selfstandig; aanvaar verantwoordelikheid	Afhanklik; soek hulp en simpatie
Hard (byna sinies)	Goedig; saggeaard; toegeeflik teenoor homself en andere
Min kunssinnigheid, maar goeie smaak ontbreek nie noodwendig nie	Kieskeurig (kunssinnig)
Handel op praktiese, logiese Selfgenoegsaam	Handel op sensitiewe intuïsie
Aanvaar fiskieke gebreke	Aandagsoekerig; Ligsinnig
	Hipochondries; Angstig

Faktor L : Agterdogtigheid  
 ~~~~~

|                             |                     |
|-----------------------------|---------------------|
| -L, Gevoel van geborgenheid | +L, Agterdogtigheid |
|-----------------------------|---------------------|

|                                    |                                      |
|------------------------------------|--------------------------------------|
| Aanvaardend                        | Jaloers                              |
| Ekstroversie                       | Introversie; Selfgenoeg-<br>saamheid |
| Goedgelowig                        | Agterdogtig                          |
| Toeganklik; Impulsief              | Teruggetrokke                        |
| Begripmatig en permissief          | Dominerend                           |
| Sagsinnig                          | Hardvogtig                           |
| Flegmaties; Rustig; Opge-<br>ruimd | Liggeraak; Irriteerbaar              |

~~~~~  
 Faktor M : Boheemse onkonvensionaliteit  
 ~~~~~

|   |                                       |
|---|---------------------------------------|
| -M, Prakties                            | +M, Boheemse introversie              |
| Konvensioneel; Gerig op die<br>feitlike | Onkonvensioneel; In homself<br>gekeer |

~~~~~  
 Faktor N : Skerpsinnigheid  
 ~~~~~

|  |  |
|--|--|
| -N, Naiwiteit  | +N, Skerpsinnigheid  |
| Eenvoudig; Sonder pretensies<br>In die omgang onbeholpe                                    | Gesofistikeerd<br>Afgerond; Tuis in beskaafde<br>geselskap   |
| Vaag; Gevoelsmatig<br>Gul; Hartlik; Spontaan;<br>Hou van maats<br>Eenvoudige smaak         | Presies; Bereken<br>Hooghartig; Emosioneel;<br>Beheersd<br>Esteties; Kieskeurig  |
| Gebrek aan selfbegrip<br>Gebrekkige begrip vir op-<br>trede van ander<br>Berustend; Gelate | Openbaar selfbegrip<br>Gesonde medemenslike oordeel<br>Ambisieus (moontlik as gevolg<br>van 'n gevoel van onsekerheid) |
| Onderwerp hom aan aanvaar-<br>de waardes   | Opportunisties. Kies nie die<br>"koninklike weg" nie   |

~~~~~  
 Faktor O : Geneigdheid tot skuldgevoelens  
 ~~~~~

|  |  |
|--|--|
| -O, Gevoel van voldoend-<br>heid   | +O, Geneigdheid tot<br>skuldgevoelens  |
| Vol selfvertroue<br>Opgeruimd; Veerkragtig<br>Gehard; Rustig<br>Gedienstig | Bekommerd; Angstig<br>Terneergedruk; Huil maklik<br>Gevoelig; Teerhartig<br>Raak maklik ontsteld, Sterk<br>pligsgevoel |
| Onverskillig<br>Onbeleefd; Geesdriftig                                     | Presies; Puntenerig<br>Hipocondries  |



(1970: 30, 31) gee twee stalle toets-hertoetsbetroubaarheidskwosiënte wat wissel van 0,58 vir faktor B tot 0,83 vir faktor H wat aanvaarbaar is.

#### 5.3.4.5 GELDIGHEID ~~~~~

Cattell (et al 1970:30,31) beweer dat faktoranalise die aangewese metode is om operasionele geldigheid te bepaal. Geldigheidskoeffisiënte wissel tussen 1,41 vir Faktor N tot 0,92 vir Faktor H. Dit is volgens die handleiding (1978:46) so hoog as wat verwag kan word van 'n skaal met 10 tot 13 items.

#### 5.3.5 DIE SENIOR AANLEGTOETSE (SAT) ~~~~~

##### 5.3.5.1 DOEL EN RASIONAAL ~~~~~

Hierdie toetsbattery is in 1978 vrygestel om die verouderde norme van die 1969 senior aanlegtoets te vervang. Dit is opgestel om aanlegginge van leerlinge in standerds 8, 9 en 10, asook studente en volwassenes te meet. Hierdie toetsbattery kan ook gebruik word vir geheuetoetsing en dien as belangrike hulpmiddel in die voorspelling van akademiese sukses. 'n Verdere voordeel is dat die geskatte IK bepaal kan word (Fouché en Verwey, 1978:2 ; Oosthuizen, 1983:23).

##### 5.3.5.2 TOETSE ~~~~~

TOETS 1: Verbale begrip

By hierdie toets word hoofsaaklik die algemene verstandsfaktor, G, of dan intelligensie, gemeet. Ausubel (soos aangehaal

deur Fouché et al, 1978:4) definieer hierdie verstandsfaktor as die "algemene peil van kognitiewe funksionering". Hierdie toets bestaan uit letterreekse, woordanalogieë, letterkodes, woordeskat, rekenkundige en algemene redenering.

#### TOETS 2: Berekeninge

Hierdie toets bestaan uit eenvoudige wiskundige bewerkings met optelling, aftrekking, vermenigvuldiging en deling en toets die persoon se vermoë om die berekeninge vinnig en akkuraat uit die hoof te kan doen.

#### TOETS 3: Woordbou

Hierdie toets meet hoofsaaklik die AF of assosiasiefaktor, wat vereis dat die persoon begrip moet hê van die betekenis van die woorde en dit het ook te doen met die spoed van woordproduksie. Die verbale redeneringsfaktor is hier ook van belang.

#### TOETS 4: Vergelyking

Die visuele perseptuele spoedfaktor, P, word hoofsaaklik hier gemeet. Van die toetslinge word verwag om ooreenkomste en verskille tussen soortgelyke simboolgroepe akkuraat waar te neem.

#### TOETS 5: Patroonvoltooiing

By hierdie toets is daar geen sprake van wiskundige probleme nie. Dit meet dus induktiewe redenering (van die spesifieke na die

algemene). 'n Onvoltooide patroonmatriks word gegee en die toetsling moet op 'n logiese wyse 'n oplossing probeer vind om die patroon te voltooi.

#### TOETS 6: Figuurreekse

'n Reeks van vyf figure word by elke item gegee waarvan twee plekke omgeruil moet word om 'n logiese volgorde te verkry.

#### TOETS 7: Ruimtelik 2-D

By hierdie toets gaan dit om die visualiseringsfaktor waar tweedimensionele visualisering 'n rol speel. Die algemene redeneringsfaktor is ook hierby betrokke. Van die toetsling word verwag om die eindresultaat van 'n rotasie of beweging van 'n konfigurasie voor te stel (Fouché, soos aangehaal deur Smit, 1979:209).

#### TOETS 8: Ruimtelik 3-D

Hier word die algemene redeneringsfaktor en die visualiseringsfaktor gemeet. Die toets bestaan uit twee afdelings: 'n blokkie moet geselekteer word uit 'n groep van vyf tekeninge van driedimensionele blokkies om op 'n ander gegewe blokkie te pas. In die tweede afdeling word vyf kubustekeninge gegee waarvan een, wat nie pas nie, aangedui moet word.

#### TOETS 9: Geheue (Paragraaf)

Die toets bestaan uit paragrawe wat eers gememoriseer moet word, dan word twee ander toetse gedoen en dan eers word die

vrae oor die paragrawe beantwoord. Die geheuefaktor word dus gemeet. Hierdie faktor word beskou as die basiese vermoë om te memoriseer.

#### TOETS 10: Geheue (Simbole)

Hierdie toets meet die geheuefaktor en het betrekking op die korttermyngeheue. Pare woorde en simbole moet gememoriseer word en een van die paar moet na die leerperiode uit 'n groep van vyf woorde of simbole aangedui word waarvan die ander een van die paar gegee is.

#### 5.3.5.3 STANDAARDISERING EN BETROUBAARHEID

Hierdie toetsbattery is in 1969 deur die R G N vrygestel, maar 'n nuwe weergawe is in 1978 vrygestel as SAT 78 as gevolg van verouderde norms. Die SAT 78 is in 1976 op 'n steekproef van 4500 standerd 8-, 9- en 10-leerlinge toegepas met die oog op die bepaling van norms.

Die betroubaarheid van die SAT is bereken volgens die Kuder-Richarson-formule-20, wat 'n aanduiding gee van die interne homogeniteit van die toets en wissel van 0,76 (verbale begrip) tot 0,94 (berekeninge). Alberts (soos aangehaal deur Smit, 1979:210) beskou die indekse as bevredigend.

#### 5.3.5.4 NORMS

Die norms is 'n genormaliseerde negepunt-standaardskaal met standaardpunte van een tot nege, 'n gemiddelde van 5 en standaardafwyking van 1,96 (Smit, 1979:210).

### 5.3.6 BIOGRAFIESE VRAELYS EN SKOLASTIESE PRESTASIE

#### 5.3.6.1 SAMESTELLING

Die biografiese vraelys is in 1985 saamgestel deur mnr. J.C. Jacobs (Hoof: Studentehulpdiens) aan die Potchefstroomse Onderwyskollege. Mnr. Jacobs het gebruik gemaak van verskeie vraelyste van onder andere van Universiteite van Pretoria, Potchefstroom, die Oranje Vrystaat en die Randse Afrikaanse Universiteit asook van die Vaal- en Edgewood Technicons. Die vraelys is opgestel en aangepas volgens die Onderwyskollege se behoeftes. Nog geen navorsing is tot dusver gedoen met die gegewens wat uit die vraelyste verkry is nie.

Die biografiese vraelys bestaan uit 140 vrae elk met verskillende moontlike antwoorde (veelvuldigekeuseformaat). (Bylaag B).

#### 5.3.6.2 DOEL VAN VRAELYS

Die hoofdoel met die vraelys was om inligting te bekom oor die student, sy skoolbetrokkenheid en sy ouers, naamlik die ouers se huwelikstaat, beroep en kwalifikasies, aantal kinders, die student se posisie in kinderry, skolastiese prestasie en eie evaluasie van skolastiese prestasie. Verdere inligting is verkry oor studiehoudings en -gewoontes, redes vir swak prestasie, houding teenoor skoolgaan, tyd aan stokperdjies en/of sport bestee op skool, rede vir die keuse van studierigting en opleidingsinrigting, matriekvakke, gemiddelde eindeksamenpunte en gemiddeldes van matriekeindeksamen.

Uit al bogenoemde gegewens kan dan verdere afleidings gemaak word. Dit sou wel moontlik wees om die aard van belangstelling in die onderwys as professie te evalueer, gemiddelde matriekprestasies van die twee groepe te vergelyk asook die verskillende redes vir die keuse van die onderwys as loopbaan, sekerheid oor die keuse en of die beroep van die ouer of posisie in die kinderry wel 'n invloed het op die beroepskeuse.

#### 5.4 STATISTIESE VERWERKING VAN RESULTATE

Aangesien die primêre doel van hierdie ondersoek is om 'n vergelykende studie te doen tussen junior primêre en senior primêre onderwysstudente, is alleenlik statistiese tegnieke toegepas wat psigologies betekenisvolle verskille aandui. Geen steekproewe is getrek nie en al die toetslinge wat betrek was by die toetsing se gegewens is in berekening gebring.

In hierdie ondersoek word daar met 'n studiepopulasie volgens die benadering van Steyn (1985) gewerk en nie met 'n steekproef nie, aangesien slegs een opleidingsinrigting by die studie betrek is en al die toetslinge se gegewens in berekening gebring word. Beskrywende statistiek is gebruik om bepaalde verskynsels in een groep te beskryf.

In hierdie ondersoek word na die praktiese of psigologiese beduidendheid van verskille tussen gemiddeldes verwys. Dit verskil van die term 'statistiese beduidendheid' in dié sin

dat statistiese beduidendheid aangetoon word wanneer daar van twee waarskynlikheidsteekproewe gebruik gemaak word en gewoonlik op 'n 1%- of 5%-peil van waarskynlikheid beoordeel word. By laasgenoemde term is die bepaling van beduidendheid van verskille " 'n noodwendige eerste stap" by waarskynlikheidsteekproewe, maar by volledige populasies "kan direk oorgegaan word na die bepaling van beduidendheid van verskille in die algemeen" (Steyn, 1985:63-64). By die gebruik van beskrywende statistiek word die praktiese beduidende verskille tussen gemiddeldes op 'n arbitrêre wyse deur die navorser self bepaal.

As maatstaf van beduidendheid is Cohen (1977) se indeks vir effekgrootte (d-waarde) gebruik.

By die verwerking van die data van die biografiese vraelys is van gebeurlikheidstabelle gebruik gemaak en die effekgrootte (w) bepaal.

Die data-insameling is gedoen deur die studentehulpdiens van die Potchefstroomse Onderwyskollege en verwerking deur die Statistiese Konsultasiediens van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

#### 5.4.1 COHEN SE INDEKS VIR EFFEKGROOTTE: d

'n Verband of verskil tussen twee groepe beteken nie dat die bevindinge beduidend is nie. 'n Kriterium van beduidendheid moet dus neergelê word wanneer dit gaan oor die vergelyking van 'n parameter van twee groepe (Cohen, 1977:2-4).

Cohen (1977:224) beskou die effekgrootte as kriterium om die betroubaarheid van resultate teen te evalueer. Abstrak gesproke kan die effekgrootte, as parameter, verskillende waardes aanneem. Cohen maak gebruik van 'n effekgrootte-indeks om aan te dui hoe groot of hoe klein die verwagte effek wat daar mag bestaan werklik is en dui dit aan as 'n klein, medium en groot effek.

Die berekening van die effekgrootte van verskille tussen gemiddeldes word gedoen deur gebruik te maak van die volgende formule:

$$d = \frac{\bar{m}_1 - \bar{m}_2}{c'}$$

$d$  = tweekantige-toets-effekgrootte van gemiddeldes in standardeenhede, en

$\bar{m}_1$  en  $\bar{m}_2$  = twee groepgemiddeldes, terwyl

$c'$  = standaardafwyking van enige groep.

(Cohen, 1977:20).

In hierdie ondersoek word met die hoogste  $c'$  gewerk.

#### 5.4.2 DIE EFFEKWAARDES

Cohen (1977) omskryf die effekwaardes as volg:

##### 5.4.2.1 Klein effek

Soms kom fenomene voor in nuwe navorsingsvelde wat nie duidelik kontroleerbaar is nie. Die klein effekgrootte is van groot

waarde vir sinvolle evaluasie. Ongekontroleerde eksterne veranderlikes veroorsaak dat die effekgrootte baie klein is.

'n Klein effekwaarde word bereken op  $d = 0,2$ , wat ooreenstem met die punt-biseriale korrelasie,  $r = 0,10$  en 1% van die variansie verklaar tussen twee eksperimentele groepe.

$r^2 = 0,010$ . Dié verskil is dus verantwoordelik vir 1% van die variansie van die metings in die groep.

#### 5.4.2.2 Medium effek

Hierdie effekgrootte word gesien as 'n verskil wat groot genoeg is om met die blote oog te sien. Die medium effekwaarde word bepaal op  $d = 0,5$ . Die punt-biseriale korrelasie  $r$ , tussen groepe en  $Y$ , die afhanklike veranderlike, is  $0,243$  en  $r^2 = 0,059$ . In die gekombineerde groep is die groepverskil dus verantwoordelik vir 6% van die variansie van die meting.

#### 5.4.2.3 Groot effek

Hierdie waarde word bepaal op  $d = 0,8$ . In hierdie geval is die punt-biseriale korrelasie  $r = 0,371$  en  $r^2 = 0,138$ . Die groepverskil is dus verantwoordelik vir 14% van die variansie van die betrokke meting in die gekombineerde groep (Cohen, 1977:19 e.v.). 'n Groot effek, met ander woorde  $0,8$ , word as 'n psigologies betekenisvolle effek beskou.

#### 5.4.3 CHI-WAARDE

Volgens Hays en Guilford (soos aangehaal deur Cohen, 1977:222) is die gebeurlikheidstabelle die mees algemene metode vir die bepaling van verbande tussen veranderlikes op die nominale

skaal, met as maatstaf daarvoor C, Pearson se gebeurlikheidskoëffisiënt, vir berekeninge daarvan. Die volgende formule word dus gebruik vir effekgrootte w:

$$w = \frac{C}{\sqrt{1 - C^2}}$$

waar

C = gebeurlikheidskoëffisiënt

Wanneer  $w = 0$ , sal  $C = 0$  en dit dui geen verband aan nie.

Soos by die indeks vir effekgrootte by verskille in gemiddeldes, dui Cohen (1977:224 e.v.) hier ook klein, medium en groot w-waardes aan.

Klein waarde:  $w = 0,10$ .

Medium waarde:  $w = 0,30$ .

Groot waarde:  $w = 0,50$ .

Psigologiese betekenisvolheid sal dus aangedui word wanneer 'n groot waarde verkry is.

In die volgende hoofstuk sal die resultate van die ondersoek weergegee en bevindinge bespreek word.

## HOOFSTUK 6

RESULTATE VAN ONDERSOEK

Vervolgens sal die resultate van die ondersoek weergegee en die bevindinge bespreek word.

6.1.1 RESULTATE VAN DIE SENIOR AANLEGTOETS (SAT)

TABEL 1 VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE SAT-TELLINGS  
VAN DIE JUNIOR PRIMÊRE EN SENIOR PRIMÊRE  
DAMESTUDENTE

| Toetse  | Junior primêr | Senior primêr | Effekwaardes |
|---------|---------------|---------------|--------------|
|         | $\bar{X}$     | $\bar{X}$     |              |
| 1       | 5,11          | 5,51          | 0,21         |
| 2       | 3,94          | 4,28          | 0,17         |
| 3       | 5,39          | 5,62          | 0,12         |
| 4       | 5,34          | 5,46          | 0,06         |
| 5       | 5,04          | 5,14          | 0,05         |
| 6       | 5,02          | 5,46          | 0,21         |
| 7       | 5,29          | 5,67          | 0,17         |
| 8       | 5,53          | 5,74          | 0,11         |
| 9       | 5,06          | 5,57          | 0,25         |
| 10      | 6,00          | 6,21          | 0,11         |
| IK-skat | 109,17        | 111,00        | 0,25         |

Junior primêr: N = 243

Senior primêr: N = 153

N = totale aantal damestudente wat elke toets afgelê het

\* = dui op psigologies betekenisvolle verskille

$\bar{X}$  = Die gemiddelde telling van elke toets.

IK-skat: Geskatte IK bereken met behulp van resultate van toetse.

Gouws et al (1979:1) definieer aanleg as hoofsaaklik die aangebore vermoë om in die toekoms in 'n bepaalde taak of handeling te presteer of om 'n vaardigheid te bemeester. Volgens Combrink (1970:44, e.v.) bestaan aanleg, belangstelling, persoonlikheid en ander faktore reeds voordat die student toetree tot tersiêre inrigtings, dit kan gemeet word en sekere afleidings kan gemaak word. Die groot hoeveelheid invloede wat op die student inwerk, alles wat met hom gebeur en die vorming wat gedurende die studentejare plaasvind, kan nie vooraf bepaal word nie, daarom kan daar nie met sekerheid voorspellings gemaak word aangaande sy akademiese prestasie nie.

Tog kan die feit dat byna al die tellings rondom die gemiddelde lê 'n aanduiding wees dat hierdie toetslinge in staat is om hul studies suksesvol af te lê en dat hulle moontlik goeie onderwysers kan wees wat in staat sal wees om al die vakke in die primêre skool te kan bemeester.

Bogenoemde stelling korreleer goed met die R G N -verslag (Verslag W.S. 31:8) van 1985 wat bevind het dat die akademiese sukseskoers aan onderwyskolleges baie hoog is.

Die senior primêre damestudente het deurgaans hoër tellings behaal in elke toets. Alhoewel die tellings nie psigologies betekenisvol is nie, is dit tog van waarde, omdat die senior

primêre onderwyseres in staat behoort te wees om enige vak in die primêre skool te kan onderrig.

Die effekwaarde is weer eens klein by alle toetse asook by die geskatte IK. Die grootste effekwaarde is verkry by verbale begrip (toets 1), geheue (toets 9) en IK-skat, maar dit verklaar slegs 1% van die variansie tussen die groepe en is dus nie psigologies betekenisvol nie. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die senior primêre damestudente 'n hoër standaard van akademiese prestasie behoort te handhaaf.

Wat opvallend is, is die feit dat albei groepe se hoogste telling (6,0 en 6,21 onderskeidelik vir junior primêr en senior primêr) behaal is by toets 10 wat die geheuefaktor meet. In die 16-PF kan in 'n mate ooreenstemming gesien word met hierdie toets, veral wat die groep senior primêre damestudente betref. Hierdie toets word later breedvoerig bespreek.

Toets 2 (berekeninge) toon 'n dalende neiging en het die laagste tellings van al die toetse, naamlik junior primêre damestudente 3,94 en senior primêre damestudente 4,28. Hierdie toets meet die vermoë om eenvoudige wiskundige berekeninge vinnig en akkuraat te kan doen. Die relatief lae tellings wat behaal is in hierdie toets wek kommer, omdat die optel, aftrek, deling en vermenigvuldiging van getalle basiese vaardighede is wat essensieel is vir die laerskoolkind. Op grond van die bogenoemde kommerwekkende bevinding behoort daar dus tydens opleiding 'n meer doelgerigte poging aangewend te word om hierdie leemte te

vul. Met hierdie toets is 'n leemte geïdentifiseer by die primêre damesonderwysstudent wat die feit beklemtoon dat daar ook by die keuringsproses ruimte gelaat moet word om die wiskundige vaardigheid van die voornemende onderwysstudente te meet.

By toetse 3 (woordbou), 4 (vergelyking), 5 (patroonvoltooiing), 7 (ruimtelik 2-D), 8 (ruimtelik 3-D) en 10 (geheue - simbole) is die verskille tussen die twee groepe nie noemenswaardig nie. Die afleiding kan daaruit gemaak word dat daar nie 'n merkbare verskil in aanleg is nie. Toets 6 (figuurreeks) se verskil is egter meer in die guns van die senior primêre damestudente, wat impliseer dat hulle moontlik meer aanleg sal toon in die bepaling van logiese volgorde.

Vervolgens sal gekyk word na die resultate van die 16-persoonlikheidsfaktorvraelys.

#### 6.1.2 RESULTATE VAN DIE 16-PERSOONLIKHEIDSFAKTORVRAELYS (16-PF)

TABEL 2 VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE 16-PF TELLINGS VIR  
JUNIOR PRIMÊRE EN SENIOR PRIMÊRE DAMESTUDENTE

| FAKTOR | Junior primêr | Senior primêr | Effekwaarde |
|--------|---------------|---------------|-------------|
|        | $\bar{X}$     | $\bar{X}$     |             |
| A      | 5,743         | 5,776         | 0,014       |
| B      | 5,197         | 5,299         | 0,056       |
| C      | 4,885         | 5,443         | 0,261       |
| E      | 4,672         | 4,869         | 0,101       |
| F      | 5,426         | 5,617         | 0,105       |

|    |       |       |       |
|----|-------|-------|-------|
| G  | 6,546 | 6,962 | 0,216 |
| H  | 5,836 | 6,457 | 0,252 |
| I  | 6,131 | 6,084 | 0,025 |
| L  | 4,814 | 4,710 | 0,056 |
| M  | 4,044 | 4,028 | 0,007 |
| N  | 5,273 | 5,000 | 0,140 |
| O  | 6,585 | 6,067 | 0,204 |
| Q1 | 4,180 | 4,028 | 0,075 |
| Q2 | 4,016 | 3,047 | 0,416 |
| Q3 | 5,639 | 6,206 | 0,257 |
| Q4 | 5,699 | 5,340 | 0,180 |

N: Junior Primêre damestudente = 183

N: Senior Primêre damestudente = 105

$\bar{X}$  = gemiddelde waardes van elke faktor vir die twee groepe onderskeidelik

N = totale aantal damestudente in elke groep wat die toets afgelê het

\* = aanduiding van psigologies betekenisvolle verskille

Die hoogste effekwaarde (0,26) word by hierdie toets aangetref by emosionele stabiliteit of egosterkte (faktor C) waar die hoogste telling behaal is deur die senior primêre damestudente. Alhoewel dit nie psigologies betekenisvolle verskille is nie, kan dit tog van waarde wees vir die senior primêre damestudente, omdat hulle in die praktyk met leerlinge

in die senior primêre fase te doen gaan kry wat emosioneel op hulle gaan steun en afhanklik is van die onderwyser se leiding. Die leerling en die onderwyser het, volgens die literatuur, 'n heeltemal ander tipe verhouding as in die junior primêre fase en dit kan wissel van aangenaam en ontspanne tot gedistansieerd, formeel en saaklik. Die onderwyser moet in staat wees om sy eie emosies en ook dié van die leerlinge te kan beheer.

Die veranderlikheid ten opsigte van houdings en belangstellings korreleer goed met vraag 30 van die biografiese vraelys waar 54,3% van die senior primêre damestudente aantoon het dat hulle baie seker is van hul studierigting teenoor 61,5% van die junior primêre damestudente. Die hoogste waarde is 0,42 by faktor Q2, selfgenoegsaamheid, en die hoogste telling is dié van die junior primêre damestudente. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die groep in 'n mate meer vindingryk is en verkies om self besluite te neem. Dit hang nou saam met selfstandige optrede en eie inisiatief wat hoog aangeskryf word by die junior primêre fase.

Cattell et al (1970:185) het 'n profiel vir laerskoolonderwyseresse ontwikkel deur middel van verskeie navorsingstudies. Bogenoemde profiel is gebruik as kontrole in hierdie studie om as vergelykingsbasis te dien. Ooreenkomste en verskille kan duidelik gesien word tussen die junior primêre en die senior primêre damestudente, maar meer nog is duidelike verskille waarneembaar tussen die profiel van Cattell wat as

kontrole dien, veral op B (intelligensie) waar 'n baie hoër intelligensie aangedui is as wat deur die toetslinge behaal is, en O (gevoel van voldoendheid) waar baie meer selfvertroue, opgeruimdheid, veerkragtigheid, rustigheid, gediensdigheid, maar ook meer onverskilligheid, onbeleefdheid, geesdriftigheid, geen vrese, geneigdheid tot eenvoudige optrede aangedui is as wat die toetslinge in albei groepe behaal het. Dit is ook opvallend dat veral die senior primêre damestudente, baie meer sosiale groepafhanklikheid toon as wat die profiel van Cattell aandui. Dit korreleer goed met faktor E (dominansie) waar albei groepe meer die eienskappe van onderdanigheid, afhanklikheid goedigheid en saggeardheid, ekspressiwiteit, inskiklikheid, raak moeilik ontstel en selfgenoegsaamheid toon as wat op die kontrole aangedui word. Daar sou moontlik verwag kon word dat die tellings van die twee groepe by faktor F (sorgvryheid) hoër sou wees of meer sou korreleer met dié van Cattell, aangesien dit ooreenstem met die eienskappe van 'n goeie onderwyser uit die literatuur, naamlik meer superegosterkte, waaronder eienskappe soos pligsgetrouheid, volhardendheid, vasberadenheid, emosionele volwassenheid, konsekwentheid, ordelikheid, om konsensieus te wees en aandag te gee aan mense, reëls en regulasies.


In hul navorsing oor die primêre skool onderwyseres, het Cattell, Eber en Tatsuoko (1970:182, e.v.) tellings op die profiel van die 16-persoonlikheidsfaktorvraelys gekry wat wissel vanaf 5,0 (emosionele stabiliteit) tot 6,0 (selfbeheersing). Slegs B (intelligensie) het 'n hoër telling gehad, naamlik 6,5.

Ongelukkig is daar nie deur bogenoemde navorsers onderskeid getref tussen junior primêre en senior primêre onderwyseresse nie.

Volgens Van der Merwe (1979:218) word aan die persoonlikheidskenmerke van 'n student, naas sy skolastiese prestasie, die meeste oorweging geskenk tydens keuring, maar hierdie tipe insigting is nie ingewin deur middel van objektiewe meetmiddels nie (Hoofstuk 2).

PROFIEL 1: PROFIELE VAN DIE 16-PF

PROFIELE VAN 16PF



- = JUNIOR PRIMÊR
- ..... = SENIOR PRIMÊR
- ~~~~~ = KONTROLE

Vervolgens sal gekyk word hoe die bevindinge in die volgende toets korreleer met dié van die vorige toetse en die biografiese vraelys.

6.1.3 RESULTATE VAN DIE PERSOONLIKE, HUISLIKE, SOSIALE  
EN FORMELE VERHOUDINGSVRAELYS (PHSF)

TABEL 3 VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE PHSF-TELLINGS  
VAN DIE JUNIOR PRIMÊRE EN SENIOR PRIMÊRE  
DAMESTUDENTE

| Veranderlike        | Junior primêr | Senior primêr | Effekwaarde |
|---------------------|---------------|---------------|-------------|
|                     | $\bar{X}$     | $\bar{X}$     |             |
| Selfvertroue        | 5,03          | 5,51          | 0,23        |
| Eiewaarde           | 5,22          | 5,78          | 0,28        |
| Selfbeheer          | 5,33          | 5,47          | 0,08        |
| Senuweeagtigheid    | 4,97          | 5,38          | 0,22        |
| Gesondheid          | 4,57          | 4,86          | 0,15        |
| Gesinsinvloede      | 5,74          | 5,66          | 0,04        |
| Persoonlike vryheid | 4,98          | 5,28          | 0,16        |
| Sosialiteit - G     | 5,07          | 5,40          | 0,16        |
| Sosialiteit - S     | 4,26          | 4,69          | 0,24        |
| Morele inslae       | 6,28          | 5,98          | 0,14        |
| Formele verhoudings | 5,34          | 5,93          | 0,30        |

N: Junior primêre damestudente = 243

N: Senior primêre damestudente = 151

$\bar{X}$  = Gemiddelde waardes van groep in veranderlike behaal.

N = Totale aantal toetslinge in elke groep wat toets afgelê het.

\* = Aanduiding van betekenisvolle effekwaarde aan.

Geen psigologies betekenisvolle waardes is by die veranderlikes in hierdie toets gekry nie. Die hoogste tellings is 0,28 (eiewaarde) en 0,30 (formele verhoudinge). By albei veranderlikes is die hoogste tellings behaal deur die senior primêre damestudente. Indien hierdie tellings psigologies betekenisvol was, sou dit moontlik kon korreleer met vraag 26 van die biografiese vraelys waar die junior primêre damestudente 'n hoër frekwensie aangedui het vir persoonlikheidsprobleme as die senior primêre damestudente. Dit korreleer ook met faktor H (sosiale avontuurlustigheid) van die 16-PF, waar die junior primêre damestudente 'n laer telling behaal het, wat meer neig na skugterheid. Dit verklaar moontlik ook die senior primêre damestudente se ietwat hoër telling vir formele verhoudinge en eiewaarde, alhoewel die tellings te laag is om psigologies betekenisvol te wees.

Soos aangedui by die bespreking van die 16-PF, het die senior primêre onderwyser meer te doen met formele verhoudinge en formele onderrig as die junior primêre onderwyser. As gevolg van die soms problematiese aard van die klassituasie by die "groter" leerlinge en hul bevraagtekening van die metode en

die leerstof, is die eiewaarde van die onderwyser van 'deur-  
slaggewende belang by die hantering van sulke leerlinge.  
Hierby sluit aan die hoër telling van die senior primêre  
damestudente by senuweeagtigheid wat dui op die afwesigheid  
van simptome van senuweeagtigheid. Die tellings by sosiali-  
teit toon ook dat die senior primêre damestudente tot 'n  
geringe mate 'n groter behoefte het aan sosiale groepsverkeer  
(ekstrovert) asook aan verkeer met persone van die teenoorge-  
stelde geslag. Bogenoemde bevindings korreleer met vraag 28 van  
die biografiese vraelys wat aantoon dat die junior primêre  
damestudente meer vertrou het in 'n persoonlike verhouding  
met 'n vriend/in as in 'n groep of verhoudinge van formele  
aard. Die junior primêre damestudente het dan ook net by  
gesinsinvloede (6) en morele inslae (10) hoër tellings behaal as  
die ander groep. Eersgenoemde dui op die mate waarin die student  
as afhanklike in die gesin beïnvloed word deur faktore soos  
posisie in die gesin, gesinsamehorigheid, verhouding tussen die  
ouers en sosio-ekonomiese toestande. Hierdie bevindings korreleer  
met vraag 28 van die biografiese vraelys waar 8% meer junior  
primêre damestudente as senior primêre damestudente aangedui  
het dat hulle hul probleme met hul ouers bespreek. Dit wil dus  
voorkom asof die junior primêre damestudente hefter gesins-  
bande en meer vertrouensverhoudings het as die senior primêre  
damestudente. By faktor 7 (persoonlike vryheid) kan gesien word  
dat die junior primêre damestudente tog van mening is dat hul-  
le tot 'n mate deur hul ouers ingeperk is, meer as die senior  
primêre damestudente.

Morele inslag dui op die mate waarin die persoon voel dat sy gedrag ooreenstem met die aanvaarde norme van die samelewing. Volgens tabel 14 het 4% meer junior primêre dame-studente aangedui dat geleerdheid vormende waarde het en 'n beter mens van jou maak. Sodanige motivering kan geklassifiseer word as 'n morele oorweging.

Daar sou egter verwag kon word dat beide groepe hoër tellings moes behaal by die veranderlike gesondheid, siende die hoë fisiese eise wat in die praktyk aan alle onderwysers gestel word.

Vervolgens sal die bevindinge van die 19-VBV bespreek word.

#### 6.1.4 RESULTATE VAN DIE NEGENTIENVELD-BELANGSTELLINGSVRAELYS 19-VBV

TABEL 4 VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE 19-VBV-TELLINGS  
VAN DIE JUNIOR PRIMÊRE EN SENIOR PRIMÊRE  
DAMESTUDENTE

| Veranderlike         | Junior primêr | Senior primêr | Effekwaarde |
|----------------------|---------------|---------------|-------------|
|                      | $\bar{X}$     | $\bar{X}$     |             |
| 1 Beeldende kunste   | 5,19          | 4,85          | 0,17        |
| 5 Uitvoerende kunste | 4,57          | 4,54          | 0,02        |
| 16 Taal              | 5,09          | 4,82          | 0,14        |
| 7 Histories          | 4,41          | 4,82          | 0,20        |
| 17 Diens             | 5,32          | 5,37          | 0,03        |

|                      |      |      |      |
|----------------------|------|------|------|
| 3Welsynwerk          | 5,77 | 5,39 | 0,17 |
| 10Geselligheid       | 4,98 | 5,26 | 0,14 |
| 8Openbare optrede    | 5,64 | 5,86 | 0,11 |
| 14Regte              | 5,22 | 5,27 | 0,26 |
| 11Kreatiewe denke    | 5,92 | 5,99 | 0,04 |
| 6Wetenskap           | 4,65 | 5,30 | 0,34 |
| 18Prakties - manlik  | 4,93 | 5,06 | 0,06 |
| 13Prakties - vroulik | 4,45 | 4,25 | 0,10 |
| 9Numeries            | 5,27 | 5,56 | 0,16 |
| 19Besigheid          | 5,02 | 5,24 | 0,10 |
| 2Klerklik            | 5,15 | 5,03 | 0,07 |
| 12Rondreis           | 4,40 | 4,70 | 0,14 |
| 4Natuur              | 4,53 | 4,99 | 0,23 |
| 15Sport              | 4,64 | 5,06 | 0,22 |


Junior primêr: N = 243

Senior primêr: N = 151

N = totale aantal toetslinge wat toets afgelê het.

\* = aanduiding van psigologies betekenisvolle effekwaarde

Volgens Cohen (1977) se effekwaardes stem al die waardes op tabel 1 ooreen met 'n klein effek, dus is die groepverskil verantwoordelik vir 1% van die variansie van die betrokke metings in die groepe. Hierdie klein effek word duidelik geïllustreer in die volgende profiel.



----- = JUNIOR PRIMÆR  
 ..... = SENIOR PRIMÆR  
 ~~~~~~ = KONTROLE

Die senior primêre groep het by al die veranderlikes oorwegend hoër tellings behaal as die junior primêre groep, tog was nie een van die effekwaardes hoog genoeg om psigologies betekenisvol te wees nie. Die hoër telling van die

senior primêre damestudente onder 'sport' korreleer met vraag 24 van die biografiese vraelys waar bevind is dat die senior primêre damestudente meer tyd aan sport bestee het op hoërskool as die junior primêre damestudente. Dit is 'n positiewe kwaliteit aan die kant van die senior primêre damestudente, aangesien daar dikwels van die onderwyspersoneel verwag word om vaardig te wees en belang te stel in die een of ander sportsoort of om dit te onderrig as buitemuurse aktiwiteit. Spesifieke fisieke vereistes word aan alle voornemende onderwysers gestel, omdat die onderwyser dikwels vir die leerlinge die norm is vir hul eie fisieke waardebeplanning.

Op profiel 2 kan duidelik die ooreenkomste en verskille gesien word tussen die twee groepe, maar ook tussen die twee groepe en die kontrole waar baie groot verskille voorkom by die volgende veranderlikes: 8 (Openbare optrede), 9 (Regte), 11 (Kreatiewe denke), 15 (Sport) en 17 (Diens). Daar sou verwag kon word dat die twee groepe se tellings by veranderlike 8 hoog sal wees, aangesien onderwysers noodwendig gereeld besig is met openbare optrede, hetsy dit in die klas, op die sportveld of elders rondom die skoolsituasie is. Die hoë belangstelling in die toepassing van wette en regsbeginne korreleer ook met die eienskappe van 'n goeie onderwyser wat reg sal laat geskied waar dit nodig mag wees en dat elke leerling 'n regverdige kans gegun moet word om ook sy deel by te dra. Dit korreleer ook met morele inslag (veranderlik 10) van die PHSF waar albei die groepe die hoogste telling

by laasgenoemde veranderlike behaal het, naamlik junior primêre damestudente 6,28, en senior primêre studente 5,98.

Kreatiewe denke (11) is noodwendig een van dié belangrikste eienskappe waaroor 'n onderwyser moet beskik om elke dag sy les interessant te kan aanbied en die aktiwiteite te kan afwissel, sodat hy die aandag van die leerlinge kan behou. Dit is opvallend dat die senior primêre damestudente 'n effens hoër telling by hierdie veranderlike behaal het. 'n Mens sou verwag dat dit andersom sou wees uit die aard van die werk wat die junior primêre onderwyseres elke dag moet verrig. Gevolglik kan die stelling gemaak word dat meer psigologies betekenisvolle resultate behaal sal word met onderwysers wat reeds in die praktyk staan.

Wat Diens (17) betref, is dit die taak van die onderwyser om in die eerste plek tot diens van die kind te wees asook om hom beskikbaar te stel vir diens in die gemeenskap. Die senior primêre damestudente het hoër tellings behaal as die junior primêre damestudente en die kontrole op die veranderlikes welsynwerk (6) en geselligheid (7). Hier is weer 'n weerspieëling van die resultate van vorige toetse en ook van die biografiese vraelys betreffende verhoudinge met maats, eiewaarde, selfvertroue en gevoelsmatigheid.

'n Duideliker beeld word elke keer gevorm nadat die resultate van elke toets ontleed is. Vervolgens sal aandag gegee word aan die toets vir die opname van studiegewoontes en -houdings en

lyne sal deurgetrek word na die biografiese vraelys om 'n duidelike beeld te vorm van hierdie komponente.

6.1.5 RESULTATE VAN DIE OPNAME VAN STUDIEGEWOONTES EN  
 ~~~~~  
 -HOUDINGS (OSGH)  
 ~~~~~

TABEL 5 VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE OSGH-TELLINGS VAN  
 DIE JUNIOR PRIMÊRE - EN SENIOR PRIMÊRE DAMESTUDENTE

|                          | Junior<br>primêr | Senior<br>primêr | Veranderlike<br>Effekwaarde |
|--------------------------|------------------|------------------|-----------------------------|
|                          | $\bar{X}$        | $\bar{X}$        |                             |
| Vermyding van uitstel    | 5,33             | 5,49             | 0,08                        |
| Werkmetodes              | 4,31             | 4,69             | 0,17                        |
| Studiegewoontes          | 4,76             | 5,06             | 0,14                        |
| Onderwysgoedkeuring      | 5,76             | 5,38             | 0,18                        |
| Aanvaarding van onderwys | 5,74             | 5,56             | 0,09                        |
| Studiehouding            | 5,79             | 5,50             | 0,14                        |
| Studieoriëntasie         | 5,22             | 5,22             | 0                           |

$\bar{X}$  = gemiddelde waardes behaal in elke veranderlike.

N = totale aantal toetslinge wat toets afgelê het.

\* = aanduiding van psigologies betekenisvolle waardes

Junior primêre damestudente: N = 243

Senior primêre damestudente: N = 153

Weer eens word by elke veranderlike 'n klein effekwaarde

verkry en 1% van die variansie in die groepe word verklaar.

Tot dusver word by hierdie toets die kleinste verskille aange-  
getref tussen die twee navorsingsgroepe. Dit is opvallend dat  
die senior primêre damestudente hoër tellings behaal het by  
werksmetodes (2) en studiegewoontes (3) en dit ook so aangedui  
het in die biografiese vraelys (vraag 16 tot 23), maar die junior  
primêre damestudente het weer hoër tellings behaal by  
onderwysgoedkeuring (4), aanvaarding van die onderwys (5) en  
studiehouding (6) wat weerspieël word in die biografiese vraelys  
waar 4% meer junior primêre damestudente onderwys as beroep  
gekies het omdat dit aanpas by hul belangstelling. Laasgenoemde  
groep beskou ook verdere studie eerder as van vormende waarde as  
wat dit status en meer geld beteken. Tog verskil dit van die  
bevindinge op die vraelys in dié sin dat minder senior primêre  
damestudente as junior primêre damestudente aangedui het dat  
hulle "nie veel" van skoolgaan gehou het nie. Die vraag kan  
gevra word of bogenoemde studente hierdie beroep en studie-  
rigting gekies het omdat hulle nog nie seker was van wat hulle  
wou doen nie en of die kursus of opleidingsinrigting meer toe-  
ganklik was as ander tersiêre opleidingsinrigtings. Verder het  
ook meer van die junior primêre - as senior primêre damestudente  
aangedui dat swak vakonderwysers een van die redes was vir swak  
prestasie in die matriekeksamen. Albei groepe het 'n effens laer  
telling as die gemiddelde by werkmetodes (2). Meer as 30% van al  
die damesonderwysstudente van elke studiegroep het in die  
biografiese vraelys aangedui dat studieprobleme 'n invloed gehad

studies (tabel 9, vraag 26). Volgens die biografiese vraelys (vraag 16 tot 19) het die senior primêre damestudente baie meer positief gereageer oor hul studievermoëns en -gewoontes as die junior primêre damestudente. Hierdie bevindinge word meer breedvoerig bespreek in 6,2.

## 6.2 RESULTATE VAN DIE BIOGRAFIESE VRAELYS

### VERGELYKING VAN RESULTATE VAN DIE BIOGRAFIESE VRAELYS VAN DIE JUNIOR PRIMÊRE DAMESTUDENTE EN DIE SENIOR PRIMÊRE DAMESTUDENTE

TABEL 1: VERBLYFPLEK VAN EERSTEJAARS (VRAAG 1)

| Verblyfplek               | J.P. | S.P. | J.P. % | S.P. % |
|---------------------------|------|------|--------|--------|
|                           | N    | N    | %      | %      |
| 1.1 ouerhuis              | 22   | 7    | 9,02   | 4,55   |
| 1.2 koshuis               | 216  | 145  | 88,52  | 94,15  |
| 1.3 loseer                | 2    | 0    | 0,82   | 0,00   |
| 1.4 eie woonstel/<br>huis | 3    | 1    | 1,23   | 0,65   |
| 1.5 ander                 | 1    | 1    | 0,41   | 0,65   |
| Totaal                    | 244  | 154  | 100,00 | 100,00 |

J.P. = Junior primêre damestudente

S.P. = Senior primêre damestudente

88,52% van die junior primêre - en 94,15% van die senior primêre damestudente woon in 'n koshuis, 9% van die junior primêre damestudente en 4,6% van die senior primêre damestudente in hul ouerhuis woon tydens opleiding. Die res van die dame-

studente loseer by mense of woon in 'n woonstel of eie woonhuis. Minstens 6% meer senior primêre damestudente het meer groepskontak en kan meer sosiale verhoudinge aanknoop, omdat hulle by meer groepsaktiwiteite betrokke is. Combrink (1970:54) is van mening dat inskakeling by die portuurgroep net tot voordeel van die studente is, want dit verskaf aan hulle "'n verwysingsraamwerk, sekuriteit, norme en die geleentheid tot roluitlewing en selfontplooiing". Dit bring gesonde persoonlikheidsfunksionering mee en het beter akademiese prestasie tot gevolg. Schlebusch en Goosen (soos aangehaal deur Louw, 1984:26) het in hul onderskeie studies geen verband gevind tussen studente se woonplek en akademiese prestasie nie.

TABEL 2: POSISIE IN KINDERRY (VRAAG 4)

| PLEK       | J.P. | S.P. | J.P. % | S.P. % |
|------------|------|------|--------|--------|
|            | N    | N    | %      | %      |
| 4.1 Eerste | 7    | 5    | 1,76   | 1,26   |
| 4.2 Tweede | 49   | 35   | 12,31  | 8,79   |
| 4.3 Derde  | 76   | 48   | 19,10  | 12,06  |
| 4.4 Vierde | 68   | 37   | 17,09  | 9,30   |
| 4.5 Vyfde  | 44   | 29   | 11,06  | 7,29   |
| Totaal     | 234  | 150  | 61,31  | 38,69  |

J.P. = Junior primêre damestudente

S.P. = Senior primêre damestudente

N = Aantal studente wat veranderlikes verteenwoordig

% = Persentasie volgens elke groep onderskeidelik

Uit die tabel blyk dit dat die grootste persentasie damestudente van albei groepe die oudste of tweede oudste kinders in

die gesin is. Dit is waarskynlik ook die eerste kinders uit die gesinne wat 'n universiteit of kollege besoek. Die grootste verskil tussen die groepe is by oudste kinders, junior primêre damestudente 37%, en senior primêre damestudente 33%, derde kind, junior primêre damestudente 16%, en senior primêre damestudente 20%, en vyfde of jongste kind, junior primêre damestudente 7%, en senior primêre damestudente 3%. Die junior primêre damestudente word die meeste by die oudste en die vyfde of jongste kind in die gesin aangetref en die senior primêre damestudente is die meeste by die tweede, derde en vierde kind in die gesin. Die gevolgtrekking kan hier gemaak word dat die meeste senior primêre damestudente van kleins af meer geleentheid gehad het tot sosialisering, die aanknoop van verhoudinge met maats en om in 'n groep te beweeg. Die vraag kan ook gevra word of hierdie toetslinge nie die senior primêre kursus gekies het, moontlik onbewustelik, as gevolg van hul spesifieke gesinsagtergrond nie.

Vervolgens sal gekyk word na akademiese kwalifikasies van ouers.

TABEL 3: HOOGSTE AKADEMIESE KWALIFIKASIES WAT VADER/MOEDER AAN SKOOL, KOLLEGE OF UNIVERSITEIT BEHAAL HET (VRAAG 8 & 9)

| KWALIFIKASIES      | VADER |       | MOEDER |       |
|--------------------|-------|-------|--------|-------|
|                    | J. P. | S. P. | J. P.  | S. P. |
| Standerd 6 of laer | 6     | 1     | 5      | 2     |
| Standerd 7 of 8    | 50    | 26    | 55     | 33    |
| Standerd 9 of 10   | 92    | 62    | 104    | 62    |
| Onderwysdiploma    | 15    | 6     | 36     | 20    |

|                              |     |     |     |     |
|------------------------------|-----|-----|-----|-----|
| Diploma aan tegniese kollege | 10  | 7   | 9   | 3   |
| Diploma aan ander kollege    | 13  | 10  | 12  | 13  |
| Diploma aan universiteit     | 8   | 2   | 4   | 2   |
| B-graad                      | 5   | 0   | 2   | 1   |
| B-graad plus onderwysdiploma | 4   | 5   | 3   | 1   |
| Honneursgraad                | 4   | 4   | 1   | 0   |
| M-graad                      | 1   | 1   | 1   | 0   |
| Doktorsgraad                 | 3   | 4   | 10  | 0   |
| Onseker                      | 32  | 20  | 10  | 15  |
| TOTAAL                       | 243 | 149 | 242 | 152 |

J.P. = Junior primêre damestudente

S.P. = Senior primêre damestudente

Uit tabel 6 wil dit voorkom asof meer as die helfte van die vaders van albei die groepe 'n onderwyskwalifikasie van standaard tien of laer besit (Junior primêre damestudente, 61% en senior primêre damestudente, 59,7%), terwyl slegs 7,0% van die vaders van die junior primêre en 9,48% van die senior primêre damestudente se vaders beskik oor akademiese kwalifikasies van 'n B-graad of hoër.

19% teenoor 16,7% van die vaders van die twee groepe onderskeidelik, beskik oor een of ander professionele diploma.

Dieselfde tendens word ook gekry by die moeders van die twee groepe, maar die kwalifikasies van die moeders is nog laer as dié van die vaders. Bykans 67,8% van die moeders van die junior primêre damestudente en 63,8% van die moeders van die senior primêre damestudente het 'n onderwyskwalifikasie van standaard tien of laer teenoor slegs 2,8% en 0,9% van

onderskeidelik die junior primêre en senior primêre damestudente wat oor akademiese kwalifikasies van 'n B-graad of hoër beskik. 30,3% en 35,1% van die moeders van die twee groepe onderskeidelik beskik oor een of ander professionele diploma.

'n Verdere bevinding is dat slegs 33,1% van die moeders en 26% van die vaders van die junior primêre damestudente, en 36,0% van die moeders en 26,2% van die vaders van die senior primêre damestudente enige vorm van tersiêre opleiding deurloop het.

Die biografiese vraelys maak voorsiening vir tien hoofberoepsgroepe en gee 'n verskeidenheid voorbeelde van beroepe onder elke beroepsgroep (Bylae B). Vervolgens sal gekyk word na die verspreiding van hierdie beroepsgroepe en hoe die twee groepe verskil en/of ooreenstem ten opsigte van hierdie beroepsgroepe.

TABEL 4: BEROEPE VAN VADERS VAN DIE JUNIOR PRIMÊRE EN SENIOR PRIMÊRE DAMESTUDENTE (VRAAG 10)

| BEROEPSGROEPE                               | J. P.   | S. P.   | J. P. % | S. P. % |
|---------------------------------------------|---------|---------|---------|---------|
| Professionele of semi-professionele werkers | N<br>39 | N<br>31 | 9,85    | 7,83    |
| Administratiewe werkers                     | 64      | 34      | 16,16   | 8,59    |
| Klerklike werkers                           | 19      | 16      | 4,80    | 4,04    |

|                                           |     |     |       |       |
|-------------------------------------------|-----|-----|-------|-------|
| Verkoopswerkers                           | 20  | 13  | 5,05  | 3,28  |
| Geskoolde ambagsman                       | 40  | 28  | 10,10 | 7,07  |
| Opgeleide buitewerker                     | 2   | 2   | 0,51  | 0,51  |
| Boere, tuiniers, bosbouers, vissers       | 37  | 19  | 9,34  | 4,80  |
| Persoonlike en huishoudelike dienswerkers | 2   | 0   | 0,51  | 0,00  |
| Operateurs en half-geskoolde werkers      | 17  | 9   | 4,29  | 2,27  |
| Ongeskoolde werkers                       | 3   | 0   | 0,76  | 0,00  |
| TOTAAL                                    | 243 | 153 | 61,36 | 38,64 |

J.P. = Junior primêre damestudente

S.P. = Senior primêre damestudente

Die meeste van die vaders van junior primêre - en senior primêre damestudente beklee beroepe in die volgende beroepsgroepe:

"Professionele of semi-professionele werkers": junior primêre damestudente 16% en senior primêre damestudente 20%,

"Administratiewe werkers": junior primêre damestudente 26,3% en senior primêre damestudente 22,2%,

"Geskoolde ambagsmanne : junior primêre damestudente 16,5% en senior primêre damestudente 18,3% en

"Boere, tuiniers, bosbouers, vissers": junior primêre damestudente 15,2% en senior primêre damestudente 12,4%.

Indien groepe 2 tot 6 saamgegroepeer word as 'opgeleide wer-

kers' en groepe 7 tot 10 as 'arbeiders', blyk dit uit tabel 4 dat 59,6% van die vaders van die junior primêre damestudente en 60,76% van die vaders van die senior primêre damestudente beroepe beklee wat onder die kategorie 'opgeleide werkers' val, terwyl 24,23% en 18,28% van die vaders van die junior primêre - en senior primêre damestudente onderskeidelik onder die kategorie 'arbeiders' val.

Combrink (1970:32) het in dié verband bevind dat daar 'n positiewe verband bestaan tussen sosio-ekonomiese stand en toets-intelligensie. Verskeie ander navorsers soos Schlebusch, Goosen en Jones (soos aangehaal deur Louw, 1984:25) het bevind dat die gesin se inkomstegroep en die beroep van die vader geen verband toon met akademiese prestasie nie, maar dat die ouers se begrip en belangstelling in die kind en in sy aktiwiteite wel 'n belangrike motiveringskomponent is vir prestasie.

Die vraag ontstaan nou wat die toetsling se houding is ten opsigte van skoolgaan, studiemetodes, verdere studie en sy ouers se houding ten opsigte van naskoolse opleiding of verdere studie.

Vervolgens sal gekyk word na die resultate van toetslinge ten opsigte van hul houding oor skoolgaan.

TABEL 5: HOUDING TEN OPSIGTE VAN SKOOLGAAN (VRAAG 14)

| HOUDING                    | J. P. | S. P. | TOTAAL |
|----------------------------|-------|-------|--------|
| Baie van skoolgaan gehou   | 105   | 66    | 171    |
| Van skoolgaan gehou        | 123   | 81    | 204    |
| Nie veel daarvan gehou nie | 15    | 5     | 20     |
| Niks van skool gehou nie   | 1     | 1     | 2      |
| TOTAAL                     | 244   | 153   | 397    |

J. P. = Junior primêre damestudente

S. P. = Senior primêre damestudente

Vraag 14 (Tabel 5) toon aan wat die studente se houding ten opsigte van skoolgaan was. Die grootste verskille is gekry by 14.2 waar 50,2% van die junior primêre en 52,94% van die senior primêre damestudente aangedui het dat hulle van skoolgaan gehou het en by 14.3 waar 6,12% van die junior primêre en 3,27% van die senior primêre damestudente aangetoon het dat hulle nie veel van skoolgaan gehou het nie. Wat motiveer 'n leerling om 'n beroep te kies of te volg in 'n beroepsrigting soos die onderwys as sy "nie veel" of "niks" van skoolgaan gehou het nie? Meer lig sal op hierdie probleem gewerp word wanneer gekyk word na die rede vir die keuse van hul beroep.

Dit is belangrik om te kyk na leiersposisies wat die toetslinge beklee het op hoërskool in die lig van verskeie leierskapsfunksies wat die voornemende onderwyseres eendag in haar beroep sal moet verrig. Daar word van die onderwyser verwag om binne en buite die skool die leiding te neem op verskeie gebiede,

veral omdat daar noodwendig baie kontak met die gemeenskap is deur middel van die aktiwiteite by die skool.

TABEL 6: LEIERSKAPSPOSISIËS BEKLEË OP HOËRSKOOL (VRAAG 15)

| POSISIE BEKLEË                  | JA   |      | NEE  |      | TOTAAL |     |
|---------------------------------|------|------|------|------|--------|-----|
|                                 | J.P. | S.P. | J.P. | S.P. | JA     | NEE |
| 1 Hoofprefek                    | 7    | 9    | 191  | 124  | 16     | 315 |
| 2 Skool- of koshuis-prefek      | 76   | 136  | 74   | 65   | 212    | 139 |
| 3 Bestuurslid van 'n vereniging | 83   | 126  | 61   | 80   | 209    | 141 |
| 4 Kadetoffisier                 | 8    | 189  | 4    | 197  | 197    | 201 |
| 5 Sangleier                     | 44   | 159  | 34   | 105  | 203    | 139 |
| 6 Kaptein van sport-span        | 70   | 130  | 76   | 69   | 200    | 145 |
| 7 Geen leiersposisie bekleë     | 185  | 59   | 119  | 35   | 244    | 154 |

J.P. = Junior primêre damestudente

S.P. = Senior primêre damestudente

Uit gegewens in tabel 6 vrae 15A tot 15F vergelyk die leiersposisies van die twee groepe persentasiegewys soos volg:

- Hoofprefek: junior primêr 3,2%, senior primêr 6,8%.
- Koshuisleier: junior primêr 35,85%, senior primêr 53,24%.
- Bestuurslid van vereniging: junior primêr 39,7%, senior primêr 43,3%.
- Kadetoffisier: junior primêr 4,1%, senior primêr 3,1%.
- Sangleier (dirigent): junior primêr 21,8%, senior primêr 24,6%.
- Kaptein van 'n sportspan: junior primêr 33,65%, senior primêr 52,41%.

Dit wil dus voorkom of die senior primêre damestudente gemiddeld 7,5% meer leiersposisies op hoërskool beklee het as die junior primêre damestudente. Volgens profiel 1 by die 16-PF wat as kontrole dien in hierdie studie, het Cattell 'n baie hoër telling aangedui by die veranderlike O, waaronder selfvertroue, geesdriftigheid, opgeruimdheid en veerkragtigheid voorkom. Daar sou dus verwag kan word dat die tellings van die twee groepe hoër moes wees, veral dié van die junior primêre groep wat laer is as dié van die senior primêre groep.

Uit die gegewens oor studievermoëns en -gewoontes soos gemeet deur die biografiese vraelys, het die volgende verskille na vore gekom in vrae 16 tot 23:

TABEL 7: STUDIEVERMOËNS EN -GEWOONTES SOOS GEMEET DEUR  
DIE BIOGRAFIESE VRAELYS

| VERMOËNS EN GEWOONTES                          | JA    |       | NEE   |       | TOTAAL |     |
|------------------------------------------------|-------|-------|-------|-------|--------|-----|
|                                                | J. P. | S. P. | J. P. | S. P. | JA     | NEE |
| Kan nie vinnig lees en verstaan nie (V16)      | 185   | 59    | 119   | 35    | 244    | 134 |
| Studeer nie volgens die regte metode nie (V17) | 118   | 86    | 127   | 67    | 204    | 194 |
| Konsentreer nie goed nie (V18)                 | 168   | 112   | 76    | 42    | 280    | 118 |

## STUDIEROOSTER (V19)

| Het volgens 'n vas-<br>gestelde studieroos-<br>ter gewerk | ALTYD   |    | MEESTAL |    |
|-----------------------------------------------------------|---------|----|---------|----|
|                                                           |         | 6  | 7       | 67 |
| Het soms of nooit<br>'n studierooster<br>gevolg nie       | SOMTYDS |    | NOOIT   |    |
|                                                           | 113     | 74 | 59      | 21 |

## STUDIEGEWOONTES (V20)

|                                 | J. P. | S. P. | TOTAAL |
|---------------------------------|-------|-------|--------|
| Gereeld werk hersien            | 74    | 44    | 118    |
| Slegs voor toetse en<br>eksamen | 170   | 110   | 280    |

## WERK WEERGEGEE SOOS IN BOEK (V21)

|  | JA    |       | NEE   |       | TOTAAL |     |
|--|-------|-------|-------|-------|--------|-----|
|  | J. P. | S. P. | J. P. | S. P. | JA     | NEE |
|  | 123   | 67    | 122   | 86    | 190    | 208 |

## VRAAG 22 MATHIEKSIMBOLE REFLEKTEER AKADEMIESE VERMOËNS

| MENING                         | J. P. | S. P. | TOTAAL |
|--------------------------------|-------|-------|--------|
| Dis 'n akkurate aanduiding     | 62    | 30    | 92     |
| Ek beskik oor beter vermoëns   | 183   | 122   | 305    |
| Ek beskik oor swakker vermoëns | 0     | 2     | 2      |

## VRAAG 23 REDES VIR SWAK PRESTASIE IN DIE MATHIEKEKSAMEN

| REDES                                                 | JA    |       | NEE   |       | TOTAAL |     |
|-------------------------------------------------------|-------|-------|-------|-------|--------|-----|
|                                                       | J. P. | S. P. | J. P. | S. P. | JA     | NEE |
| Moes harder studeer                                   | 137   | 99    | 57    | 26    | 236    | 83  |
| Nie die regte vrae gekry                              | 54    | 29    | 108   | 78    | 83     | 186 |
| Persoonlike probleme                                  | 29    | 17    | 128   | 90    | 46     | 218 |
| Eksamenrooster                                        | 13    | 11    | 138   | 97    | 24     | 235 |
| Swak vakonderwysers                                   | 16    | 10    | 141   | 98    | 26     | 239 |
| Verkeerde studiemetodes                               | 66    | 49    | 105   | 59    | 115    | 164 |
| Te veel tyd aan sport en<br>ander sosiale aktiwiteite | 18    | 28    | 137   | 84    | 46     | 221 |
| Te veel van skool verwissel                           | 1     | 2     | 152   | 103   | 3      | 255 |
| Eksamenvraestelle te moeilik                          | 27    | 14    | 131   | 83    | 24     | 236 |

V = Vraag

J.P. = Junior primêre damestudente

S.P. = Senior primêre damestudente

Uit die gegewens in tabel 7 vrae 16 tot 23 het die volgende verskille ten opsigte van studiegewoontes en -houdings na vore gekom:

- a) 75,5% en 77,3% junior primêre en senior primêre damestudente het onderskeidelik aangetoon dat hulle vinnig kan lees en maklik verstaan wat hulle lees.
- b) 48,2% en 55,8% junior primêre en senior primêre damestudente was onderskeidelik van mening dat hulle volgens die regte studiemetode studeer.
- c) 68,6% en 72,7% junior primêre en senior primêre damestudente het onderskeidelik aangetoon dat hulle maklik kon konsentreer in die klas en maksimum waarde kon put uit dit wat die onderwyser aangebied het.
- d) Wat die studierooster betref het 2,45% van die junior primêre en 4,55% van die senior primêre damestudente aangetoon dat hulle volgens 'n vasgestelde studierooster studeer het; 27,35% en 33,12% van onderskeidelik die junior primêre en senior primêre damestudente het 'meestal'; 46,12% en 48,05% het 'soms' en 24,0% en 13,64% het 'selde of ooit' volgens 'n vasgestelde studierooster gewerk.

- e) 30,2% van die junior primêre en 28,5 van die senior primêre damestudente het gereeld hulle werk hersien. 69,3% van die junior primêre damestudente en 71,4% van die senior primêre damestudente het slegs voor toetse en eksamens studeer.
- f) 50,2% en 43,79% van onderskeidelik die junior primêre en senior primêre groepe het aangedui dat hulle die werk net soos in die boek probeer leer en net so in toetse of eksamens weergegee het.
- g) Wat matriekresultate betref is 25,3% van die junior primêre damestudente van mening dat hulle matrieksimbole hul akademiese vermoëns reflekteer en dat dit 'n akkurate aanduiding daarvan is, teenoor die 19,48% van die senior primêre damestudente. 74,69% van die eersgenoemde groep is van mening dat hulle oor beter akademiese vermoëns beskik teenoor 79,22% van die senior primêre groep.
- h) 70,6% van die junior primêre damestudente is van mening dat hulle harder moes geleer het teenoor die 79,2% van die senior primêre damestudente. Ander redes word soos volg verstrekk:
- 1) Nie die vrae gekry wat ek die beste voorberei het nie: junior primêr 33,3%, senior primêr 27,1%.
  - 2) Deur persoonlike probleme verhinder: junior primêr 18%, senior primêr 15,7%.
  - 3) Eksamenrooster het my nie gepas nie: junior primêr 8,5%, senior primêr 10,2%.

- 4) Nie goeie vakonderwysers gehad nie: junior primêr 10,0%, senior primêr 9,3%.
- 5) Verkeerde studiemetodes: junior primêr 38,6, senior primêr 45,4%.
- 6) Te veel tyd aan sport en ander sosiale aktiwiteite spandeer: junior primêr 11,6%, senior primêr 25%.
- 7) Te veel van skool verwissel: junior primêr 0,65% en senior primêr 1,9%.
- 8) Nie die skoolwerk goed verstaan nie: junior primêr 9%, senior primêr 9,6%.
- 9) Eksamenvraestelle was te moeilik: junior primêr 17%, senior primêr 21,7%.

Hierdie resultate toon oor die algemeen 'n negatiewe beeld van die studente se skoolloopbaan wat betref studievermoëns en -metodes as ook van hul redes vir swak prestasie. 'n Student wat deur sy hele skoolloopbaan gewoond was aan 'n bepaalde manier van onderwys, word moeilik deur middel van die gebruiklike lesingmetode tot ander insigte gebring of oortuig van ander of alternatiewe metodes (Badenhorst, 1975:146). Indien daar nie spesifiek tydens opleiding daaraan aandag gegee word nie, word hierdie verkeerde houding en metode later in die praktyk oorgedra aan die leerlinge in haar klas.

Uit die literatuur blyk dit dat daar wel 'n verband is tussen goeie studiemetodes en akademiese prestasie. Combrink (1970:31) meen egter dat daar so baie invloede op bogenoemde veranderlike

kan inwerk, dat dit nie as konstante gegewens beskou kan word nie. Verskeie navorsers soos Brown en Holtzman en ook Mathews en Troepfer (soos aangehaal deur Louw, 1984:45) is van mening dat swak akademiese prestasie nie net toegeskryf kan word aan swak studiemetodes nie, maar dit kan ook die gevolg wees van verkeerde houding, ingesteldheid en die gebrek aan studiemotivering.

Voordat daar tot 'n gevolgtrekking gekom kan word met betrekking tot studievermoëns en -gewoontes, moet eers gelet word op die toetslinge se tyd bestee aan sport en stokperdjies.

TABEL 8: TYD AAN SPORT EN STOKPERDJIES BESTEE OP SKOOL (V. 24&25)

| Tyd                      | SPORT |      | STOKPERDJIES |      | TOTAAL |     |
|--------------------------|-------|------|--------------|------|--------|-----|
|                          | J.P.  | S.P. | J.P.         | S.P. | SP.    | ST. |
| Geeneen nie              | 27    | 14   | 39           | 26   | 41     | 65  |
| 2 uur of minder per week | 65    | 29   | 93           | 60   | 94     | 153 |
| 3 - 4 uur per week       | 64    | 43   | 77           | 37   | 107    | 110 |
| 5 - 6 uur per week       | 53    | 38   | 23           | 15   | 91     | 38  |
| 7 uur en meer per week   | 35    | 29   | 12           | 16   | 64     | 28  |

J.P. = Junior primêre damestudente

S.P. = Senior primêre damestudente

SP. = Sport

ST. = Stokperdjies

Die junior primêre damestudente het hier meestal aan sport deelgeneem wat 3 tot 4 uur per week of minder van hul tyd in beslag geneem het. Daar was ook diegene wat glad nie aan sport

deelgeneem het nie. Meer senior primêre damestudente (24,8% en 18,9%) as junior primêre damestudente (21,7% en 18,9%) het aan sport deelgeneem wat onderskeidelik 5 tot 6 of 7 uur per week in beslag geneem het. Wat stokperdjies betref het minder junior primêre dames by al die komponente, behalwe by 3-4 uur per week, aangedui watter tyd hulle daaraan bestee het, met ander woorde die laasgenoemde groep het gemiddeld minder tyd aan sport en aan stokperdjies bestee as die senior primêre damestudente. 'n Lyn kan nou deurgetrek word betreffende maatsverhoudinge, beweging in 'n groep, sosiale aanpasbaarheid en groepdeelname. Die senior primêre damestudente het hier weer eens meermale die geleentheid gehad tot groeppvorming, sosialisering, die bevordering van beter maatsverhoudinge en sosiale aanpasbaarheid.

Smit (soos aangehaal deur Louw, 1984:45) het bevind dat dit nie die aantal ure is wat aan studie gewy word wat belangrik is nie, maar wel die effektiewe gebruik van daardie studietyd.

TABEL 9: PROBLEME WAT 'N NADELIGE INVLOED GEHAD HET OP STUDIES (VRAAG 26)

| PROBLEEM                                  | J. P. | S. P. | TOTAAL |
|-------------------------------------------|-------|-------|--------|
| 1 Persoonlikheidsprobleme                 | 28    | 13    | 41     |
| 2 Huislike probleme                       | 13    | 9     | 22     |
| 3 Studieprobleme                          | 80    | 47    | 127    |
| 4 Gesondheidsprobleme                     | 6     | 5     | 11     |
| 5 Geen probleem wat studies beïnvloed nie | 117   | 80    | 197    |

J.P. = Junior primêre damestudente

S.P. = Senior primêre damestudente

Die twee groepe het persentasiegewys hul probleme soos volg aangedui (junior primêre damestudente word eerste aangedui):

- 1) Persoonlikheidsprobleme: 11,5% en 8,44%
- 2) Huislike probleme: 5,33% en 5,84%
- 3) Studieprobleme: 32,79% en 30,52%
- 4) Gesondheidsprobleme: 2,46% en 3,25%
- 5) Geen: 47,95% en 51,95%.

Die junior primêre damestudente toon dus 'n hoër mate van probleme aan wat hul studies beïnvloed het as die senior primêre damestudente. Opvallend is die feit dat die oorsake van onbevredigende resultate van die junior primêre groep hier en ook in 'n vorige tabel (tabel 7), meer by ander oorsake gesoek is as by die toetsling self.

In die volgende tabel word die twee groepe se probleme of vrae van persoonlike aard aangedui.

TABEL 10: PROBLEME OF VRAE VAN PERSOONLIKE AARD (VRAAG 27)

|                             | JA | NEE |
|-----------------------------|----|-----|
| Junior primêre damestudente | 33 | 209 |
| Senior primêre damestudente | 18 | 133 |
| TOTAAL                      | 51 | 342 |

TABEL 11: PERSOON MET WIE PROBLEME BESPREEK IS OP SKOOL (V. 28)

| PERSOON         | J.P. | S.P. | TOTAAL |
|-----------------|------|------|--------|
| Predikant       | 3    | 4    | 7      |
| Sielkundige     | 4    | 1    | 5      |
| Onderwyser/es   | 2    | 6    | 8      |
| Skoolhoof       | 0    | 1    | 1      |
| Skoolvoorligter | 2    | 1    | 3      |
| Jou ouers       | 93   | 63   | 156    |
| 'n Familielid   | 9    | 8    | 17     |
| 'n Vriend/in    | 95   | 45   | 140    |
| Geen probleme   | 25   | 18   | 43     |

J.P. = Junior primêre damestudente

S.P. = Senior primêre damestudente

V. = Vraag

Vrae 27 tot 28 (Tabel 10 & 11) toon die bevindinge aangaande hierdie onderwerp aan. Met die afneem van die vraelys het 13,58% van die junior primêre en 11,69% van die senior primêre damestudente aangedui dat hulle probleme van persoonlike aard het. 10,73% en 12,24% van die groepe het onderskeidelik aangetoon dat hulle geen persoonlike probleme op skool gehad het nie. Diegene wat probleme gehad het, dui soos volg aan met wie hulle die probleme bespreek het (junior primêre damestudente word eerste aangedui):

- 1) Predikant: 0,8% en 1,1%.
- 2) Sielkundige: 1,10% en 0,26%.
- 3) Onderwyser/es: 0,53% en 1,58%.
- 4) Skoolhoof: 0% en 0,26%.

- 5) Skoolvoorligter: 0,53% en 0,26%.
- 6) Jou ouers: 24,47% en 16,58%.
- 7) 'n Familielid: 2,37% en 2,11%.
- 8) 'n Vriend/in: 25,0% en 11,84%.

Slegs 2,16% van die junior primêre en 2,36% van die senior primêre damestudente het op hoërskoolvlak van amptelike personeel of instansies gebruik gemaak om hul probleme mee te bespreek of raad te vra. Die grootste verskil tussen die twee groepe is gekry by nommer 8 ('n vriend/in). Dit wil dus voorkom of die junior primêre damestudente meer vertrou het in 'n persoonlike verhouding met 'n vriend/in as in 'n groep of verhoudinge van formele aard.

Dit is opvallend dat die senior primêre damestudente 'n hoër telling het op 'huislike probleme' (tabel 9) wat weerspieël word in tabel 11 waar baie minder van laasgenoemde groep hul probleme met hul ouers bespreek as die lede van die junior primêre groep.

Vrae 29 en 30 van die biografiese vraelys het te doen met beroepskeuse en die rol wat skoolvoorligting daarin gespeel het. Die resultate sal vervolgens onderskeidelik weergegee word in Tabel 12 en Tabel 13.

TABEL 12: DIE MATE WAARTOE VOORLIGTING OP SKOOL BEROEPSKEUSE  
VERGEMAKLIK HET (VRAAG 29)

|                     | J. P. | S. P. | TOTAAL |
|---------------------|-------|-------|--------|
| Glad nie gehelp nie | 45    | 20    | 65     |
| Weinig gehelp       | 50    | 33    | 83     |
| Redelik gehelp      | 88    | 60    | 148    |
| Baie gehelp         | 60    | 40    | 100    |

J.P. = Junior primêre damestudente

S.P. = Senior primêre damestudente

TABEL 13: SEKERHEID OOR DIE REGTE STUDIERIGTING (VRAAG 30)

| SEKERHEID      | J. P. | S. P. | TOTAAL |
|----------------|-------|-------|--------|
| Baie onseker   | 11    | 6     | 17     |
| Ietwat onseker | 19    | 15    | 34     |
| Seker          | 64    | 49    | 113    |
| Baie seker     | 150   | 83    | 233    |

J.P. = Junior primêre damestudente

S.P. = Senior primêre damestudente

60,89% van die junior primêre - en 65,34% van die senior primêre damestudente het aangedui dat skoolvoorligting redelik tot baie gehelp het in hul beroepskeuse, terwyl die res aangedui het dat dit weinig of glad nie gehelp het nie. 77,81% van die junior primêre - en 86,28% van die senior primêre damestudente het aangetoon dat hulle seker tot baie seker is van hul studierigting. Roe (soos aangehaal deur Van Aswegen, 1970:128) beweer dat beroepskeuse afhang van bepaalde behoeftes. Dit gaan nie net om selfbehoud nie, maar om die bevrediging van behoeftes.

Dit hou verband met die resultate oor studente se houding oor skoolgaan, die feit dat sommige die beroep kies net om verder te kan studeer omdat beurse beskikbaar is of omdat hulle dink dat dit die maklikste studierigting is.

In aansluiting hierby word na die student se houding ten opsigte van geleerdheid, die rede vir die keuse van die studierigting en die ouer se houding ten opsigte van naschoolse opleiding gekyk.

TABEL 14: HOUDING TEN OPSIGTE VAN GELEERDHEID (VRAAG 31)

| HOUDING                     | J.P. | S.P. | TOTAAL |
|-----------------------------|------|------|--------|
| Kan meer geld verdien       | 2    | 2    | 4      |
| Geleerdheid gee status      | 0    | 0    | 0      |
| Vir vooruitgang in die lewe | 154  | 99   | 253    |
| Het vormende waarde         | 83   | 47   | 130    |
| Geeneen van bogenoemde      | 5    | 5    | 10     |

J.P. = Junior primêre damestudente

S.P. = Senior primêre damestudente

Vraag 31 (Tabel 14) toon die resultate van vrae oor die studente se houding ten opsigte van geleerdheid. 'n Klein verskil is gekry tussen die twee groepe wat sê dat geleerdheid status en meer geld beteken (junior primêr: 12,3%, senior primêr: 13,7%). 'n Klein verskil is ook gekry tussen junior primêre damestudente (63,11) en senior primêre damestudente (64,29) wat beweer dat geleerdheid nodig is vir vooruitgang in die lewe. 34,02% van die junior primêre en 30,5 van die senior primêre damestudente is van mening dat

geleerdheid vormende waarde het en 'n beter mens van jou maak.

TABEL 15: OUERS SE HOUDING TEN OPSIGTE VAN NA-SKOOOLSE OPLEIDING  
(VRAAG 32)

| HOUDING             | J.P. | S.P. | TOTAAL |
|---------------------|------|------|--------|
| Ja                  | 240  | 150  | 390    |
| Nee                 | 1    | 1    | 2      |
| Gee nie juis om nie | 1    | 2    | 3      |
| Nie van toepassing  | 2    | 0    | 2      |

J.P. = Junior primêre damestudente

S.P. = Senior primêre damestudente

98,36 van die ouers van die junior primêre damestudente en 98,04 van die ouers van die senior primêre damestudente is ten gunste daarvan dat die dames hulle na skool akademies beter kwalifiseer.

TABEL 16: REDE VIR KEUSE VAN BEROEP (VRAAG 33)

| REDE                                          | J.P. | S.P. | TOTAAL |
|-----------------------------------------------|------|------|--------|
| Aanbeveling van ouers                         | 7    | 5    | 12     |
| Aanbeveling van voorligtingonderwyser         | 4    | 3    | 7      |
| Eie keuse: pas aan by jou belangstelling      | 232  | 140  | 372    |
| Eie keuse: lyk na die maklikste studierigting | 0    | 2    | 2      |

J.P. = Junior primêre damestudente

S.P. = Senior primêre damestudente

Die grootste groep het aangetoon dat hulle self die beroep gekies het en dat die studierigting aanpas by hul belang-

stelling, naamlik junior primêre damestudente 95,08% en senior primêre damestudente 90,91%. 2,87% en 3,25% van die twee groepe het onderskeidelik aangedui dat dit op aanbeveling van hul ouers was, 1,64% en 1,95% het aangedui dat dit op aanbeveling van die skoolvoorligter was. Slegs 1,30% damestudente van die senior primêre groep het hierdie studierigting gekies omdat dit gelyk het na die maklikste studierigting. 0,41% van die junior primêre en 2,60% van die senior primêre damestudente het aangetoon dat dit op aanbeveling van iemand anders was dat hulle die studierigting gekies het. Volgens Isaacson (soos aangehaal deur Van Aswegen, 1970:122) word voorkeur aan beroepe gegee volgens die behoeftes wat hulle bevredig. Die verskille in menslike behoeftes word grootliks kultureel en ook sosio-ekonomies bepaal. Meer as die helfte van die vaders en meer as twee derdes van die moeders van albei groepe het onderwyskwalifikasies van standerd 10 en laer. Hierdie bevinding verklaar die feit dat 98% van albei groepe se ouers naskoolse opleiding aanmoedig en goedkeur. Nog 'n komponent wat korreleer met bogenoemde stelling is die feit dat meer as die helfte van die vaders van albei groepe geklassifiseer kan word as "opgeleide werkers". Sosio-ekonomiese omstandighede kon moontlik nie die hoofoorweging by die studente gewees het vir die keuse van beroep of naskoolse opleiding nie, maar dit kon by die ouers van die studente een van die redes gewees het waarom hulle verdere studie goedgekeur en aangemoedig het. Gedurende 1955 het die Nel-kommissie (soos aangehaal deur Louw, 1984:24)

bevind dat studente wie se ouers byvoorbeeld in die militêre diens of polisie is, beter vaar as studente wie se ouers 'n professionele beroep beoefen of klerklike werk verrig.

Wat die twee groepe as sodanig betref, is meer positiewe response ontvang van die senior primêre damestudente. 'n Hoër persentasie is deur laasgenoemde behaal ten opsigte van skoolbywoning, leiersposisies beklee en beter studievermoëns en -gewoontes. Hulle dui minder persoonlikheidsprobleme aan, dui aan, asook dat hulle nie probleme het wat hulle studies beïnvloed nie. Hulle is sekerder van hulle beroepskeuse en studierigting en het meer sport- en sosiale aktiwiteite as die junior primêre damestudente. 'n Hoë mate van beroepsbevrediging by die senior primêre damestudente is dus moontlik.

Daarteenoor sien die junior primêre groep meer die vormende waarde van verdere opleiding in as die senior primêre damestudente. Alhoewel minder junior primêre damestudente seker is oor die keuse van beroep, dui 5% meer junior primêre as senior primêre damestudente aan dat hulle die beroep gekies het, omdat dit pas by hul belangstelling. 'n Beroep wat slegs sentreer om die selfbehoud, verskaf min bevrediging en min behoeftes word daardeur bevredig (Roe, soos aangehaal deur Van Aswegen, 1970:122, 128). By die junior primêre damestudente gaan dit ook om die bevrediging van behoeftes alhoewel dit in 'n mate verskil van dié van die senior primêre damestudente.

## HOOFSTUK 7

## GEVOLGTREKKINGS

\*\*\*\*\*

## 7.1 INLEIDING

\*\*\*\*\*

In hierdie ondersoek is gekyk na 'n aantal probleemassekte rondom toetsing en Keuring van primêre onderwysstudente, asook die vergelyking van die junior primêre damesonderwysstudent met die senior primêre damesonderwysstudent met betrekking tot aanleg, belangstelling, persoonlikheid, persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge en studiegewoontes en -houdings.

Die klem is ook verder verskuif na die praktyk deur te kyk na die leerling met wie die voornemende onderwysstudent later in haar beroep gaan werk. Daar is onder andere kortliks gekyk na die kind in skoolverband, hoe hy aanpas in die klas en by die onderwyser/es, sy maats, sy werk en ontwikkeling op primêre skoolvlak. Die prentjie sou nie voltooi gewees het as daar nie na die onderwyser self, sy rol en werksaamhede asook na sy probleme gekyk is nie.

## 7.2 SAMEVATTING EN BEVINDINGE

\*\*\*\*\*

- a) Soos dit uit die literatuur blyk, word daar nie van objektiewe, wetenskaplike meetmiddels gebruik gemaak by die keuring van primêre skool onderwyser/esse nie. Sommige skrywers wil dit hê dat te min aanleg en belangstelling maar

twee van die gevolge kan wees van moontlike onwetenskaplike keuring. Dit is dus belangrik dat 'n ander metode as die huidige gevind moet word vir die vroeë uitkenning van die bevoegde, bekwame en effektiewe onderwyser, sodat die ondoeltreffende en nie-produktiewe onderwyser nie eens toegelaat word om tot die professie toe te tree nie. Daar sal ook vasgestel moet word hoe groot die invloed van bepaalde kwaliteite, soos byvoorbeeld persoonlikheidskenmerke, op onderwyssukses is.

b) Die onderwyser is die spil waarom die ondêrwys op alle vlakke draai, daarom is bevoegdheid en toewyding twee van die belangrikste kenmerke wat van die onderwyser 'n navolgenswaardige persoon maak. Die onderwyser is in dié posisie dat hy die leerling se hele lewe beheer deur sy optrede en persoonlikheid. Die onderwyser se rol brei ook uit na die ander strukture van die gemeenskap en hy kan as professionele persoon en as inwoner in sy omgewing die leiding neem in die ontwikkeling en verandering wat die gemeenskap verlang. Kontak met die ouer vergemaklik ook die taak van die onderwyser as opvoeder.

c) Kommunikasie word beskou as een van die hoofkomponente van suksesvolle ondêrwys. Goeie beplanning en organisasie, saam met kommunikasie, spel die suksesresep uit vir die onderwyser wat die maksimum resultate uit die leerlinge wil haal. Tog gaan dit nie net om die verkryging van akademiese sukses nie, maar ook om bevredigende menseverhou-

dinge, 'n warm, ontvanklike atmosfeer in die klaskamer en om 'n ondersteunende rol te kan vertolk.

- d) 'n Goeie onderwyser se taak is geestelik en liggaamlik uitputtend en eis gevolglik sy tol op die een of ander wyse. Die onderwyser se fisiese en psigiese behoeftes, die omgewing en die kultuur waarin hy lewe, kan hom daagliks aan druk blootstel. Sommige individue word min en ander weer meer ernstig deur hierdie druk beïnvloed. Al hoe meer onderwysers knak onder die toenemende druk. Nog baie navorsing oor die angs en spanning van die onderwyser is noodsaaklik om werklik tot die besef te kom tot hoe 'n mate hoë eise en druk die gesonde persoonlikheid van die onderwyser kan benadeel.
- e) Die skoolbeginner maak vir die eerste keer kennis met 'n formele skoolsituasie en het verskeie struikelblokke om te oorkom. Tydens die skoolgereedmakingsprogram is dit die taak van die onderwyseres om leiding te neem, verloop van sake te beheer en dit in 'n bepaalde rigting te stuur. Sy moet ook aandag gee aan die fisiese toestand van die leerling. Gesonde emosionele ontwikkeling is noodsaaklik vanaf die eerste skooljaar, dus is alle opvoedingshandelinge tydens die junior primêre fase van kardinale belang. Die junior primêre onderwyseres moet dus in staat wees om al hierdie handelinge suksesvol uit te voer. Daar sou dus verwag kon word dat die

junior primêre student 'n hoër telling moes behaal het by die PHSF by die veranderlikes eiewaarde en formele verhoudinge (vgl. p. 109).

- f) Die leerling in die oorgangsfase van die junior primêre fase na die senior primêre fase moet goed dopgehou word, daarom word van 'n stelsel van klasonderwys gebruik gemaak. Dit is nie 'n maklike aanpassing vir die leerlinge nie, want hoër standaarde word gestel. Die leerling in die senior primêre fase hou van sterk leiding, is minder afhanklik, dink meer konkreet en sy hele persoonlikheid verander tydens hierdie fase wat ook gepaard gaan met liggaamlike veranderinge. Hy vertoon ook 'n meer kritiese benadering teenoor ander, homself en gebeurtenisse om hom. Die onderwyser in die senior primêre fase het ook 'n ander tipe verhouding as dié in die junior primêre fase. Tog wil die leerling in die senior primêre fase op skool veilig en beskermd voel. Hy wil iemand hê wat na hom sal luister as hy 'n probleem het en wat aan hom persoonlike aandag en beskerming sal gee indien dit nodig mag wees. Wat die leerstof betref, speel memorisering van basiese feitekennis en inoefening van bepaalde vaardighede 'n belangrike rol en toetse en eksamens word afgeleë. Die senior primêre leerling het 'n saaklike, realistiese ingesteldheid teenoor sy werk, word aangedryf deur 'n geldingsdrang en wil 'n rede hê vir optrede. Hy wil sy mening oor sake lug en wil ook vertrou word. Tog is hierdie

leerlinge afhanklik van leiding en beheer.

- g) Uit die resultate van die senior aanlegtoets kan die afleiding gemaak word dat beide groepe damesonderwysstudente in staat is om hul studies suksesvol af te lê en dat hulle moontlik goeie onderwyseresse kan wees. Alhoewel geen psigologies betekenisvolle telling by hierdie toets voorgekom het nie, korreleer sommige van die tellings met die tellings van soortgelyke veranderlikes by van die ander psigometriese toetse in hierdie studie. Kommerwekkend is die feit dat die laagste tellings deur albei groepe behaal is by toets 2 (berekeninge). Hierdie is een van die komponente in die primêre skool wat in elke standerd van kardinale belang is. Voortspruitend uit genoemde leemte blyk dit sinvol te wees om voorsiening te maak vir die bepaling van basiese wiskundige vaardighede by die voornemende onderwysstudent. Geen merkbare verskille is gekry tussen die junior primêre damestudente en senior primêre damestudente nie.
- h) Geen psigologies betekenisvolle tellings is behaal by die 16-PF nie. Tog korreleer van die tellings met van die ander toetse soos die biografiese vraelys en die profiel van Cattell wat hy deur middel van navorsing daargestel het vir die primêre skool onderwyser. In vergelyking met die tellings wat deur die profiel van Cattell daargestel is, het albei die groepe 'n laer telling behaal by B (intelligensie), O (gevoel van voldoendheid) en F (sorgvryheid). Daar sou dus meer

selfvertroue, opgeruimdheid, veerkragtigheid, rustigheid, gediensdigheid, pligsgetrouheid, konsekwentheid en geneigdhed tot eenvoudige optrede verwag word, aangesien dit in die literatuur omskryf word as die eienskappe van 'n goeie onderwyser.

Aan die persoonlikheidskenmerke van 'n voornemende student word die meeste waarde geheg, maar dit is nie inligting wat deur middel van objektiewe meetmiddels of psigometriese toetse ingewin is nie. Die betroubaarheid daarvan kan dus nie onderskryf word nie.

Geen psigologies betekenisvolle waardes is by die veranderlikes in hierdie toets gekry nie. Dit is tog verblydend dat die hoogste tellings behaal is by eiewaarde en formele verhoudinge, veral by die senior primêre damestudente wat met meer formele onderrig besig sal wees.

Uit die resultate wil dit ook voorkom asof die junior primêre damestudente hefter gesinsbande het, maar aan die ander kant van mening is dat hulle tot 'n mate deur hul ouers ingeperk word. Aangesien baie hoë fisiese eise in die praktyk aan onderwysers gestel word, sou daar 'n hoër telling verwag word by dié veranderlike 'gesondheid' by albei groepe.

- i) Die senior primêre damestudente het oorwegend by al die veranderlikes van die 19-VBV hoër tellings behaal, alhoewel geen psigologies betekenisvolle tellings behaal is nie. Die

hoër telling van die senior primêre damestudente by die veranderlike 'sport' is belangrik vir die voornemende onderwyseres vir die latere afrigting op skool. 'n Hoër telling by openbare optrede (8) sou egter albei die groepe damestudente tot voordeel gestem het asook by Kreatiewe denke (11) vir veral die junior primêre damestudente.

- j) Die kleinste verskille is verkry by die OSGH en geen psigologies betekenisvolle telling is gekry nie. Tog korreleer die hoër tellings van die senior primêre groep by werksmetodes (2) en studiegewoontes met ooreenstemmende resultate van die biografiese vraelys (vraag 16 tot 23). Die hoër tellings van die junior primêre groep by die veranderlikes onderwys-goedkeuring (4), aanvaarding van die onderwys (5) en studiehouding (6) is in teenstelling met wat bevind is in die biografiese vraelys waar meer junior primêre as senior primêre damestudente 'n negatiewe houding toon oor skoolgaan en hul vakonderwysers op skool.
- k) Uit die resultate van die biografiese vraelys kan afgelei word dat die senior primêre damestudente meer sosiale verhoudinge aanknoop, meer tyd aan sport bestee en minder simptome van senuweeagtigheid toon as die junior primêre damestudente. Die junior primêre damestudente toon meer vertroue in 'n persoonlike verhouding as in 'n groep of verhoudinge van formele aard, het hefter gesinsbande en 'n beter vertrouensverhouding met hul ouers en het hierdie beroep

gekies oor die vormingswaarde wat dit het en omdat dit in hul belangstellingsveld val eerder as vir status.

Hoër tellings sou verwag kon word by veranderlikes soos 'gesondheid' by die PHSF, 'openbare optrede' en 'kreatiewe denke' by die 19-VBV, 'berekeninge' by die SAT en 'intelligensie', 'sorgvryheid' en 'gevoel van voldoendheid' by die 16-PF.

### 7.3 AANBEVELINGS ~~~~~

Na afloop van hierdie ondersoek kan die volgende aanbevelingskategorieë gemaak word:

- a) Na afloop van verdere navorsing behoort 'n toetsbattery saamgestel te word wat toetsing insluit vir die voorspelling van vakpersentasie tydens opleiding, voorspelling van kursusvolharding en praktiese onderwysprestasie waaronder belangstellings-, aanleg- en persoonlikheidstoetse ingesluit behoort te word.
- b) Inligting aangaande persoonlikheidskenmerke, aanleg en vermoë van 'n voornemende primêre onderwysstudent behoort deur middel van psigometriese toetse ingewin te word.
- c) Toetsing vind reeds aan verskeie universiteite plaas. Inskakeling daarby en 'n bepaalde metode van samewerking kan moontlik ook op die gebied van toetsing ontwikkel word om sodoende keuring en verdere navorsing te vergemaklik.

- d) Daar behoort voorsiening gemaak te word vir die bepaling van basiese wiskundige vaardighede by die voornemende onderwysstudent tydens Keuring.
- e) Aangesien sulke hoë fisiese eise in die praktyk aan die onderwyser gestel word, behoort onderwysstudente tydens opleiding deurgaans by fisiese aktiwiteite betrokke te wees.
- f) Daar behoort ook op 'n kontinue basis aandag geskenk te word aan die vaardigheid met openbare optrede tydens die opleiding van die voornemende onderwyser.
- g) Kreatiwiteit en Kreatiewe denke is nie net 'n bate vir die onderwyser nie, maar kan eerder gesien word as 'n vereiste vir die professionele praktisyn en moet dienooreenkomstig meer aandag geniet.
- h) Die beskikbaarheid van onderwysbeurse wat die toeganklikheid tot die tersiêre inrigtings vergemaklik, behoort nie 'n bepalende faktor te wees by die keuse van die onderwys as beroep nie.

Uit genoemde aanbevelings blyk dat dit wenslik sou wees dat daar in 'n moontlike opvolgstudie of in 'n soortgelyke studie spesifieke aandag gegee sal word aan die vasstelling van 'n empiries-geëvalueerde keuringsmodel vir wetenskaplike keuring van voornemende onderwysstudente vir primêre onderwys.

## 7.4 SLOTSOM

NNNNNNN

Op grond van die bevindinge in Hoofstuk 6 kan daar volstaan word met die gevolgtrekking dat daar nie psigologies betekenisvolle verskille tussen junior en senior primêre damesonderwysstudente was nie. Gevolglik kan daar gesê word dat daar nie 'n beduidende verskil tussen die twee groepe bestaan nie, as gevolg van die feit dat die onderwyskandidaat nie onderworpe was aan 'n keuringsmodel nie. Verder kan die minimale onderskeid tussen die junior - en senior primêre damesonderwysstudente ten opsigte van aanleg, belangstelling, verhoudinge, studiegewoontes en -houdings en persoonlikheid toegeskryf word aan die feit dat daar geen onderskeid gemaak word in die keuring van die studiegroepe onderskeidelik nie en dat die keuse van die studierigting berus by die voornemende student self. Daar word dus nie genoegsaam gedifferensieer tussen hierdie twee groepe nie.

Om die segswaarde van die bevindinge van die biografiese vraelys gestand te doen, behoort daar 'n opvolgstudie gedoen te word om die drie jaargroepe wat in hierdie ondersoek gebruik is, in hul professionele hoedanigheid te toets.

Die bevindinge sou dan baie sinvol vergelyk kon word met die bevindinge van hierdie studie. Uit so 'n studie kan meer psigologies betekenisvolle bevindinge te wagte wees.

Kortom: die onderwysstudent is nog nie onderwyser nie. Opvoeding is van kardinale belang, maar nie voldoende om te kompeteer met ervaring in die praktyk nie.

## BIBLIOGRAFIE

- AFRIKANER-ONDERWYSKONGRES, 1982. Referate en besluite: Onderwys vir die toekoms. Bloemfontein. Algemene Jeugkommissie, N.G. Kerk, (Sonder red.).
- AVENANT, P.J. 1980. Riglyne vir suksesvolle onderwys. Pretoria. Butterworth.
- BADENHORST, B.C. 1975. Die opleiding van onderwysers vir 'n ontwikkelende gemeenskap. (Verhandeling (M.Ed.)-UNISA).
- BARNARD, J.S., red. 1975. Sielkunde vir onderwysstudente. Kaapstad. HAUM.
- BLAIN, G.B. & MC ARTHUR, C.C. 1961. Emotional problems of the student. New York. Appleton Century-Crafts, Inc.
- BONDESID, M.J. 1982. Die onderwyskundige struktuur. (In: Afrikaner-onderwyskongres). Bloemfontein. Algemene jeugkommissie van die Ned. Gereformeerde Kerk.
- BOYDELL, D. 1978. The primary teacher in action. London. Open books.
- BRANDLING, R. 1979. A book of practical ideas for the primary school. Berkshire. Hollen Street Press Ltd.
- BURNS, R. 1978. The effective teacher in the South African context. (In: South African Journal of Education. Vol.7:2).
- BURNS, R. 1988. Coping with stress. Johannesburg. Maskew Miller Longman.
- CATTELL, R.B. 1950. An introduction to personality study. London. Hutchinson's University Library.

- CATTELL, R.B., EBER, H.W. & TATSUOKO, M.M. 1970. Handbook for the sixteen personality factor questionnaire (16PF). Illinois, USA. Institute for Personality and Ability Testing.
- CHANDLER, B.J. 1961. Education and the teacher. New York. Dod, Mead & Co.
- CLARK-STEWART, A. & KOCH, J. 1983. Children: development through adolescence. Canada. John Wiley & Sons, Inc.
- COETZEE, S.D.J. 1976. Die verhouding tussen die onderwyser en leerling in die spontane opvoedingsituasie in die skool, met spesiale verwysing na die godsdienstige. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - UNISA.)
- COHEN, L. 1977. Statistical power analysis for the behavioral sciences. New York. Academic Press.
- COHEN, L. & HOLLIDAY, M. 1979. Statistics for education and physical education. London. Harper & Row Publishers.
- DE JAGER, H.J. 1970. Menseverhoudings. Onderwysblad Nr. 832, Julie 1970.
- DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG, 1985. My loopbaan. Kwartaalblad oor beroepsinligting. Jaargang 36 Nr. 1. Februarie 1985.
- DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG. 1987. My loopbaan. Kwartaalblad oor loopbaaninligting. Jaargang 38 Nr. 3. Augustus 1987.
- DE WITT, J.T. 1979. Professionele oriëntering vir die onderwysberoep. Pretoria. Butterworth.
- DUMINY, P.A. 1980. General method for primary teaching. Cape Town. Blackshaws.

- EDMAN, M. 1968. A self-image of primary school teachers.  
Detroit. Wayne State University Press.
- EMLER, N. & Dhana, J. & Moscovici, S. 1987. Childrens beliefs about institutional roles : A cross-national study of representations of the teacher's role. (In : British Journal of Educational Psychology. Vol. 57, p. 26 - 37.
- EYSENCK, H.J. 1970. The structure of human personality.  
Northampton. John Dickens & Co. Ltd.
- FOGARTY, T.F. 1975. Coping with stress. Chicago. Claretian Publications.
- FONG, B.C. & RESNICK, M.R. 1986. The child. Development through adolescence. California. Mayfield Publishing Company.
- FOUCHÉ, F.A. & VERWEY, F.A. 1978. Handleiding vir die Senior Aanlegtoetse. Pretoria. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- GALTON, M & SIMON, B. 1980. Progress and performance in the primary classroom. London. Routledge & Kegan Paul.
- GEDDES, N. 1973. Primary school handbook. London. MacMillan Co.
- GIMENO, J.B. & IBANEZ, R.M. 1981. The education of primary and secondary school teachers. Paris. The Unesco Press.
- GOUWS, L.A. LOUW, D.A. MEYER, W.F. & PLUG, C. 1979. Psigologie woordeboek. Johannesburg. McGraw-Hill.
- GOUWS, W.J. 1961. Die vordering en aanpassing van eerstejaar Universiteitstudiante. Pretoria. Universiteit Pretoria.
- GREYLING, P.J. & JOUBERT, J.J. s.j. Vakdidaktiek van lesonderrig

in die junior primêre fase. Pretoria. De Jager-HAUM  
uitgewers.

GROBLER, L.C. 1980. Fundamentele oorewegings by die opleiding van  
onderwysers vir die primêre skool. (Proefskrif (D.Ed.) --  
UNISA.)

GROVÉ, M.C. & HAUPTFLEISCH, H.M.A.M. 1975. Perseptuele  
ontwikkeling, 'n handleiding. Pretoria. De Jager-HAUM.

GROVÉ, M.C. & HAUPTFLEISCH, H.M.A.M. 1982. Op die drumpel.  
Pretoria. De Jager-HAUM.

GUNTER, C.F.G. 1973. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde.  
Stellenbosch. Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars.

HABERMAN, M. 1974. Needed: New Guidelines for Teacher Candidate  
selection. The Journal of Teacher Education. Vol. 25  
Nr. 3. Summer 1974, p. 234 - 235.

HALL, C.S. & Lindzey, G. 1962. Theories of personality.  
London. John Wiley & Sons Inc.

HANDLEIDING VIR DIE NEGENTIENVELD-BELANGSTELLINGSVRAELYS, 1979.  
Pretoria. R.G.N.

HANDLEIDING VIR DIE PERSOONLIKE, HUISLIKE, SOSIALE EN FORMELE  
VERHOUDINGEVRAELYS. 1971. Pretoria. R.G.N.

HANDLEIDING VIR DIE SENIOR AANLEGTOETSE. 1978. Pretoria. R.G.N.

HAT  
kyk  
ODENDAL, F.F., red.

HEITZMAN, W.R. & STARPOLI, C. 1975. Teacher characteristics and  
successful teaching. Education (95), p. 298-300.

HENJUM, A. 1969. A study of the significance of student

teachers' personality characteristics. (In: Journal of Teacher Education, Vol. 20, p. 143.)

HENNEY, M. & MORTENSON, W.P. 1973. What makes a good elementary school teacher? The Journal of Teacher Education, Vol. 24, p. 312-315.

HERHOLDT, W.v.d.M. 1972. 'n Keuringsprogram vir argitekstudente. Pretoria. (Proefskrif (D.Phil.) - Universiteit van Pretoria.)

ISAACSON, L.E. 1966. Career Information in counseling and teaching. Boston. Mass. Allyn and Bacon, Inc.

KEMP, P.B. 1970. Die houding teenoor onderwys as beroep. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - UNISA.)

KRITZINGER, M.S.A. 1972. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Pretoria. Van Schaik.

KRUGER, R.A., TRÜMPPELMANN, M.H. & MEERKOTTER, D.A. 1981. Onderwyskunde en onderwysersopleiding. Pretoria. Sigma Press (Edms.) Bpk.

KURZWEIL, Z.E. 1966. Anxiety and education. New York. Thomas Yoseloff.

LANDMAN, W.A. 1978. Die toerusting wat die Christen onderwyser/es tydens sy/haar opleiding moet verwerf. Pretoria. Universiteitspublikasie, Universiteit van Pretoria.

LANDMAN, W.A., MENTZ, N.J., ROOS, S.G. & MÖLLER, T. 1982. Fundamentele pedagogiek en lesgee. Durban. Butterworth.

LEDER, G.C. 1986. Successful females: print media profiles and

their implications. Journal of Psychology. Volume 120  
Nr. 3, p. 239 - 248.

LE ROUX, A.G. 1963. Die gebruik van sielkundige tegnieke by die seleksie en gradering van kwakelingonderwysers. Pretoria. Universiteit van Suid-Afrika. (Ongepubliseerde proefskrif).

LE ROUX, A.G. 1976. (In Stoker, P.J. e.a. 1985. 'n Onderzoek na differensiële toelatingsvereistes tot tersiëre onderwysinrigtings). Verkorte weergawe van verslag. WS-31. Pretoria. R.G.N.

LE ROUX, M.G. van N. 1978. 'n Onderzoek na die faktore wat Transvaalse matriekseuns beïnvloed by die keuse van die onderwys as loopbaan. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Ed.) PU vir CHO.)

LINDGREN, H.C. 1969. The psychology of college success. New York. John Wiley & Sons.

LOUW, J. 1984. Persoonlikheid en akademiese prestasie - 'n psigometriese ondersoek. Potchefstroom. (Verhandeling PU vir CHO.)

LOSONCY, L.E. 1977. Turning people on. New Jersey. Prentice-Hall.

MCLEAN, A.A. 1974. Occupational stress. Springfield. Charles C. Thomas Publisher.

MILLER, M.S. 1977. What makes superteachers super? Instructor. October 1977: 120 - 122.

MOOLMAN, L.A. du Toit. 1981. 'n Kritiese evaluering van die toelatingskriteria vir onderwyskandidate.

- Pretoria. Universiteit van Suid-Afrika. (Ongepubliseerde proefskrif).
- MULDER, J.J. 1960. Die aandeel van die lewensopvatlike in die proses van opleiding van die opvoeder-onderwyser. Bylaag tot Koers. September 1960.
- MYERS, G.E. 1927. The problem of vocational guidance. New York. Macmillan Company.
- NEL, B.F. 1947. Die psigologie van die onderwys. Amsterdam. C.V. Swets en Zeitlinger Boekhandel en Uitgevers Maatschappij.
- ODENDAL, F.F., red. 1985. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor. 1378 p.
- ONDERWYSKOLLEGE PRETORIA, 1988. Silhoeët : Skakelblad van die Onderwyskollege Pretoria. Pretoria. Mei 1988.
- OOSTHUIZEN, S. 1983. Die terreine van sielkundige meting. Potchefstroom. Pro Rege.
- OSIPOW, S.H. 1983. Theories of career development. New York. Prentice Hall, Inc.
- PIENAAR, L. 1985. 'n Ondersoek na die doel, aard en inhoud van basiese onderwys in 'n onderwyskundige struktuur. Riglyne vir 'n onderwyspraktyk. Pretoria. (Ongepubliseerde proefskrif (D.Ed.) - Universiteit van Pretoria).
- RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981. Werwing en opleiding van onderwysers. Ondersoek na die onderwys. Pretoria. RGN.
- RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1985. Ondersoek na

differensiële toelatingsvereistes tot tersiëre onderwysinrigtings. (Verkorte weergawe van Verslag WS-31). Pretoria. RGN.

RICE, D. 1984. Adult-child interactions. Illinois USA. Charles C. Thomas Publishers.

ROE, A. 1952. The Psychology of occupations. New York. John Wiley & Sons.

ROUX, J. 1982. Keuring en klassifikasie van voornemende onderwysstudente. Pretoria. (Proefskrif (D.Phil.) - UP.)

SADLER, J.E. 1974. Concepts in primary education. London. George Allen & Unwin Ltd.

SANDERSON, H. 1954. Basic concepts in vocational guidance. New York. Mc Graw-Hill co.

SANDVEN, J. 1969. Do we select the right people for teacher training? Paedagogica Europaea, p. 113 - 136.

SANTROCK, J.W. 1986. Life-span development. Iowa. Wm. C. Brown Publishers.

SANTROCK, J.W. & YUSSEN, S.R. 1987. Child development. Iowa. Wm. C. Brown Publishers.

SMIT, F.P.Z. 1981. Opvoeding, indoktrinasie en die Christelik-Nasionale onderwysbeleid in Suid-Afrika. Johannesburg. (Verhandeling (M.Ed.) - RAU.)

SMITH, D.P.J. 1979. Taalgebruiksvaardigheid en Universiteitsprestasie. Johannesburg. Randse Afrikaanse Universiteit. (Ongepubliseerde proefskrif (D.Ed.) RAU).

SONNEKUS, M.C.H. 1975. Onderwys, les en kind. Stellenbosch. Universiteits-uitgewers.

- SONNEKUS, M.C.H. 1979. Die leerwêreld van die kind as beleweniswêreld. Stellenbosch. Universiteitsuitgewers.
- START, K.B. 1966. The relation of teaching ability to measures of personality. British Journal of Educational Psychology 36.
- STEYN, H.S. 1985: Steekproefneming, sensusse en statistiese inferensie. Potchefstroom. Universiteitespublikasie, PU vir CHO.
- STONE, H.J.S. 1988. Die uitdaging van onderwysstelselontwikkeling met die oog op breë aanvaarding deur die Suid-Afrikaanse samelewing. Pretoria. (Voordrag gelewer tydens die tweejaarlikse algemene vergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging, op 24 September 1988 te Pretoria).
- SUPER, D.E. 1957. The psychology of careers. New York. Harper & Brothers.
- SWANEPOEL, H.F. & VAN DER WATT, C.J. 1980. Eksperimentele sielkunde: statistiek en navorsingsmetodiek. Potchefstroom. Pro Rege.
- TARPEY, M.S. 1965. Personality factors in teacher selection. British Journal of Psychology 35, p. 140-149.
- TRANSVAAL. Onderwysregulasies. 27/1953. Volume 2.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1979. Die werwing, keuring en selektering van kandidate vir opleiding as onderwysers en die bevordering van diensdoende onderwysers. Deel II. Pretoria.

- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1981. Met die kind die toekoms in. Pretoria.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1985. Handleiding vir primêre onderwys. Pretoria. Junie 1985.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986. Verantwoordbare onderwys. Polsslag vir die toekoms. Pretoria.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987. Kriteria vir evaluering van Suid-Afrikaanse kwalifikasies vir indiensneming in die Onderwys. Pretoria.
- TRIMMER, E.J. 1970. Understanding anxiety in everyday life. London. George Allen and Unwin.
- TURNER, S. & HELMS, D.B. 1987. Lifespan development. Chicago. Holt, Rinehart and Winston.
- VAN ASWEGEN, I.G. 1970. Die verband tussen sekere persoonlikheidseienskappe van studentonderwysers en onderwys-sukses. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - UNISA.)
- VAN DEN BERG, J.H. 1973. Die veranderde en veranderende status en rol van die blanke onderwyser in Suid-Afrika. 'n Sosiologiese studie. Potchefstroom. (Verhandeling (MA) - PU vir CHO.)
- VAN DER MERWE, A.A. 1978. Onderwys: 'n beroep, 'n profesie of professionalisering? Suid-Afrikaanse tydskrif vir Pedagogiek. Vol. 12 Nr. 2. September 1978, p. 131-150.
- VAN DER MERWE, E.A. 1976. Die Laerskoolonderwyser. 'n Vergelykende sielkundige-empiriese studie. Pretoria. Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde proefskrif).

- VAN DER MERWE, N.J. 1978. Die identifisering van objektiewe meetmiddels vir die keuring van blanke aspirant onderwysers in die R.S.A. Pretoria. Universiteit van Suid-Afrika. (Ongepubliseerde proefskrif).
- VAN DER MERWE, P.J. 1981. Doelstellings vir onderwysopleiding. Johannesburg. Randse Afrikaanse Universiteit. (Ongepubliseerde proefskrif (D.Ed.) RAU).
- VAN DER STOEF, F. & LOUW, W.J. 1979. Inleiding tot die didaktiese pedagogiek. Pretoria. Academica.
- VAN DER WALT, J.L. 1982. Christelik-Nasionale onderwys in 'n breër raamwerk. (In: Onderwys vir die toekoms. Afrikaner Onderwyskongres, Bloemfontein 1982.) Bloemfontein. Algemene Jeugkommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk.
- VAN DER WATT, C.J. 1982. Die benutting van Profielontleding, diskriminontleding in 'n voorligtingsprogram. Potchefstroom. PU vir CHO. (Ongepubliseerde proefskrif).
- VAN LOGGERENBERG, N.T. 1980. Die problematiek rondom primêre onderwys met verwysing na die opleiding van primêre onderwysers. (In: Die Vrystaatse Onderwyser, 70(12)).
- VAN LOGGERENBERG, N.T. 1981. Onderwyser wees is....Pretoria. De Jager-HAUM Uitgewers.
- VAN MEERTEN, A., VAN DAELE, H. & SCHELLEKENS, A.M.H.C., 1974. Onderwijskundig woordenboek. Rotterdam. Nijgh & Van Ditmar.

- VAN RENSBURG, W.L. 1979. 'n Prinsipiële beskouing van die  
lerende kind in die primêre skool. (In: Die lerende  
primêre skoolkind.) Johannesburg. Publikasiereeks van  
die Goudstadse Onderwyskollege.
- VAN ZYL, P. 1977. Opvoedkunde Deel III. Johannesburg. De Jong  
. Boekhandel.
- VERWEY, E.T. 1978. Manlike en vroulike onderwysstudente :  
'n vergelykende psigologiese studie. Potchefstroom.  
FU vir CHO.
- ZAIMAN, L. 1977. Beroepsbelangstelling en beroepskeuse met  
spesiale verwysing na 'n groep onderwysstudente.  
Potchefstroom. FU vir CHO.

- ADAMS, J.D. 1980. Understanding and managing stress: a book readings. San Diego. University Associates.
- CALABRESE, R.L. The principal: an agent for reducing teacher stress. (In: NASSP Bulletin. 1987: 66 - 70)
- DIRKEN, J.M. 1967. Arbeid en stres: het vaststellen van aanpassingsproblemen in werksituasies. Groningen. J.B. Walters.
- HUMPHREY, J.H. & HUMPREY, J.N. 1985. Controlling stress in children. Springfield. Charles C. Thomas.
- PRETORIUS, G.D., FREY, J.M. & ROSENBLATT, D. s.j. Didaktiese Opvoedkunde vir onderwysstudente. Deel II. Potchefstroom. Wesvalia Boekhandel.
- POPENOE, D. 1980. Sociology. 4th Edition. New Jersey. Prentice-Hall, Inc.
- ROOS, W.L. 1970. Persoonlikheidstrekke en Psigosomatiese reaksies gedurende 'n situasie van druk. (Proefskrif (D.Phil.) - Universiteit van Stellenbosch.)
- THERON, P.F. 1982. Die onderwys van die Afrikanderkind in die lig van volkeverhoudinge in Suid-Afrika. (In: Onderwys vir die toekoms. Afrikaner-Onderwyskongres - 1982; p. 166 - 184). Bloemfontein. Alg. Jeugkommissie van die N.G.-Kerk.
- VAN ELFEN, J. 1973. Kindersorg. Kaapstad. Tafelberg-Uitgewers.



TOD 53(A)  
Esmar /5/85

TRANSCVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

# KEURING VAN KANDIDATE VIR OPLEIDING AS ONDERWYSERS

VERTROULIK

NAAM VAN APPLIKANT .....

NAAM VAN SKOOL ..... Tel nr: .....

Woonadres ..... Tel nr: .....

Kursus wat applikant wil volg volgens TOD 117U of TOD 117K: .....

Jaar waarin applikant toelating tot kursus verlang: 19.....

Universiteit/Onderwyskollege waartoe applikant toelating verlang: .....

Eerste Keuse: .....

Tweede Keuse: .....

DEEL 1

VERSLAG VAN DIE HOOF OOR DIE APPLIKANT

Hierdie gedeelte word voltooi voor die finale keuring deur die hoof van die skool na raadpleging met sy personeel en, indien nodig, met die ouers of voog van die betrokke applikant.

Aangesien daar by toelating 'n streng seleksie uit 'n groot getal kandidate gemaak moet word, is dit belangrik dat hierdie vorm met groot omsigtigheid en so objektief moontlik voltooi word.

Die globale simbool wat aan die applikant toegeken word, behoort hoog te korreleer met die profiel van die persoonsbeeld en die intellektuele prestasies.

1. Tydperk wat die applikant in hierdie skool was: 19..... tot 19.....
2. Geboortedatum .....
3. Geslag .....
4. Huistaal .....
5. Verstandvermoë: Nie-verbale I K .....
- Verbale I K ..... Totale I K .....
6. Voldoen die kandidaat se vakversameling aan universiteitstoelating? .....

7. Skoolrekord: Vermeld die SIMBOOL wat die applikant in elke vak aan die einde van st 8 en st 9 behaal het en die \*verwagte/behaalde SIMBOOL in die st 10-eksamen.

| VAKKE           | Dui aan Hoër of Standaardgraad | St 8 | St 9 | St 10 |
|-----------------|--------------------------------|------|------|-------|
| Afrikaans ..... |                                |      |      |       |
| Engels .....    |                                |      |      |       |
| .....           |                                |      |      |       |
| .....           |                                |      |      |       |
| .....           |                                |      |      |       |
| .....           |                                |      |      |       |
| .....           |                                |      |      |       |
| .....           |                                |      |      |       |
| Gemiddelde %    |                                |      |      |       |

8. T.o.v. watter mate beskik die kandidaat oor:
- (a) Bekwaamheid vir hoër akademiese studie: Goed/Gemd/Swak
  - (b) 'n Positiewe gerigtheid t.o.v. studie: Goed/Gemd/Swak

9. Vermeld hier deelname, aanleg en prestasie in die volgende:

Ballet .....

Debat .....

Drama .....

Handwerk .....

Jeugbewegings .....

Kuns .....

Letterkunde .....

Musiek .....

Ander (spesifiseer) .....

10. Vermeld hier enige deelname aan, aanleg in en prestasie op die gebied van sport .....

.....

.....

\*Skrap wat nie van toepassing is nie.

11. Vermeld hier enige leerlingamp beklee (byvoorbeeld profek) .....
- .....
- .....
12. Is daar enige spraakbelemmering? .....
13. Maak gebruik van die vyfpuntskaal hieronder en dui die applikant se peil in elkeen van die hoedanighede aan deur middel van 'n kruisie in die toepaslike kolom. Verbind die kruisies om die profiel aan te toon:

A Buitengewoon goed

C+ Bevredigend

B+ Baie goed

C Swak (nie aanvaarbaar nie)

B Goed

| PERSOONSBEELD                                                                                                                                                  | SIMBOLE |    |   |    |   |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------|----|---|----|---|
|                                                                                                                                                                | A       | B+ | B | C+ | C |
| (a) Algemene voorkoms — aantreklikheid; netheid; aangenaamdheid                                                                                                |         |    |   |    |   |
| (b) Geaardheid — indruk op ander; opgewektheid; vriendelikheid; hofflikheid; gemanierdheid; wakkerheid                                                         |         |    |   |    |   |
| (c) Gedrag — gedragspell; integriteit; verantwoordelikhedsin; pligsbesef; samewerking; aanvaarding van gesag en tug                                            |         |    |   |    |   |
| (d) Doelgerigheid — ywer; pligsgetrouheid; geestelike energie; liggaamlike energie; volharding; gesindheid teenoor skoolwerk                                   |         |    |   |    |   |
| (e) Uitdrukkingsvermoë (eerste taal) — taalbeheer; taalgebruik; vlotheid; uitspraak; stemgebruik; vermoë om gedagtes oor te dra                                |         |    |   |    |   |
| (f) Kennis en gebruik van tweede taal — buitengewoon goed; baie goed; goed; bevredigend; swak                                                                  |         |    |   |    |   |
| (g) Bydrae tot die skoollewe — deelname aan skoolaktiwiteite en -verenigings: toneel, debat, musiek, sport en dies meer; leierskap                             |         |    |   |    |   |
| (h) Sosialisering en medemenslikheid — deelname aan sosiale bedrywighede; deelname aan klasbesprekings; gemaklike omgang met ander; vriendskapsbande met ander |         |    |   |    |   |
| (i) Godsdienssin en sedelike norme — sterk positief; positief; normaal; effens swak; negatief                                                                  |         |    |   |    |   |

14. Skool se algemene evaluering (globale simbool) ten opsigte van dié applikant se geskiktheid vir die onderwys.

[Empty rectangular box for school evaluation]

15. Kan u die applikant aanbeveel vir die opleidingskursus wat hy/sy wil volg? .....

Indien u die applikant nie aanbeveel nie, verstrek asseblief redes: .....

.....  
.....  
.....  
.....

16 LET WEL: Applikante moet daarop gewys word dat, indien die rektor van 'n onderwyskollege of 'n dekaan van 'n universiteit dit verwag, hulle tydens opleiding te eniger tyd klasse sal moet bywoon en/of eksamen/toetse moet skryf. Applikante moet ook daarop gewys word dat, volgens die bepalinge van Artikel 84(c) van die Onderwysordonnansie 1953, iedere onderwyser wanneer deur die hoof van die provinsiale onderwysinrigting waaraan sodanige onderwyser verbonde is, daartoe versoek, sodanige aandeel moet neem in die organisasie en hou van toesig oor die biblioteek, sport, uitstappies, kadetkorpse en ander buitemuurse bedrywighede van sodanige provinsiale onderwysinrigting, as wat sodanige hoof van sodanige onderwyser mag verlang.

Samevattende opmerkings/aanbevelings van skoolhoof: .....

.....  
.....  
.....  
.....

Datum

Handtekening van Hoof

## DEEL II

## KEURKOMITEEVERSLAG

Verslag word op onderhoud gebaseer

Prosedure by voltooiing van hierdie gedeelte van die verslag is soos volg:

- (a) Gedurende 'n onderhoud met die applikant voltooi elke komiteelid die skaal op 'n afsonderlike metingsvorm, gebaseer op sy/haar eie oordeel.
- (b) Na afloop van die onderhoud word die bevindings van die lede van die keurkomitee bespreek en gekonsolideer en die finale bevinding word deur die voorsitter op die oorspronklike vorm aangebring.
- (c) Die afsonderlike metingsvorms word dan vernietig.

| PERSOONSBEELD                                                                                                                                | A | B + | B | C + | C |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---|-----|---|-----|---|
| (a) Algemene voorkoms – aantreklikheid; netheid; aangenaamheid                                                                               |   |     |   |     |   |
| (b) Belangstellings – belesenheid; algemene kennis                                                                                           |   |     |   |     |   |
| * (c) Oortuigtheid van beroepskeuse – idealisme; gesindheid teenoor die onderwys; roepingsin                                                 |   |     |   |     |   |
| (d) Uitdrukkingsvermoë (eerste taal) – taalbeheer; taalgebruik; vlotheid; uitspraak; artikulasie; stemgebruik; vermoë om gedagtes oor te dra |   |     |   |     |   |
| (e) Bekwaamheid om tweede taal te praat                                                                                                      |   |     |   |     |   |
| (f) Volwassenheid – mate van volwassenheid bereik                                                                                            |   |     |   |     |   |
| (g) Persoonlikheid – indruk op persone wat die onderhoud voer; selfvertroue; kommunikasievermoë                                              |   |     |   |     |   |

**DEEL III**  
**GRADERING DEUR KEURKOMITEE**

Dui met 'n kruisie aan:

|    |                              |  |
|----|------------------------------|--|
| A  | : buitengewoon goed          |  |
| B+ | : baie goed                  |  |
| B  | : goed                       |  |
| C+ | : bevredigend                |  |
| C  | : swak (nie aanvaarbaar nie) |  |

Samevattende opmerkings/aanbevelings van voorsitter: .....

.....

.....

.....

Datum .....

.....  
HANDTEKENING VAN VOORSITTER

**LET WEL:**

1. Applikante moet daarop gewys word dat, indien 'n skoolhoof van 'n onderwyser sou verwag om gedurende naweke diens te doen, sodanige onderwyser, volgens Artikel 84(c) van die Onderwysordonnansie 1953, daartoe verplig sal wees. Onderwysers moet gewillig wees om by die volle skoolprogram in die skakel.
2. Kandidate wat nie minstens 'n C+ in hierdie opvoedkundige keuring behaal het nie, moet deur hoofde ingelig word dat hulle nie vir opleiding oorweeg kan word nie. Die aansoek- en keuringsvorms van hierdie kandidate moet nie ingestuur word nie.
3. Hoofde moet kandidate wat gekeur is daarop wys dat keuring nie noodwendig toelating tot die opleidingskursus verseker nie.

ONDERWYSKOLLEGE POTCHEFSTROOMSTUDENTEVOORLICHTINGSDIENSBIOGRAFIESE VRAELYSINSTRUKSIES

Jy moet elke vraag beantwoord. Merk slegs een item per vraag, behalwe waar jy gevra word om meer items aan te dui.

Let daarop dat die nommers van die vrae nie ooreenstem met die nommers op die antwoordblad nie. Die posisie op die antwoordblad waar u die betrokke vraag beantwoord, word telkens in die tweede kolom aan die linkerkant van die vraelys teenoor die moontlike antwoorde aangedui.

- \* Foutiewe antwoorde moet netjies uitgegee word.
- \* Moet nie die antwoordblad vou of skeur nie.
- \* Moet nie huiwer om te vra as iets vir u onduidelik is nie.
- \* Gebruik slegs die potlood wat aan u verskaf word.
- \* Merk u antwoorde duidelik deur die hele spasie in te kleur.

**N.B.** Jou antwoorde op vrae word streng vertroulik behandel, en daarom word jy gevra om na die beste van jou wete elke vraag eerlik te beantwoord.

| VRAAG | POSISIE OP<br>ANTWOORD-<br>BLAD | VRAAG EN MOONTLIKE ANTWOORD |                                                                |
|-------|---------------------------------|-----------------------------|----------------------------------------------------------------|
|       |                                 | a                           | b                                                              |
| 1     |                                 | 1                           | Waar woon jy tans?                                             |
|       |                                 | 1                           | A In jou ouerhuis                                              |
